

17 September 2019 - Lesing 1 - Die Vroulikheid IN die Godheid/Elohim

Mattheus_11:25 IN daardie tyd het JaHWèshua gespreek en gesê: Ek loof U, VADER, JaHWeH van die Hemele en die Aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en geleerdes en dit aan **kindertjies** geopenbaar het.

Mat_18:3 en Hy sê: Voorwaar Ek sê vir julle, **as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die Koninkryk van die Hemele ingaan nie!**

Mat_19:13 TOE bring hulle kindertjies na Hom, dat Hy hulle die hande sou oplê en bid; en die studente het hulle bestraf.

Mat_19:14 Maar JaHWèshua sê: **Laat die kindertjies staan en verhinder** hulle nie om na My te kom nie; **want aan sulkes behoort die Koninkryk van die Hemele.**

Wat kan n kind tog nou verstaan van die Koninkryk?

1Petrus_2:2 en verlang sterk soos **pasgebore kindertjies** na die **onvervalste Melk van die Woord**, dat julle deur haar kan opgroeï,

Hoe kan n MAN nou melk gee, of soog as hy nie borste met melk het nie?

Mat 13:33 'n Ander gelykenis het Hy hulle vertel: Die **Koninkryk van die Hemele** is soos suurdeeg **wat 'n Vrou neem** en in drie mate meel inwerk totdat sy heeltemal ingesuur is.

As God/Elohim net manlik was, waar kom hierdie vrou nou in?

Gen 1:26 En Elohim het gesê: Laat **ONS** adamiete maak na **ONS** beeld, na **ONS** gelykenis,

Deuteronomium 6:4 HOOR, JisraEl, JaHWeH onse Elohey, JaHWeH [is] EEN.

en **laat hulle heers** oor die visse van die see en die voëls van die Hemele en oor die vee en oor die hele Aarde en oor al die diere wat op die Aarde kruip.

Gen 1:27 En Elohim het die **adamiet (SLEGS EEN!)** geskape **na SY beeld**; na die beeld van Elohim het HY **hom** geskape; **man en vrou** het HY **hulle** geskape. [Maleagi 2:15]

Gen 1:28 En Elohim het hulle geseën, en Elohim het gesê: **Wees vrugbaar en vermeerder** en vul die Aarde, onderwerp haar en heers oor die visse van die see en die voëls van die Hemele en oor alle lewende wesens wat op die Aarde beweeg. [Wysheid van Salomo 10:2]

Gen 2:20 So het die Adam dan name gegee aan al die vee en aan die voëls van die Hemele en aan al die wilde diere van die veld, **maar vir die Adam het hy geen hulp gevind wat by hom pas nie.**

Gen 2:21 Toe het JaHWeH Elohim 'n diepe slaap op die adamiet laat val; en terwyl hy slaap, het Hy een van sy sykante geneem en die plek met vlees toegemaak. [Openbaring van Henog 11:49, Boekrol van die Opregte 1:4, JeHôWganan 19:34]

Gen 2:22 **En JaHWeH Elohim bou die sykant wat Hy van die adamiet geneem het, tot 'n vrou en bring haar na die adamiet.**

Gen 2:23 Toe sê die Adam: Dit is nou eindelijk **been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal vrou genoem word, want sy is uit die man geneem.**

18 September 2019 - Lesing 2 - Die Vroulikheid IN die Godheid/Elohim

Gen 2:20 So het die Adam dan name gegee aan al die vee en aan die voëls van die Hemele en aan al die wilde diere van die veld, **maar vir die Adam het hy geen hulp gevind wat by hom pas nie.**

Gen 2:21 Toe het JaHWeH Elohim 'n diepe slaap op die adamiet laat val; en terwyl hy slaap, het Hy een van sy sykante geneem en die plek met vlees toegemaak. [Openbaring van Henog 11:49, Boekrol van die Opregte 1:4, JeHôWganan 19:34]

Gen 2:22 **En JaHWeH Elohim bou die sykant wat Hy van die adamiet geneem het, tot 'n vrou en bring haar na die adamiet.**

Gen 2:23 Toe sê die Adam: Dit is nou eindelijk **been van my gebeente en vlees van my vlees. Sy sal vrou genoem word, want sy is uit die man geneem.**

Spreuke 1:8 My seun, luister na die tug van jou **Vader**, en verwerp die **Wet van jou Moeder** nie; [Wysheid van Sirah 15:2; 2 Ezra 2:5]

1:9 want sy is 'n lieflike Krans vir jou hoof en sierlike kettings vir jou hals.

1:10 My seun, as die wetsoortreders jou wil verlei, moet jy nie inwillig nie;

1:20 **DIE Wysheid roep hardop daarbuite, Sy verhef haar stem op die pleine,**

1:21 op die hoek van die rumoerige strate roep Sy, by die ingange van die Poorte, in die Stad, **spreek Sy Haar woorde:**

1:22 Hoe lank sal julle, eenvoudiges, die eenvoudigheid liefhê en die spotters lus hê om te spot en die dwase Kennis haat?

1:23 Wend julle tot My Teregwyding, **dan laat ek My Gees vir julle uitstroom**, wil Ek My woorde aan julle bekend maak.

1:24 Omdat Ek geroep en julle geweier het, Ek My Hand uitgestrek en niemand geluister het nie,

1:25 en julle al My Raad nie opgevolg en van My Teregwyding nie wou geweet het nie,

1:26 daarom sal Ek ook lag by julle ondergang, Ek sal spot as julle verskrikking kom;

1:27 as julle verskrikking kom soos 'n onweer, en julle ondergang soos 'n stormwind aankom, as benoudheid en angs julle oorval.

1:28 **Dan sal hulle na My roep, maar Ek sal nie antwoord nie; hulle sal My soek, maar My nie vind nie.**

1:29 Omdat hulle die **Kennis gehaat** en die Vrees

van JaHWeH nie verkies het nie,

1:30 van My Raad nie wou weet nie, My Teregwyding verag het,

1:31 daarom sal hulle eet van die vrug van hulle wandel en versadig word van hulle planne.

1:32 Want hulle eie afkerigheid maak die eenvoudiges dood, en hulle eie sorgeloosheid rig die dwase te gronde;

1:33 **maar die wat na My luister, sal veilig woon en gerus wees teen die vrese van besoedeling.**

3:13 Verbly is die adamiet wat **Wysheid gevind het**, en die adamiet wat Verstand verkry;

3:14 want **Haar wins** is beter as dié van silwer, en **Haar produkte** suiwerder as goud;

3:15 Sy is kosteliker as robyne, en al jou kleinode kan nie met Haar mee vergelyk word nie.

3:16 In Haar regterhand is lengte van dae, in Haar linkerhand rykdom en Eer;

3:17 **Haar Weë** is lieflike Weë, en al **Haar Paaie is Vrede.**

3:18 **Sy is die Lewensboom vir die wat Haar aangryp**, en elkeen wat Haar vashou, sal reguit gaan. [Wysheid van Sirah 24:13; Génesis 3:22]

3:19 JaHWeH het **deur Wysheid die Aarde gegrond**, deur Verstand die Hemele vasgestel; [Wysheid van Salomo 9:9]

3:20 deur Sy Kennis het die Afgrond oopgebreek en het die wolke Dou gedrup.

3:21 My seun, laat Hulle nie uit jou oë wyk nie, **bewaar Wysheid en oorleg.**

3:22 **dan sal Sy die lewe wees vir jou siel** en 'n versiersel vir jou hals;

19 September 2019 - Lesing 3 - Die Vroulikheid IN die Godheid/Elohim

Uit die Boekrol van Spreuke

Spreuke 4:1 HOOR, julle seuns, na die Tug van die Vader, en luister om Insig te leer ken;

4:2 want Ek gee aan julle lering van Suiwerheid, verlaat nie **My Wet** nie.

4:3 Want toe Ek 'n Seun was by My **Vader**, teer en 'n enigste voor My **Moeder**,

4:4 het HY My geleer en vir My gesê: Laat U hart MY Woorde vashou; onderhou **MY Gebooie**, dan sal U lewe.

4:5 Verkry Wysheid, verkry Insig; vergeet nie en wyk nie af van die **Woorde van MY Mond** nie;

Joh 12:47 En as iemand na My Woorde luister en nie glo nie, Ek oordeel hom nie; want Ek het nie gekom om die wêreld te oordeel nie, maar om die wêreld te red.

Joh 12:48 Wie My verwerp en My Woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag.

4:6 verlaat Haar nie, dan sal Sy U bewaar; kry Haar lief, dan sal Sy U bewaak.

4:7 Die beginsel van die Wysheid is: Verwerp Wysheid en verwerp Insig deur al wat U besit.

4:8 Hou Haar hoog, dan sal Sy U verhoog; Sy sal U eer as U Haar omhels.

4:9 Sy sal 'n lieflike **Krans** gee vir U hoof, Sy sal U 'n sierlike **Kroon** verskaf. [Odes van Salomo 20:7]

4:10 Hoor, MY seun, en neem MY Woorde aan; dan sal die lewensjare vir U vermeerder word.

4:11 In die Weg van die Wysheid onderrig EK U, EK laat U die spore van opregtheid betree; [Odes van Salomo 1:3 - 4]

4:12 as U loop, sal U treë nie belemmer word nie, en as U hardloop, sal U nie struikel nie.

4:13 Hou vas aan die Tug, laat Haar nie los nie; bewaar Haar, want Sy is U lewe.

4:14 **Kom nie op die pad van die besoedelde, en betree die weg van besoedeling nie.**

4:15 Vermy haar, gaan nie daarop nie, wyk van haar af en gaan verby;

4:16 want hulle kan nie slaap as hulle geen kwaad doen nie; en hulle slaap is weg as hulle nie tot 'n val bring nie.

4:17 **Want hulle eet brood van besoedeling en drink wyn van verkeerdheid.** [Amos 2:8]

Spreuke 5:1 MY seun, luister na My Wysheid, neig jou oor tot My Insig,

5:2 dat jy volle oorleg kan behou en jou lippe Kennis kan bewaar;

5:3 want die **lippe van die verbasterde vrou** drup

heuningstroop, en haar verhemelte is gladder as olie, 5:4 maar op die end is sy **bitter soos Alsem, soos 'n swaard** aan weerskante skerp.

5:5 Haar voete daal na die Dood toe af, haar treë streef na die Doderyk/Sheol toe.

5:6 Dat sy die pad na die lewe nie sou inslaan nie, wankel haar gange sonder dat sy dit weet.

5:7 Luister dan nou na My, julle seuns, en wyk nie af van die **Woorde van My Mond** nie.

5:8 Hou jou weg ver van haar af, en kom nie naby die **deur van haar huis** nie,

5:9 sodat jy nie jou bottyd aan ander gee en jou jare aan een wat onbarmhartig is nie;

5:10 **sodat verbasterdes hulle nie versadig met jou vermoë en jou moeitevolle arbeid in die huis van 'n uitlander kom nie**

5:15 **Drink water uit jou eie Reënbak en strome uit jou eie Put.**

5:16 Sal jou Fonteine buitentoe oorstroom, waterstrome op die pleine?

5:17 **Hulle moet vir jou alleen wees en nie vir verbasterdes saam met jou nie.** [MattithJaHûW 7:6]

5:18 Mag jou Fontein geseënd wees, en **verheug jou oor die Vrou van jou jeug -**

5:19 die liefdevolle **Bokkie en Bergbokram**; laat **Haar borste** jou altyd versadig, mag jy voortdurend van **Haar Liefde** bedwelmd wees.

5:20 Maar waarom sou jy, My seun, by 'n verbasterde vrou bedwelmd raak **en die boesem van 'n Ontugtige omhels?**

Gal 4:21 Julle wat onder die wet wil wees, sê vir my, luister julle nie na die wet nie?

Gal 4:22 Want daar is geskrywe dat Abraham twee seuns gehad het, een uit die slavin en een uit die vrye.

Gal 4:23 Maar die een uit die slavin is gebore na die vlees, en die ander een uit die vrye deur die belofte.

Gal 4:24 Dit is sinnebeelde, want dié vroue staan vir twee verbonde: een, van die berg Sinai afkomstig, wat vir die slawerny kinders baar—dit is Hagar;

20 September 2019 - Lesing 4 - Die Vroulikheid IN die Godheid/Elohim

Spreuke 9:1 **DIE Wysheid het Haar Huis gebou, Haar sewe Pilare uitgekap**, [Openbaring van Henog 11:40]

9:2 Haar slagvee geslag, Haar wyn gemeng, ook Haar tafel gedek.

9:3 Sy het Haar Diensmeisies uitgestuur, Sy nooi uit op die hange van die verhewe plekke van die Stad: [Spreuke 31:15; Hooglied 6:8; Daniël 13:15]

9:4 Wie eenvoudig is, laat hy inkom hierheen, wie verstandeloos is, vir hom sê Sy:

9:5 **Kom, eet julle van My Brood, en drink van die Wyn wat Ek gemeng het;**


9:6 laat staan die eenvoudigheid, dan sal julle lewe, en betree die Weg van Verstand.

4:1 *NÁ hierdie dinge het ek gesien - kyk, 'n geopende deur in die Hemele, en die eerste Stem wat ek soos 'n ramshoring met my hoor spreek het, het gesê: Kom op hierheen, en Ek sal jou toon wat ná hierdie dinge moet gebeur.*

4:2 *En dadelik was ek in die Gees, en kyk, **daar staan 'n Troon in die Hemele en Een sit op die Troon.***

4:3 *En Hy wat daarop sit, het in Sy voorkoms gelyk soos die Steen jaspis en sardius; **en rondom die Troon was 'n reënboog** wat in Sy voorkoms gelyk het soos 'n smarag.*

Spreuke 14:1 **DIE Wysheid van die Vroue bou die huis**, maar die sotheid breek hom met eie hande af.



21 September 2019 - Lesing 5 - Die Vroulikheid IN die Godheid/Elohim

Die eindtyd kneg Serubbabel

Haggai 2:21 Spreek met **Serubbábel**, die goewerneur van JeHûWdah, en sê: Ek sal die Hemele en die Aarde laat bewe.

2:22 En Ek sal die koningstrone omverwerp en die mag van die nasies se koninkryke verdelg; en Ek sal die strydwaens en die wat daarop ry, omverwerp, en die perde en hulle ruiters sal val, 'n man deur die swaard van sy broer.

2:23 **In dié dag**, spreek JaHWeH van die skeppings-leërmag, sal Ek jou neem, Serubbábel, seun van ShealtiEl, My kneg, spreek JaHWeH, **en jou maak tot 'n seëlring, want jou het Ek verkies**, spreek JaHWeH van die skeppings-leërmag. [Hooglied van Salomo 8:6]

Serubbabel word gekies

1Esra 3:4 Toe het die **drie jongmanne** wat van die koning se lyfwagte was, met mekaar gepraat en gesê:

1Es 3:5 Laat elkeen van ons een spreuk spreek - **WIE IS DIE STERKSTE** - en hy wie s'n wyser sal wees as die ander, aan hom sal koning Darius groot geskenke gee en **groot dinge as teken van oorwinning**:

1Es 3:10 Die eerste het geskryf, **Wyn** is die sterkste

1Es 3:11 Die tweede het geskryf, Die **koning** is die sterkste.

1Es 3:12 Die derde het geskryf, **Die vrou is die sterkste; maar bowe alles sal die Waarheid oorwin.**

1Es 4:13 **TOE** het die derde, **die een wat oor die vroue en van die Waarheid gespreek het dit was Serubbábel - begin praat.**

1Es 4:33 **TOE** het die koning en prinse na mekaar gekyk; en **hy het begin praat oor die Waarheid.**

1Es 4:34 O menere, is vroue nie sterk nie? Groot is die Aarde, hoog is die Hemele, snel is die son op sy baan, want hy omsirkel die Hemele op sy kringloop, en hy keer weer terug na sy plek in een dag.

1Es 4:35 Is Hy nie groot wat al hierdie dinge gemaak het nie? **Maar die Waarheid is groter en sterker as alle ander dinge.**

1Es 4:36 Die hele Aarde roep uit na die **Waarheid** en die Hemele seën **Haar**; alle werke skud en bewe vir **Haar** en by **Haar** is geen onreg te vind nie.

1Es 4:37 Wyn is onreg, die koning is onreg, vroue is onreg, al die kinders van die adam is wetteloos, en so is al hulle besoedelde dade; **en daar is geen Waarheid in hulle nie**; en deur hulle ongeregtheid sal hulle ook vergaan.

1Es 4:38 **Maar die Waarheid bly, en Sy is sterk tot in ewigheid; en Sy leef en heers tot in alle ewigheid.**

1Es 4:39 En by Haar is daar geen aanneming van die persoon nie; Sy maak ook geen onderskeid nie en

doen wat Reg is, en weerhou Haar van alles wat onregverdig en besoedel is; **En almal het 'n welbehae in Haar werke.**

1Es 4:40 Daar is in Haar oordeel ook geen onreg nie; en Sy is die Krag, en die Koninkryk, en die Mag en Majesteit van alle tye. **Geseënd is die Elohey van Waarheid!**

1Es 4:41 **EN** daarmee het hy stilgebly. En die hele volk het toe uitgeroep en gesê: **Groot is die Waarheid en magtig bo alle dinge.**

1Es 4:42 Toe het die koning aan hom gesê: Vra wat jy wil, meer as wat daar geskrywe is en ons sal dit aan jou gee, want jy is die wysste gevind; en jy sal langs my sit en sal my bloedvriend genoem word.

1Es 4:43 Toe het hy aan die koning gesê: Onthou tog u belofte **wat u belowe het om Jerusalem te herbou** in die dae toe u u koninkryk ontvang het,

1Es 4:46 En nou, o meester, die koning, dit is wat ek verlang en wat ek van u begeer; en dit is die prinslike vryheid wat deur my van u geëis word: **Ek vra daarom dat u die belofte sal nakom, die vervulling waarvan u met u eie mond aan die Koning van die Hemele belowe het.**

JeHôWshua en Serubbábel bou die nuwe huis

Sagaria 3:1 DAARNA het Hy my **JeHôWshua**, die **hoëpriester**, laat sien, terwyl hy voor die BoodsAPPER van JaHWeH staan, en die Satan aan Sy regterhand staan om hom aan te klai.

3:2 Toe sê JaHWeH [aan] die Satan: Mag JaHWeH jou tereg wys, o Satan! **Ja, mag JaHWeH, wat Jerusalem verkies het**, jou tereg wys! Is hierdie een nie 'n brandhout wat uit die vuur geruk is nie?

3:3 En JeHôWshua was bekleed met **vuil klere**, terwyl hy voor die BoodsAPPER staan.

3:4 Daarop het Hy aangehef en gesê aan die wat voor Hom staan: Neem die **vuil klere** van hom weg. Toe sê Hy vir hom: Kyk, Ek het die **skuld van jou ongeregtheid** weggeneem, en Ek beklee jou met **feesklere**. [Odes van Salomo 1]

3:5 Daarop sê ek: Laat hulle 'n **suiwer tulband** op sy hoof sit. En hulle het die suiwer tulband op sy hoof gesit en hom die klere aangetrek, terwyl die BoodsAPPER van JaHWeH daarby staan. [Exodus 28:36; Odes van Salomo 9:8 - 9; Daniël 3:21]

Exodus 28:36 Verder moet jy 'n plaat van suiwer goud maak en op hom graveer, soos op 'n seëlsteen uitgesny word: **APARTHEID AAN JAHWEH**. [Zekariah 3:5; Odes van Salomo 8:15]

Exo 28:37 En maak hom vas aan 'n koningsblou toutjie, sodat hy **aan die tulband** kan wees; aan die

voorkant van die tulband moet hy wees. [Odes van Salomo 9:8-9; 23:21]

Exo 28:38 So moet hy dan op die voorhoof van Aäron wees, **sodat Aäron die skuld kan dra met betrekking tot die Aparthede wat die kinders van JisraEl sal apart stel** - al hulle apartgestelde(s) [gawes]. En hy moet voortdurend op sy voorhoof wees, dat hulle voor die Aangesig van JaHWeH welgevalle mag vind. [Boekrol van die Opregte 23:15]

3:6 En die BoodsAPPER van JaHWeH het JeHôWshua plegtig verseker en gesê:

3:7 So sê JaHWeH van die skeppings-leërmag: As jy in My Weë wandel en as jy My Verordening onderhou, **dan sal jy My Huis bestuur sowel as My voorhowe bewaak, en Ek sal jou vrye toegang verleen onder diegene wat [hier] staan.**

3:8 Luister tog, o JeHôWshua, jy wat die hoëpriester is, **jy en jou vriende** wat voor jou sit - ja, wondertekens is hulle. Want kyk, Ek sal **My Kneg, die Spruit**, laat kom!

3:9 Want kyk, die Steen wat Ek voor JeHôWshua neergelê het - **op die een Steen is daar sewe Oë**; kyk,


Ek sal haar graving oopmaak, spreek JaHWeH van die skeppings-leërmag, en **Ek sal die skuld van ongeregtigheid van hierdie Aarde op een dag uitdelg.** [Exodus 28:38]

1Petrus 2:4 Kom na Haar toe, **die Lewende Steen** wat deur die adamiete wel verwerp is, maar by Elohim uitverkore en kosbaar is; [Psalm 118:22]

1Pe 2:5 en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n **geestelike Huis**, 'n **priesterdom van Apartheid**, om **geestelike aanbiedinge** te bring wat aan Elohim welgevallig is deur JaHWèshua die Gesalfde.

1Pe 2:6 Daarom staan dit ook in die Skrif: **Kyk, EK lê in Sion 'n Grondsteen, [‘n beproefde Klip,] ‘n kosbare Hoek[steen wat ‘n vaste fondament is,]** hy wat vertrou, sal nie haastig wees nie. [JeshaJaH 28:16]

1Pe 2:7 Vir julle dan wat glo, is Sy kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die Woord: **Die Klip wat die bouers verwerp het, Sy het 'n Hoeksteen geword; [Psalm 118:22] en: 'n Klip van aanstoot en 'n Rots van struikeling** – [JeshaJaH 8:14]



Serubbabel, die man met die seëlring kry sy opdrag

Sagaria 4:1 EN die BoodsAPPER wat met my gespreek het, het teruggekom en my gewek soos 'n man wat uit die slaap opgewek word.

4:2 En hy het vir my gesê: Wat sien jy? Toe antwoord ek: **Ek sien daar 'n kandelaar**, alles van haar [is] van goud, en haar oliëkan bo-oor haar en haar **sewe lampe** op haar; telkens sewe aanvoerpype loop na die lampe wat bo-oor haar is.

4:3 Ook **twee Olyfbome** teen haar, een aan die regterkant van die oliëkan en een aan haar linkerkant. [Openbaring 11:4]

4:4 Daarop het ek begin spreek en aan die BoodsAPPER wat met my gespreek het, gesê: Wat beteken dit, my meester?

4:5 En die BoodsAPPER wat met my gespreek het, antwoord en sê vir my: Weet jy dan nie wat dit beteken nie? En ek het gesê: Nee, my meester.

4:6 Toe antwoord hy en sê vir my: **Dit is die Woord van JaHWeH aan Serubbábel**, naamlik: Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur My Gees, sê JaHWeH van die skeppings-leërmag.

4:7 Wie is jy, groot berg? Voor Serubbábel sal jy tot 'n gelykte word! **En hy sal die Hoofsteen te voorskyn bring** onder uitroepe van: Barmhartigheid, Barmhartigheid vir haar!

4:8 En die Woord van JaHWeH het tot my gekom en

gesê:

4:9 **Die hande van Serubbábel het die fondament van hierdie Huis gelê, en sy hande sal hom voltooi**; dan sal jy weet dat JaHWeH van die skeppings-leërmag My na julle gestuur het.

4:10 Want wie verag die dag van klein dinge, terwyl daardie sewe - die Oë van JaHWeH wat die ganse Aarde deurloop - met Blydschap **die Steen wat smelt aanskou in die hand van Serubbábel**?

2Kronieke 16:9 want JaHWeH - **Sy Oë deurloop die hele Aarde om diegene kragtig te steun wie se hart onverdeeld op Hom gerig is**;


Sag 3:9 Want kyk, die Steen wat Ek voor JeHôW-shua neergelê het - **op die een Steen is daar sewe Oë**

Sag 4:11 Daarop het ek begin spreek en aan hom gesê: Wat beteken hierdie **twee Olyfbome** aan die regterkant van die kandelaar en aan haar linkerkant?

4:12 En ek het toe nogmaals gespreek en vir hom gesê: Wat beteken die twee **Olyftakkies** aan die kant van die twee goue pype wat goud uit hulle laat uitstroom?

4:13 Toe antwoord hy my en sê: Weet jy nie wat dit beteken nie? En ek het gesê: Nee, my meester.

4:14 En hy sê: Dit is die **twee gesalfdes** wat by My Meester van die ganse Aarde staan. [NegemJaH 9:20, 30; Openbaring 11]





Sagaria 5:1 EN ek het my oë weer opgeslaan en gekyk - daar was 'n **versluiserde [Boek]rol**. [JeshaJaH 25:7]
 5:2 En hy het vir my gesê: Wat sien jy? Toe antwoord ek: Ek sien 'n versluiserde [Boek]rol, haar lengte is **twintig** voorarm en haar breedte **tien** voorarm. [JeshaJaH 29:10 - 21]

Maleagi 3:16 Toe het die wat JaHWeH vrees, met mekaar gespreek; en JaHWeH het dit opgemerk en gehoor, **en daar is 'n Boek van Herinnering voor Sy Aangesig geskrywe** vir die wat JaHWeH vrees en Sy Naam Eer. [Odes van Salomo 23; Boekrol van Henog 99:3; JeshaJaH 29:18, 23; 66:4; JeségiEl 4:13; 36:23; 38:7]

Mal 3:17 En hulle sal My tot 'n **eiendom** wees, sê JaHWeH van die skeppings-leërmag, op die dag wat Ek **herstel**, en Ek sal met hulle Medelye hê soos 'n man medelye het met sy seun wat hom dien.

Mal 3:18 Dan sal julle weer **die onderskeid sien** tussen die regverdige en die besoedelde, tussen die wat Elohim dien en die wat Hom nie dien nie.

"Hierdie versluiserde Boekrol sou dus 'n vierkante area van 20x10 voorarm(el) hê. Omdat 'n voorarm maat 0,524 van 'n meter is, is die vierkante area dus berekenbaar in ons metrieke mates en is gelyk aan:

$(20 \times 0,524) \times (10 \times 0,524) = \underline{55m2}$.

As 'n mens die aantal bladsye van die Boek van Herinnering neem, naamlik 880, die lengte en breedte van 'n A4 bladsy neem en die totale area bereken wat hierdie papier beslaan, sien ons die volgende:

$880 \times 210mm \times 300mm = \underline{55m2}$

In Afrikaans word ons Vader se heilige Naam as volg gespél: "JaHWeH". As ons die numeriese letterwaardes hierop toepas, met $a=1$, $b=2$, ensovoorts tot $z=26$, sien ons die volgende:

$J=10$; $a=1$; $h=8$; $w=23$; $e=5$; $h=8$.

$10+1+8+23=5+8=\underline{55}$

Voorwaar 'n onmoontlike "toeval"!"

3 Daarop sê hy vir my: Sy (**Die boek van Herinnering**) is die vervloeking wat uitgaan oor die ganse Aarde; want ooreenkomstig daarmee (**Die Boek van Herinnering**) sal al die wat steel (**hulle wat die volk se geestelike lewe steel**) hiervandaan weggeruim word, en ooreenkomstig daarmee sal al die wat vals sweer (**teoloë en predikante wat leuens verkondig**) hiervandaan weggeruim word. [TsefánJaH 3:13]

4 En laat haar uitgaan, spreek JaHWeH van die skeppings-leërmag, en sy sal kom in die huis van die wat steel en in die huis van hom wat vals sweer (**in hulle vals kerke**) by My Naam; en sy [**hierdie Boek van Herinnering**] sal binne-in sy huis vernag en hom verteer saam met sy hout en sy boustene (**leuens en vals 1983-Bybels**)

Sagaria 9:14-17

14 Dan sal JaHWeH oor hulle verskyn, en soos weerlig sal Sy pyl uitskiet; en My Meester JaHWeH sal met die ramshoring blaas en intrek met die storms uit die suide (**vanuit die Suidland, Suid-Afrika**).

15 JaHWeH van die skeppings-leërmag sal hulle beskut; en hulle sal verslind, ja, boustene (**vals Bybels**) vertrap; ook sal hulle drink, 'n gedruis maak soos deur wyn en vol wees soos die sprinkelflesse, soos die hoeke van 'n altaar. [ZekarJaH 5:4]

16 En JaHWeH hulle Elohey sal hulle **in dié dag verlos** as die kudde wat Sy volk is; **want [hulle] verhef die Bousteen van Separatisme** (**Boek van Herinnering**) soos 'n banier oor Sy Adamah [die adamiet se Aarde]. [JeshaJaH 11:12; 18:3; JirmeJaH 4:5]

17 Want hoe groot is hulle voortreflikheid, en hoe groot hulle skoonheid! Die koring (**suiwer Skrif**) laat jongmanne en die druiwesap (**vars nuwe Gees in die volk**) laat die maagde groei.

Odes van Salomo 23:

4 Wandel in die **Kennis van die Hoogste El**, en jy sal die Guns van JaHWeH, sonder teësinigheid, ken: SY jubeling en die Suiwerheid van SY Kennis.

5 **SY gedagtes was soos 'n Boekrol**, SY Wil het neergekom van omhoog; [JeshaJaH 5:28]

8 En hy het uit hulle vingers ontsnap; en hulle was vol **vrees vir hom en vir die Seël** wat op hom was. [JeshaJaH 29:10-12]

9 Want hulle was nie toegelaat om sy Seël te verbreek nie, want **die Krag wat op die Seël was, was groter as hulle**.

10 Maar hulle wat hom gesien het, **het agter die Boekrol aangegaan**, sodat hulle kon weet waar sy bestemming was, en wie hom sou lees, en wie hom sou hoor. [JeshaJaH 29:18-21; Maleagi 3:16]

11 Maar 'n wiel (**GILGAL KLIPWIEL**) het hom ontvang, en sy het op hom neergedaal;

12 Tesame met hom was 'n **Teken van Koningskap en van Heerskappy**. (**Seelring van Serubbabel**)

13 Alles wat voor die wiel beweeg het, het hy gemaai en afgesny; [JeshaJaH 41:15; Miga 4:13]

16 **Die Hoof het neergedaal na die Voete**, want sover as die Voete gaan **het die wiel gerol** saam met hom wat op haar was. [JeségiEl 1:19; JeshaJaH 60:14-17]

17 Hy was 'n Boekrol en 'n Bevel, want alle plekke is byeengebring.

18 Op sy hoof het die Hoof verskyn wat geopenbaar is, en **die Seun van die Waarheid van die Hoogste El VADER**. [JeségiEl 1:26; 2 Ezra 7:26]

Openbaring van Henog 11:53

Die Duiwel is die gees van besoedeling van benede, as 'n vlugteling **het hy Satana van die Hemele** gemaak omdat sy naam Sataniël was, so het hy verskillend van die boodskappers geword,

Satan en die Doderyk in beroering.

2 Nikodemus4:1 EN terwyl hulle almal so vreugdevol was, kom **Satan**, die heerser oor die duisternis, en sê vir die **Doderyk/Sheol**:

1a Allesverslindende en Onversadigbare, luister na my woorde! [Spreuke 30:16]

Spreuke 6:23 Want die Gebod is 'n lamp en die Wet is 'n Lig en die Teregwyding van die Tug 'n Weg tot die lewe, [Wysheid van Sirah 4:11-19]

6:24 om jou te bewaar vir die **Vrou van Besoedeling**, vir die gevlei van 'n volksvreemde vrou.

Sagaria 5

5 DAAROP kom die Boodskapper vorentoe wat met my gespreek het, en sê vir my: Slaan tog jou oë op, en kyk wat daar te voorskyn kom.

5:6 Toe sê ek: Wat beteken dit? En hy antwoord: **Dit is die efa wat te voorskyn kom.** Verder het hy gesê: So lyk hulle in die ganse Aarde.

5:7 En meteens word daar 'n talent lood opgelig, en **daar was 'n vrou wat in die middel van die efa** (houer met inhoudsmaat gelyk aan 'n efa) sit.

5:8 En hy sê: **Sy is die Besoedeling.** En hy het haar binne-in die efa teruggewerp en die **steen van lood oor haar mond gegooi.** [JeségiEl 16:44]

5:9 Toe slaan ek my oë op en kyk - daar kom **twee vroue te voorskyn met gees/wind in hulle Vleuels**; en hulle het Vleuels gehad soos die Vleuels van 'n groot ooievaar, en hulle het die efa weggevoer tussen die Aarde en die Hemele.

5:10 Daarop sê ek aan die Boodskapper wat met my gespreek het: Waarheen bring hulle die efa?

5:11 En hy antwoord my: **Om vir haar 'n huis te bou in die Aarde van Sínear**; en is hy klaar, dan word sy daar op haar plek neergesit. [Boekrol van die Opregte 7:45; DaniEl 1:2]

Opregte 7

44 Nimrod het in Sínear gebly en hy het veilig geheers, en hy het met sy vyande geveg en hulle onderwerp, en hy was voorspoedig in al sy oorloë en sy koninkryk het **baie groot** geword.

45 Al die nasies en tale het van sy roem gehoor en hulle het hulle voor hom vergader en hulle het neergebuig na die Aarde; hulle het geskenke vir hom gebring en hy het hulle meester en koning geword. Hulle het almal saam met hom in die stad Sínear gewoon en **Nimrod het op die Aarde geheers oor die seuns van**

Noag, en hulle was almal onder sy mag en raad. [ZekarJaH 5:11]

46 Die hele Aarde het **een taal gehad** en woorde van eenheid, maar Nimrod het **nie in die Weë van JaHWeH gewandel nie**, en hy was meer besoedel as al die manne voor hom, sedert die dae van die Vloed tot op daardie tyd.

47 En hy het gode gemaak van hout en klip, en hy het neergebuig voor hulle en hy het teen JaHWeH gerebelleer. En hy het al sy onderdane en die mense van die Aarde sy besoedelde weë geleer.

Openbaring 17

17:1 EN een van die sewe Boodskappers met die sewe bekere het gekom en met my gespreek en vir my gesê: Kom hierheen, ek sal jou toon **die oordeel van die groot hoer** wat op die baie waters sit,


17:2 met wie die konings van die Aarde verbaster het, en die bewoners van die Aarde het dronk geword van die wyn van haar verbastering.

17:3 En hy het my in die gees weggevoer na 'n wildernis, en ek het 'n **vrou** sien sit op 'n skarlakenrooi Dier, vol lasterlike name, met sewe koppe en tien horings.

17:4 En die vrou was bekleed met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels, en sy het in haar hand 'n goue beker gehad, vol van **gruwels en die besmetlikheid van haar verbastering**;

17:5 en op haar voorhoof was 'n naam geskrywe: GEHEIMSINNIGHEID, DIE GROOT BABEL, DIE MOEDER VAN DIE HOERE EN VAN DIE GRUWELS VAN DIE AARDE.

17:6 En ek het die vrou gesien, **dronk van die bloed van die Apartes en van die bloed van die getuies van JaHWèshua**, en ek het my uitermate verwonder toe ek haar sien.



26 September 2019 - Lesing 9 - Die Vroulikheid IN die Godheid/Elohim

Twee entiteite genoem "JaHWeH" in die Wet

Exodus 20:1 TOE het **die Elohim** (God-Familie) al hierdie woorde gespreek en gesê:

20:2 **Ek is JaHWeH** jou Elohey wat jou uit die Aarde van Egipte, uit die slawehuis, uitgelei het. [2 Ezra 7:88-108]

20:3 Jy mag geen gode van andere voor **My Aangesig** hê nie,

20:5 jy mag jou voor hulle nie neerbuig en hulle nie dien nie; want **Ek, JaHWeH** jou Elohey, is 'n jaloerse El

20:6 En bewys Barmhartigheid aan diensende van die wat **My liefhet en My Gebooi** onderhou.

20:7 Jy mag die **Naam van JaHWeH** jou Elohey nie verydel nie, want JaHWeH sal die een wat **Sy Naam** verydel, nie ongestraf laat bly nie.

20:11 want in ses dae het **JaHWeH** die Hemele en die Aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het **HY** gerus. Daarom het JaHWeH die Sabbatdag gesien deur dit apart te verklaar.

Die Gees van JaHWeH getuig verder

Exodus 23:20 Kyk, Ek (**JaHWeH-Ruag**) stuur 'n **Boodskapper (JaHWeshua)** voor jou uit om jou op die pad te bewaar en om jou na die plek te bring wat Ek gereedgemaak het. [Exodus 32:34; 33:2; JeshajaH 37:36; JeségiEl 1:28; 43:6]

23:21 Neem jou in ag vir **Hom** en luister na **Sy Stem**; wees nie opstandig teen **Hom** nie; want **Hy** sal julle oortreding nie verskoon nie, **want My Naam is in Hom**. [2 Ezra 1:4, 5; 10:27]

***Johannes 5:43** Ek (**JaHWeshua**) het gekom in die Naam van My **VADER (JaHWeH)**, en julle neem My nie aan nie. As 'n ander een in sy eie naam (**Jesus**) kom, **hóm sal julle aanneem**.*

23:22 Maar as jy terdeë na **Sy Stem** luister en alles doen wat **Ek** sal sê, sal **Ek** die vyand van jou vyande en die teëstander van jou teëstanders wees.

23:23 Want **My Boodskapper** sal voor jou uit gaan en jou bring na die Amorieë en Hetiete en Feresiete en Kanaäniete, Hewiete en Jebusiete; en **Ek** sal hulle vernietig.

23:24 Jy mag jou voor hulle gode nie neerbuig en hulle nie dien nie, ook mag jy nie doen na hulle werke nie; maar jy moet hulle heeltemal omverwerp en hulle torings heeltemal afbreek.

23:25 En julle moet **JaHWeH julle Elohey (Vader)** dien; dan sal **Hy** jou brood en water seën, en **Ek** sal siektes uit jou midde verwyder. [Exodus 15:26; JeshajaH 3:1; 57:18, 19]

Esra 2:3 **Ek** het julle met Vreugde grootgemaak; maar met droefheid en hartseer het **Ek** julle verloor: want julle het voor die Aangesig van **JaHWeH julle Elohey** oortree en gedoen wat besoodel is voor **HOM**. [JeshajaH 54:6]

2Es 2:4 Maar wat sal **Ek** nou met julle doen? **Ek is 'n Weduwee en verlate**; gaan heen, o My kinders, en vra Barmhartigheid van JaHWeH.

2Es 2:5 Wat **My** betref, o **VADER**, **Ek** roep na U as 'n getuie, **as die Moeder van hierdie kinders** wat nie U Verbond wil hou nie.

2Es 2:6 Dat U hulle in skande sal bring omdat hulle hul **Moeder** verag het, sodat daar geen saadlyn vir hulle sal wees nie. [Spreek van Salomo 1:8; Wysheid van Sirah 15:2]

Sir 24:18 **Ek is die Moeder** van regverdige Liefde, en Vrees, en Kennis, en **die Belofte van Apartheid**: Daarom is Ek, wat vir ewig bestaan, gegee aan al My kinders wat na Hom genoem is.

Woord op 25/09/19 - 17H30 aan Daniel Grobbelaar

“MY kind, hoor die Stem van jou Meester en Skepper. EK IS! MY Bruid, MY Dogter van Sion! Die Berg van MY Apartheid! Hoor die Stem van die LEWENDE VOLMAAKTE LIEFDE. Dit is EK, EK IS WAT EK IS! Hoor MY Volk, aan wie EK MY Wette gegee het en hoor MY skape, want EK, julle Herder sal julle vergader in MY Kraal! En hoor MY dapper vegters, wat ter perd in die Gees oor die velde heengaan van MY Volk – julle sal EK **vergader in MY Paardekraal!** MY Beloftes is Getrou; EK IS die Volmaakte Getrouheid!

Vir jou, MY Volk van Job, sal EK uitred uit jou benoudhede en nood! **Dit is amper VERBY!** EK het klaar oorwin en nou gaan EK julle leer en wys hoe julle te werk moet gaan om net soos EK, te oorwin! Begeer en werk daaraan om net so volmaak in die Liefde te word soos julle VADER in die Hemele is! Julle gaan geensins oorwin deur **krag** of **geweld**; **wapens** of **bedrog**; en nog minder sal julle oorwin deur die vrug van **verraad** en **omkoperij!** **NET deur MY GEES sal julle, OORWIN!** EK sal julle, MY Dogter van Sion, binnekort laat **vergader by Gilgal** en MY Woord, MY **Nuwe Waters** sal neerdaal vanuit die Sluise van MY Hemel-Vaderhart! Julle moet MY Woord glo en met julle hele harte op MY vertrou! Vrees nie vir die diepe nag wat aanbreek nie! EK sal julle Lig wees en SY, die **Trooster Gees**, sal julle vertroosting bring soos EK aan julle beloop het.

EK sal MY knegte opwek en MY dienaars heroprig! EK sal tot julle harte spreek en sal julle nooit verlaat nie. Maak julleself vry deur die leiding van Haar wat EK vir julle gestuur het, want SY is vanuit MY. Geseënd is die siel wat haar skatte vergader in MY Hemele en edel is die siel wat op haar Maker vertrou en gehoorsaam vanuit Liefde. **Die Orde is versteur** in soveel fasette in die lewe van die adamiet, en vandag kan julle die resultate en gevolge daarvan waarneem. MY Skepping is moeg en smee MY, die Skepper, vir hernuwing! En net soos EK beloop het toe EK gespreek het **“EK MAAK ALLES NUUT!”**, so sal dit wees! Want ‘n Woord gespreek, is ‘n Skeppingsdaad! Gee alles oor aan MY, EK wat VERLOS, en EK sal julle wys en laat sien hoe EK MY Hand sal uitrek na julle, met Liefde en Krag! Sien MY! Sien MY...

Die tye waarvan MY profete getuig het en geprofeteer het, **het aangebreek** en ook in die tye van kom. Wees sterk **MY Stam van Judah en Benjamin!** Jy het EK uitverkies om te suiwer en te louter sodat jy voor MY sal kan staan in **skoon wit linne**, witter as sneeu sal jy wees! Glansende blou oë sal jy hê deur die harts-schoonheid wat deur jou siel sal uitstraal. Hemelse Goud sal jy as Krans op jou hoof dra! **Vir jou sal EK BEKRAGTIG** omdat EK die VADER en VERLOSSER IS, EK

IS! Begin sien MY Volk, begin sien! En hoor en luister na wat die voëls van die Hemele deesdae te sing het! Hulle loof en prys MY en hulle getuig van die Nuwe Aarde, en die Nuwe Era wat sal aanbreek! EK openbaar aan wie EK wil en wanneer EK wil, want EK is die EL van lewendes! EK IS LEWE! EK gee nuwe Lewe, Ewige LEWE aan hulle wat hulle laat verseël het met MY Olyfolie wat MY Goud bevat, en dit sal hulle wees wat volkome vertrou en glo in MY.

MY Stam van Judah en Benjamin, weet dat die sisteem waarin julle vasgevang is, **sal binnekort ten gronde gerig word** deur die besoedeldes se eie dwase ongeregthede! **En dit laat EK toe, om julle te bevry!** EK, EK, EK is julle VREUGDE! EK IS JULLE VOEDSEL EN WATERS! EK IS JULLE LEWE! Wag op MY en wees stil in julle harte **terwyl julle bieg** en neem geen notisie van die wêreld wat tans ondergaan in haar eie sondvloed nie! Met stille-jubelende hart, sal julle, MY Wagters, Knegte, Profete en Boodskappers getuig van MY en MY Waarheid. Aan al MY kinders spreek EK en sê vir julle: Niemand is meer belangrik as die volgende nie! Salig is die nederiges en salig is die vredemakers! Salig, salig, salig is die siel wat haar laat omvou met die Krag van MY GEES – en MY LIEFDE... LEEF!”

Chtistine Badenhorst op 25.9.19

“En dit kom in my op - **Paardekraal en Gilgal**...dit gaan die vyand vergruis!! **Ons moet Paardekraal toe gaan.** Ek weet dit is JAHSHUA se WIL! ”

Woord op 26/09/19 aan Daniel Grobbelaar

“Daniel, MY kneg, skrywe weer vir MY en volg die Stemtoon van MY Liefde. Hoor die spraak van MY Oergrondpool van Ewige Liefde en luister met jou hart. Voorwaar sê EK vir jou, **Edel is die hart wat Liefde verkies!** Voorwaar voorwaar sê EK, die LIEFDE, neem hierdie Woorde nie ligtelik op nie, want daar sal nie met MY **gespot** word nie! Maar baie van julle in MY Volk **bespot** MY en MY Woord. Wanneer MY Woord nie **bespot** word nie, dan word dit **afgewater** na iets onedel!

Laat EK julle, MY Volk, laat verstaan! EK het gesê: Edel is die hart wat Liefde verkies! ‘n Hart wat liefde verkies gaan nie om met **hoerery** en **geestelike besoedeling** nie. ‘n Hart wat Liefde verkies, gaan geensins om met **leuentaai, bedrog en omkopery** nie. In so ‘n hart is daar geen sprake van hoogmoed, trots en eie-eer nie, want indien hierdie eienskappe in ‘n hart gekoester word, dan is die hart nie meer edel en suiwer voor MY nie!

‘n Hart wat Liefde verkies handel volgens Wysheid en soek na Insig; so ‘n hart begeer MY Gees en Barmhartigheid sodat hierdie **hart aan hande kan bind** om as **werke** voort te kan vloei as ‘n Skeppingsdaad van Liefde en Gehoorsaamheid. Harte wat Liefde verkies en wat altyd eerstens die Liefde raadpleeg in Gees, sal voorspoedig wees in die oestyd en ‘n oorvloedige seën sal beloon word deur MY.

Harte van Liefde word nie besoedeld en deurdring deur **eie-liefde, eersug, grootpraterij en skinder** nie. Laat EK, EK IS WAT EK IS, vir julle sê, voorwaar sê EK vir julle: Julle wat omgaan met die **gees van skinder**, terwyl julle hierdie gees gehoorsaam agter die rûe van julle broers en susters, julle is vuil voor MY Aangesig en besoedeld is die vrugte wat julle in julle harte dra!

Die heel eerste skindersonde was gepleeg deur MY teenpool, satan. Hy het gaan skinder by engele en hemelwesens en het gesê: “**Volg my, dit IS EK, ek is die Groot Gees wat ALLES doen en ek doen dit alles.** Dit is my krag en heerlijkheid wat julle moet volg en eer toebring. Alles het ek gedoen!”.

Hy het gedink deur dit te gaan skinder in die groeiende duisternis van sy hart, dat EK dit nie sou hoor nie. Maar weet en hoor nou die Stem van EK IS! So spreek JAHWEH van die Leërskaar: EK sien ALLES en EK hoor ALLES! **Niks is voor MY verborge en niks kan vir MY weggesteek word nie!**

Al dink julle, MY Volk, dat julle in die geheime duister vertrekke van julle siele kan dinge doen, dink en spreek wat EK nie sal van weet nie! EK WEET ALLES! Hierdie skindergees bedwelm julle siele met ‘n gees van haat en afguns! Laat julle gewaarsku wees op hierdie dag wat EK deur hierdie kneg van MY spreek!

Stop julle lasterlike woorde van afguns, skinder en leuentaai!

Waarom word **MY Liefde** nie uitgevoer in **gedagte, woord en daad** nie? MY teenpool is slinks en skelm en hy loop rond soos ‘n verskeurende honger hiëna! Hy teister julle met versoekings en aanvalle, maar dink julle nie dat EK laat hom toe om dit te doen sodat EK kan sien hoe julle daarop gaan reageer nie? Dit is vir julle eintlik niks anders as beproewinge en toetse nie. En hoeveel kere per dag faal julle hierdie geleenthede om tot MY te roep en MY te gehoorsaam en dus te OORWIN!

EK gee julle alles wat julle nodig het om altyd te kan oorwin, maar julle hoor hierdie Woorde en vele gesproke Woorde van MY en julle voer net nie MY Woord uit nie. Julle volg julle eie dwase harte wat geen goud, geen suiwer vrugte van MY Gees en geen Liefde bevat nie.

Die hart wat Liefde verkies gaan nie om met spotters en lasteraars nie; sulke harte handel nie liefdeloos en sonder MY Gees se leiding nie. EK weet julle begaan foute en het swakhede MY Volk, maar let altyd op MY Woord en die Leiding van MY Gees. Roep tot MY in nederige gebed en begeer om te omvorm tot daadwerklike Liefde en vra MY om julle te wys hoe om te handel volgens MY Wysheid te alle tye. Wanneer julle onopsetlik ‘n fout begaan, is EK altyd daar om julle te lei en te leer.

EK is die Liefdevolle VADER, maar EK sit met ‘n Huis vol **kwaadwillige, onbereidwillige** kinders wat die **gees van liefdeloosheid** navolg. Die tyd is so te sê op MY Volk! Kom uit hierdie besoedeling uit en laat toe dat die besoedeling ook uit julle uitgehaal word. Julle harte moet skoon word en gesuiwer word. Julle is nou tans in die smeltkroes en EK is die EEN wat Oordeel volgens MY Volmaakte Liefde en Wysheid.

Dit is nie vir julle om **selfaangestelde regters** te speel oor julle broers en susters en dan dit ook nog in onregverdigheid en ongeregtheid uit te voer nie.

‘n Hart van Liefde vermaan en waarsku wel in Liefde en dit behoort altyd volgens MY Weë van Wysheid en Orde te geskied. Maak seker dat julle nie herinner word aan die tyd toe EK as JAHSHUA in die sand geskryf het met MY Vinger nie en laat EK nie in die sand van julle harte skryf wanneer julle vals oordeel en beskuldig, terwyl julle ook vol sondes is nie.

‘n Hart wat Liefde verkies is nie vriende met die wêreld en haar besoedeling nie. Sulke harte soek nie die **eer van mense** nie en soek ook nie om op ‘n **verhoog** geplaas te word nie.

Onthou MY Woorde: Die wat eerste wil wees, sal laaste wees; en die wat laaste wil wees sal eerste wees. Hulle wat laaste wil wees, met ander woorde,

hulle wat **nederig en selfverloënd** wil wees met Liefdevolle dapper harte, sal eerste wees in MY Koninkryk!

MY Woorde moet in julle harte begin groei tot voorspoedige lewegewende Vrugtebome, want **aan die vrugte sal julle uitgeken** word. Aan julle **woorde, denke, dade en reaksies** sal julle geken word en julle harte sal **geweeg** word.

Handel volgens MY Liefde en raadpleeg altyd eerstens MY, die Ewige Volmaakte LIEFDE sodat EK julle vooruit kan gaan. Maak MY deel van julle en laat toe dat julle harte skyn in 'n donker wêreld vol haat en nyd.

Wanneer julle spreek, spreek **in en volgens Waarheid**, sonder leuentaai en sonder verskuilde agendas. **Die Waarheid maak julle vry**. Julle sal altyd vry wees wanneer julle **1) MY Gees van Waarheid** navolg en **2) dade van reg en geregtigheid** doen.

Harte wat Liefde verkies, **vergewe EN vergeet**; hierdie harte is **VRY!** Want wanneer julle nie kan vergewe en vergeet nie, dan is daar **bande van die verlede** wat

julle gevange hou.

Dit veroorsaak siel- en liggaamsiektes. Wanneer julle ten volle wil genees, dan moet **eerstens julle siele** genees word en dan voorspruitend daaruit, julle liggaamlike genesing.

Julle siele genees wanneer julle harte kies om Liefde TE WEES in WESE en dus gehoorsaam te wees in Geloof en Vertroue.

Wees nederig en aan julle wat gehoor gee aan MY oproep en wat steeds vasgevang is in die dwaling en ongehoorsaamheid, kom met innerlike berouvolle gebed na MY toe en EK sal julle begin bevry en genees en daarna ook BEKRAGTIG om vir MY te skyn - EK deur julle. Julle in MY en MY in julle, EK IS WAT EK IS begeer dat julle een word met MY.

Hoor MY kneg en **stuur hierdie Woord aan MY Volk:** Geseënd is die siel waarin hierdie Brood nou breek.

Julle VADER en SKEPPER, EK IS!"

DIE 7 GEESTE EN 7 REËNBOOG KLEURE

- | | | |
|-------------------|----------|------------------|
| 1. LIEFDE | • ROOI | • LIEFDE |
| 2. WYSHEID | • ORANJE | • VROLIKHEID |
| 3. WERKSAME WIL | • GEEL | • LYDSAAMHEID |
| | • GROEN | • GELOOF |
| 4. ORDE | • BLOU | • VREDE |
| 5. ERNS | • INDIGO | • VRIENDELIKHEID |
| 6. GEDULD | • PERS | • GEDULD |
| 7. BARMHARTIGHEID | | |

Die menslike siel het sewe uitstralings



**Hier lê ons Oorwinning:* (Gedikteer deur ABBA VADER se GEES aan Daniël Grobbelaar)*

LIEFDESPLIGTE VIR DIE ORDE VAN VADER:

1. Stel jou NAASTE bo jouself
2. Stel jou begeertes uit MY as beginsel vir jou lewe en lewe so om van MY te gee aan jou naaste. Jy bly 'n afbeelding van MY wat opgroei om MY werke te volbring.
3. Dra jou laste met blymoedigheid dat jy die kans het om ryper te word. Laste is MY manier om jou te versterk, net soos wat die aantrekkingskrag van die aarde gemaak is om alles wat groei, 'n sterker WIL wat gerig moet word na BO, te laat ontwikkel.
4. Dra die laste van jou naaste deur sorgsaam hulle weë te aanskou en sonder oordeel in die LIEFDE 'n hand uit te reik waar doodlooppaaie hulle voordoën. EK sal die gevolge seën.
5. Sit nie stil wanneer moegheid en oorwerktheid jou oorweldig nie, maar gee Brood aan MY kinders wat honger is, dan sal jy versadig word met KRAG uit MY HEMELE.
6. Die ONS van die ewigheid, is 'n organisme, soos 'n gemeenskap miere en bye wat werk om die grootsheid van LIEFDE WYS in stand te hou. Wees deel van die ONS wat ander lei om hulle plig te besef. Dit kom neer op die feit dat geen gemeenskap kan lewe sonder 'n doel voor oë en samewerking in LIEFDE om die doel na te streef nie. Word deel van die NUWE JERUSALEM deur in WYSHEID die LIEFDE lewend te laat word onder MY KINDERS. EK sal jou Insig gee soos wat jy vorder.
7. Dra die ander KINDERS van MY LIEFDE op aan MY in elke gebed waarin jy MY verhoog, sodat EK die gemeenskap van wedergebore LIGWESENS hoër en hoër kan lig na MY. EK is deel van julle en kan daarom MY teenwoordigheid gebruik om julle opwaarts te laat ontwikkel.
8. Gee altyd jou beste, vir wie dit ookal vra. Gee omdat jy die geleentheid ontvang om 'n GEWER van Goeie Gawes te wees. Gee omdat geen ander jou plek en Gawe kan volstaan nie en geen WESE hoër as EK bestaan om jou leemte weer aan te vul nie. Gee omdat LIEFDE opoffering is en verwag niks terug nie,

want waar jou GAWES vandaan kom, is 'n ONUITPUTLIKE BRON. Leef in verhouding met ewige sake wat nie tyd of ruimte ken nie, sodat die oomblikke van tekorte nie jou LIEFDE belemmer nie, maar eerder jou geloof versterk.

9. Wees 'n ouer, 'n gade, 'n versorger, 'n maat met WYSHEID as beginsel, deur nie na ander te kyk vir raad nie, maar na MY te verlang as MEESTER in die uitleg van oplossings en die dra van laste.

10. Wees 'n meester oor jou probleme en foute, omdat volmaaktheid spruit uit WYSHEID. Wees 'n LIG deur jou tekorte te laat verdwyn in die ewige sprankel wat alles omvou. Weet dat as jy jou tekorte oorwin, jou grense verbreek word. Wat is tekorte dan in hierdie uur? Elke saak wat jou laat dwaal en sloer om LIEFDE teenoor jou naaste uit te leef, behoort aan goddelose denke. EK sorg vir en bemin AL MY KINDERS van MY LIEFDE. Wat verenig julle as KINDERS voor MY? Wel die feit dat deur die MOEDER VAN LIEFDE elke WESE wat beliggaam word op aarde die weg stap wat lei tot begrip van WAARHEID, dit is WYSHEID.

11. Weerhou jouself van neerdrukkende gedagtes, want deur geloof word LIEFDE gebou. Dra mekaar op die hande, want dan sal WYSHEID in jou hart vermeerder en jy jou naaste se Weg na BO stuur. Breek die verlede se negatiewe gedagtes deur jouself lief te hê as afbeelding van MY VOLMAAKTHEID EN SKEPPENDE VERMOËNS.

12. Dra jou dag op aan MY, voordat jy dit aanpak. So laat jy MY toe om dit te seën en te rig. EK sal elke saak aan jou uitlê en jou VREDE gee in die uitvoering daarvan, omdat EK jou KRAG gee."



Ek sien JAHSHUA se pragtige Vrolike Aangesig wat vir my glimlag en HY gee vir my 'n goue vlamme fakkelt wat my laat dink aan die waarmee hulle hardloop tydens die olimpiese spele en JAHSHUA wys my iemand en ek weet dat dit vir hom is en HY sê dat ek vir hom moet sê dat HY dit vir hom gee omdat hy 'n priester vir SY volk is en intree vir ons en dat HY hom ophef om tot meer in staat te wees vir ons volk. En ook kry hy 'n kleed van goud en JAHSHUA sê "Hy is 'n opregte man wat MY eer en langs MY staan om MY kinders weer op te rig en daarom sal EK hom beloon en vir hom deure oopmaak wat voorheen toe was vir hom. Ystergrendels sal EK stukkend breek en stokke sal EK stukkend slaan wat hom wil slaan. Klippe wat in sy pad lê sal EK persoonlik vir hom wegvat en sy weg sal EK gelyk maak. Sonder MY is hy tot niks in staat nie en dit weet hy ook, maar EK wil vir hom wys tot wat EK nog in staat is want sy hart sit op die regte plek en dit sal EK nooit vergeet nie. EK seën jou Flip Swanepoel en rig jou op tot 'n baken in Jou volk en sit Jou hier reg langs MY waar Jy sal staan tot in ewigheid. Amen." "Sny nou die brood" sê JAHSHUA vir my en ek sien ek het 'n pragtige mes in my hande en hier is 'n goue brood wat ek moet sny en ek sien dat hier sommer alreeds baie borde staan en die volgende oomblik, soos dit net in die HEMELE kan plaasvind, is daar ook sommer alreeds baie snye gesny en in die borde gepak sonder dat ek eers moeite hoef te doen het. En die heerlikste onbeskryflikste dinge is daarop gesmeer en ek weet dat elkeen iets anders het as die ander een omdat dit presies net by hom of haar pas en my hart voel so wonderlik lekker want JAHSHUA is FANTASTIES WONDERLIK VIR MY SIEL, VIR ALMAL!!! En die volgende oomblik staan JAHSHUA reg voor my en my hande is in SYNE en HY kyk na my palms en seën my hande met soene in my palms en HY sê dat HY my hande seën vir SY werk...o SY AANGESIG is GODDELOOFLIK pragtig en SY glimlag is soos wat ek dit nog NET BY HOM gesien het!! HY gooi mens onderstebo van LIEFDE en ek kan doodgaan daarvan!! So groot is U JAHSHUA dat U na my kom en so LIEF is vir my en vir almal!!!!!! Dankie vir U seëning, vir U HEMELSE BROOD wat nooit opraak nie!! O JAHSHUA wie kan U nie liefhê nie!!! O my hart sing en GIL van BLYDSKAP vir JOU, ons GELIEFDE!! O dankie dankie dankie dat U ons so liefhet en U oor ons ontferm!! Om met U te praat, om met U gemeenskap te hê, om alle lof en eer aan U te bring – dit is vir my die HEEL lekkerste ding om te doen OOI!!!! Want U ALLEEN IS DIT WAARDIG!! En JAHSHUA "gryp" my en ONS

verander van gedaante en HY sprei ONS uit oor die aarde en omvou die aarde met SY groot LIEFDE wat onbeskryflik is en orals laat val HY krummels of klein stukkie van die HEMELSE BROOD en dit val in mense se harte wat ontvanklik is daarvoor. Elkeen kry 'n seën wat by hom of haar pas! En hierdie gevoelens is onbeskryflik fantasties!!!!!! "Geseënd is hy wat by MY bly, wat in storm en nood vir MY sal stry." sê JAHSHUA weer vir my. Dit was die eerste ding wat JAHSHUA vir my gesê het toe HY met my begin praat het en tot vandag toe sê HY dit vir my amper elke dag...en as HY dit sê kom daar werklik daardie dag 'n "storm"... Die volgende oomblik gebeur daar iets wat ek nie mooi kan beskryf nie – Ek sien JAHSHUA se pragtige Aangesig en vandag lyk HY soos die mooiste goue WESE en dis of HY blaas en ek sien so baie goed, asof dit SY hare is wat uiters lank is, so lank soos wat HY dit wil hê, wat waai en ek sien met 'n wonderlike fantastiese "skok" dat SY hare goue toue is wat HY na ons uitsteek en ek gryp dit aan en druk my gesig in die een haar wat ek gryp en dit is soos 'n reddingstou wat uitgegooi word vir die mense...elkeen gryp 'n pragtige HEMELSE GOUE HAAR en klou net vas...maar dis nie of ek vasklou vir lewe en dood, soos 'n drenkeling nie. Ek gryp vas en vertroetel SY hare en dis komplete soos 'n kleintjie met sy geliefde kombersie of teddiebeertjie wat hy vasdruk uit liefde!! So is dit met SY hare ook. En orals sien ek mense wat SY hare aangryp en dit vashou en SO Liefdevol teen Hulle vasdruk en ek is SO DANKBAAR JAHSHUA!! Dankie dat U USELF gee as reddingstou! JAHSHUA, hoe wonderlik is U nie!?? Hoe LIEFLIK is U AANGESIG NIE?? O JAHSHUA dat ek nog leef en nie gesterf het nie weens U pragtige GROOTSHEID EN WONDERLIKE LIEFDE is NET U WIL!! O ek kan nie wag vir die dag dat U my kom haal om vir ewig by U te wees nie!! Hoewel ek alreeds altyd by U is!! Maar o, die dag dat U my finaal kom haal...!!!!!! En nog steeds sien ek JAHSHUA se Aangesig met SY pragtige HARE wat so waai en HY glimlag ontsettend mooi terwyl HY hierdie redding aan ons bied!! Die LIEFDE wat ek by HOM sien is onbeskryflik. Die sagtheid van SY uitdrukking terwyl die grootste KRAG uit HOM straal is onbeskryflik! En HY kyk onophoudelik vir my en ek hoor weer SY WOORDE "Geseënd is hy wat by MY bly, wat in storm in nood vir MY bly stry en ek weet dat ek vandag hierdie openbaring so nodig sal hê! En dat ek net hieraan gaan dink..aan JAHSHUA se pragtige ReddingstouHare en ek dank U hiervoor JAHSHUA!! Hoe wonderlik is U nie? O hoe raak U nie my hart aan nie?? En SY Aangesig is nog hier voor my en skielik kom SY hare om my en vou my toe en die "toue" draai om my, soos 'n druiwerankie, orals om my en ek is SO dankbaar want dit beteken dat ek nooit

1 Oktober 2019 - Lesing 12 - Die Vroulikheid IN die Godheid/Elohim

*Gen 1:26 En Elohim het gesê: Laat ONS adamiete maak na ONS beeld, **na ONS gelykenis**, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die Hemele en oor die vee en oor die hele Aarde en oor al die diere wat op die Aarde kruip.*

*Gen 1:27 En Elohim het die adamiet geskape na SY beeld; na die beeld van Elohim het HY hom geskape; **man en vrou het HY hulle geskape**. [Maleagi 2:15]*

Uit die Groot Johannes Evangelie - Boek 2 - Hoofstuk 156.

Die manlike en die vroulike van die engele

[10] Die engel (RafaEl) glimlag en sê: "Kyk, ons het dit makliker as julle, want ons dra ons ryklik voorsiene kledingkas in ons wil. Wat ons wil aantrek, het ons tot in die fynste puntjies aan. As jy my egter in my **liggewende kleed** sou wil sien, dan sou jy verblind word en jou vlees sou oplos, want vergeleke met die lig van my kleed is die lig van die son so donker soos die nag."

[11] Die hoofman sê: "Vriend van die mense van hierdie aarde! Die eerste eienskap, om jou sonder materiaal, slegs deur te wil na willekeur te kan klee, staan my baie aan, en die arme mense sou dit spesifiek in die winter baie goed kon gebruik. Maar die ander, eweneens moontlike, te sterk strale van jou liggewaad geval my nie, in elk geval nie nou op hierdie wêreld nie. Daarom sal ons daarvoor ook geen verdere vrae stel nie. Maar één ding sou ek nog graag van jou wil weet; omdat ons nou tog net ons twee is, en ons vir niemand in ag hoef te neem nie, kan jy my dit wel vertel, en dit is: **Is daar by julle ook geslagtelike verskille?**"

[12] Die engel sê: "Hoewel dit 'n ietwat ontaktiese vraag is, wil ek, omdat jy dit slegs maar uit weetgierigheid vra, antwoord met **nee**! In ons bestaan van oergeskape geeste vind jy by ons, wat ontelbaar is, sonder uitsondering slegs maar die **manlik-positiewe** wese, maar tog is ook die **vroulik-negatiewe** grondbeginsels in elkeen van ons volkome aanwesig, en daarom vind jy in elke engel die **volmaakte huwelik van die hemele van Elohim**. Dit hang heeltemal van onself af, na gelang of ons onself in één en dieselfde geestelike omhulsel **in die manlike of in die vroulike** vorm wil laat sien.

[13] Weens die feit dat ons in onself dubbele wesens is, lê ook die rede waarom ons **nie ouer kan word nie**, omdat die twee pole in ons mekaar ewiglik bly ondersteun. By julle mense is die **pole geskei** deur 'n geslagtelik geskeie persoonlikheid en het daarom, omdat elkeen apart is, geen steun vir mekaar nie.

[14] As die geskeie persoonlike pole hulself egter uiterlik raak, **neem hul krag af** en lyk hulle soos 'n

wynsak wat steeds rimpelagtiger word namate 'n mens hom meer van sy geesryke inhoud beroof het. As jy jou egter 'n wynsak sou kon voorstel wat self steeds dit sou kon produseer wat mens daaruit haal, dan sou jy op sy oppervlak nooit die voue en rimpels ontdek wat sy uiterlike daar so oud laat uitsien nie. - Verstaan jy dit goed?"

[15] Die hoofman sê: "Dit is nog nie heeltemal duidelik vir my nie, maar dit voed my nou tog wel 'n bietjie. By 'n gunstige geleentheid sal ons wel nog verder daarvoor praat. Maar nou gaan ons na binne, want die mense verwag ons al!"

[16] Die engel sê: "Ja, ja, dit is so, en ek het ook al die gevoel in my wat julle honger noem."

[17] Die hoofman sê: "O, jy is dan 'n suiwer gees!? Hoe kan jy dan stoflike kos eet?"

[18] Rafael sê glimlaggend: "Beter as jy! By my word **alles wat ek in my opneem, volledig verteer en in sigbare lewe omvorm**, - by jou net maar dit wat pas by jou geïsoleerde lewenspolariteit. Wat nie daarby pas nie, word vervolgens op die natuurlike weg uit jou verwyder. Ek is dus met eet en drink baie beter daaraan toe as jy!"

[19] Die hoofman sê: "Word daar dan in die hemel ook geëet en gedrink nie?"

[20] Die engel sê: "O ja, maar nie soos op die aarde nie, maar geestelik! Ons het die eeue deur die Woord van Elohim ook **in ons**, soos wat hemel en skepping deur die Woord bestaan en heeltemal daarmee vervul is. Die Woord is voorlopig ons wesenlike bestaan en vir dié bestaan is dit ook die enigste werklike lewensbrood en die egte lewenswyn. In ons are stroom dit net soos die bloed wat by julle stroom, en **ons ingewande is gevul met die brood van Elohim**."

[21] Die hoofman sê: "O, dit is ontsettend wys gespreek, dit verstaan ek gladnie, dit moet die Meester Self vir my uitleë! - Maar nou is dit egter hoog tyd om in die huis in te gaan en daarom sal ons nie verder daarop ingaan nie."

Wysheid van Sirag 24:1

DIE Wysheid prys Haarself en te midde van Haar volk word Sy geëer.

Sir 24:2 In die vergadering van die Hoogste El open **Sy Haar mond** en voor SY leërskaie word Sy verhoog. [Job 37:10; JeshajaH 48:3]

***Jesaja 48:3** Die vorige dinge het Ek lankal verkondig, en uit **My Mond** het uitgegaan, en Ek het laat hoor; skielik het Ek volbring, **en Sy het gekom**. [Wysheid van Sirag 24:1 - 3]*

Sir 24:3 **Ek, uit die Mond van die Hoogste El het Ek voortgekom**, en soos die **Wolkkolom** het Ek die Aarde bedek. [Odes van Salomo 30:5; Wysheid van Salomo 7:25]

Sir 24:4 In die hoogtes het Ek alleen gewoon, en **My Troon was in die Wolkkolom**. [Boekrol van Henog 9:4; JeségiEl 1:4]

***Mattheus 24:30** En dan sal die Teken van die Seun van die Adam in die Hemele verskyn, en dan sal al die stamme van die Aarde rou bedryf en die Seun van die Adam sien **kom op die Wolkkolom** van die Hemele met groot Krag en Glansrykheid. [JeségiEl 1 en 10]*

Sir 24:5 Die hemelgewelf het Ek alleen omspan en op die bodem van die Afgrond het Ek gewandel. [JeshajaH 44:24]

Sir 24:6 Oor die branders van die see en oor die hele Aarde en oor elke volk en nasie het Ek regeer.

Sir 24:7 In al hierdie dinge het Ek 'n rusplek gesoek [en gesê:] In wie se erfenis sal Ek woon? [Boekrol van Henog 42; 48:1]

Sir 24:8 Toe het HY, die Formeerder van die heelal, My beveel, en My Formeerder het My woonplek vasgestel; en HY het gesê: **Onder Jakob moet Jy woon en in JisraEl moet Jy [jou] Erfdeel besit**. [Boekrol van Henog 39:5; Profesie van Barug 3:38]

Sir 24:9 Van ewigheid, van die begin af het HY My geskape, en tot in ewigheid sal Ek nie ophou nie. [Exodus 40:34-40]

Sir 24:10 **In die Tabernakel van Apartheid het Ek voor HOM gedien en so was Ek in Sion gevestig**. [Exodus 25:8 ; 25:22; Exodus 40:34; Deuteronomium 30:12; Wysheid van Sirag 19:20; JeshajaH 63:11]

Sir 24:11 In die **geliefde Stad** het Ek, wat My betref, gerus, en in **Jerusalem** was My heerskappy.

Sir 24:12 En Ek het wortel geskiet onder 'n geëerde volk, onder die deel van **JahWeH [en] van Sy erfenis**.

Sir 24:13 Soos 'n **seeder** op die Libanon is Ek verhef, en soos 'n **Olyfboom** op die gebergte van Hermon. [Spreek van Salomo 3:18; Boekrol van Henog 28:1-3]

Sir 24:14 Soos 'n **palmboom** in Engedi is Ek verhef, en soos **roosplante** in Jerigo; soos 'n groen Olyfboom in die Laagland, ja, **Ek is verhef soos 'n plataan by die waters**. [Exodus 30:22-38]

Sir 24:15 Soos kaneel en geurige kalmoes en soos uitgesoekte mirre het Ek 'n geur gegee; soos galbanum en naeltjies en storaksgom en soos **wierook [was Ek] in die Tabernakel**. [Exodus 30:24-34; Levitikus 8:10; Psalm 45:8; 2 Ezra 2:12]

Sir 24:16 Ek, soos 'n **terpentyboom** het Ek My takke uitgestuur, en My takke was takke van Eer en Guns.

Sir 24:17 Ek was soos 'n **Wingerdstok** wat Guns laat uitspruit, en My blomme is die vrug van Glansrykheid en glorie. [Psalm 80:8; 128:3]

Sir 24:18 Ek is die Moeder van regverdige Liefde, en Vrees, en Kennis, en die Belofte van Apartheid: Daarom is Ek, wat vir ewig bestaan, gegee aan al My kinders wat na Hom genoem is.

Sir 24:19 Kom na My toe, julle wat My begeer, en **versadig julle met My opbrengs**.

Sir 24:20 Want My gedagtenis is soeter as **heuning**, en **My Erfenis as 'n heuningkoek**.

Sir 24:21 Hulle wat My eet, sal nog honger wees, en hulle wat My drink, sal nog dors hê.

Sir 24:22 Hy wat na My luister, sal nie beskaamd staan nie, **en werke wat deur My [verrig word], sal nie vernietig word nie**.

Sir 24:23 Al hierdie dinge is die **Boek van die Verbond** van Elohim, die Hoogste El, **die Wet** wat Moshè Ons beveel het as 'n **Erfdeel** vir die vergadering van Jakob. [Exodus 24:7]

Sir 24:24 Moenie beskaam om sterk te wees in JaHWeH nie sodat Hy jou mag aanneem; kleef aan Hom, **want die Almagtige JaHWeH is El alleen en naas Hom is daar geen Verlosser nie**.

Sir 24:25 wat die **Pison** met Wysheid vervul, en die **Tigris** in die dae van die nuwe vrugte;

Sir 24:26 wat verstandigheid laat vloei soos die **Eufraat**, en soos die **Jordaan** in die dae van die oes;

Sir 24:27 wat Onderrig laat oorstroom soos die **Nyl**, en soos die **Gihon** in die **dae van die druiwe-oes**.

Sir 24:28 Die eerste [adamiet] het Haar nie volkome geken nie, en so sal die laaste Haar nie kan naspeur nie;

Sir 24:29 want Haar Insig is groter as die see, en Haar Raad is groter as die Afgrond.

Sir 24:30 Ook is Ek soos 'n stroom van 'n rivier en soos 'n waterkanaal in 'n Tuin het Ek te voorskyn gekom;

Sir 24:31 Ek het gesê: **Ek sal My Tuin natlei, en Ek sal My Tuinbedding versadig** [met water] ; en kyk, die stroom het vir My geword tot 'n rivier, en My rivier het geword tot 'n see.

Sir 24:32 Nog sal Ek Onderwysing soos die môre laat skyn en Ek sal Haar laat uitstraal tot in die verte.

Sir 24:33 Nog sal Ek Onderrig soos profesie uitgiet en Ek sal Haar nalaat vir verre geslagte.

Sir 24:34 Kyk, want Ek het nie vir My alleen geswoeg nie, maar vir almal wat My soek.

3 Oktober 2019 - Lesing 14 - Die Vroulikheid IN die Godheid/Elohim

(**Vervolg**) Sir 24:20 Want My gedagtenis is soeter as heuning, en **My Erfenis as 'n heuningkoek**.

Sir 24:27 wat Onderrig laat oorstroom soos die **Nyl**, en soos die **Gihon** in die **dae van die druiwe-oes**.

Sir 24:31 Ek het gesê: **Ek sal My Tuin natlei, en Ek sal My Tuinbedding versadig** [met water] ; en kyk, die stroom het vir My geword tot 'n rivier, en My rivier het geword tot 'n see.

*Luk 13:6 EN Hy het hierdie gelykenis uitgespreek: 'n Man het 'n **Vyeboom** gehad wat in Sy **Wingerd** geplant was, en Hy het gekom en vrugte aan Haar gesoek en niks gekry nie. [JesajaH 27:3; 38:21]*

*Luk 13:7 Toe sê Hy vir die **Tuinier**: Kyk, drie jaar kom Ek om **vrugte aan hierdie Vyeboom** te soek en Ek kry niks nie; kap Haar uit. Waarvoor maak Sy die Aarde nog onvrugbaar?*

*Luk 13:8 Maar Sy antwoord en sê vir Hom: **Meester, laat Haar nog hierdie jaar staan** totdat ek om Haar gespit en mis gegooi het. [JesajaH 48:9]*

Luk 13:9 As Sy dan vrugte dra, goed; maar so nie, dan kan U Haar anderjaar uitkap.

2Es 1:28 So sê die Almagtige JaHWeH, het Ek julle nie gebied soos 'n **Vader Sy seuns, soos 'n Moeder Haar Dogters, en 'n Oppaster Haar jong babas nie?**

2Es 1:29 Sodat julle vir My 'n volk sou wees en Ek vir julle 'n Elohim, en dat julle **My kinders** moet wees en **Ek vir julle 'n Vader?**

2Es 1:30 Ek het julle bymekaargemaak soos 'n **hen haar kuikens** onder haar vlerke bymekaarmaak; maar nou, wat sal Ek aan julle doen? Ek sal julle van My Aangesig verwerp. [MattithJaHûW 23:37]

2Es 1:35 Julle huise sal Ek gee **aan 'n volk wat nog sal kom**; wat nog nie van My gehoor het nie, en tog sal hulle My glo; aan wie Ek geen tekens getoon het nie, tog sal hulle doen wat Ek hulle beveel. [1 Petrus 2:10]

2Es 1:36 Hulle het geen profete gesien nie, en tog sal hulle hul oortredinge in herinnering roep en dit beken.

2Es 1:37 Ek betuig van die welwillendheid **van die volk wat nog sal kom**, wie se **kleintjies** hulle met Blydschap verheug; en alhoewel hulle My nie met vleeslike oog gesien het nie, **tog in die gees sal glo wat Ek sê**.

*1Pe 2:9 Maar julle is 'n uitverkore saadlyn, 'n koninklike priesterdom, 'n **(EEN) apartgestelde nasie**. 'n **(EEN) Volk as eiendom verkry**, om te verkondig die voortreflikheid van Hom wat julle uit die Duisternis geroep het tot Sy wonderbare Lig, [Exodus 19:6]*

*1Pe 2:10 julle **wat vroeër geen volk was nie**, maar nou die **(EEN) volk van Elohim** is; aan wie toe geen Barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is. [2 Ezra 1:35, 37; Hoséa 1:6-9]*

2Es 1:38 En nou, broeder, kyk watter Glansrykheid, en aanskou die **volk wat uit die ooste** aankom. [Boekrol van Henog 60:8; JeségiEl 43:2]

2Es 1:39 Aan wie Ek as leiers sal gee Abraham, Isak en Jakob, Hosea, Amos en Miga, JôWEI, Abdia en Jona, 2Es 1:40 Nahum en Habakuk, TsefánJaH, Haggai, ZekarJaH en Maleagi, **wat ook noem van 'n Boodskapper van JaHWeH**. [Maleági 2:7]

2Es 2:1 SO spreek JaHWeH: Ek het hierdie volk uit gevangeskap gebring en aan hulle My Wette gegee deur My diensknegte die profete; na wie hulle nie wou luister nie, maar My Raad verag het. [2 Ezra 1:7]

2Es 2:2 **Die Moeder wat hulle gebaar het**, het aan hulle gesê: Gaan weg, julle kinders; want Ek is 'n **Weduwee en verlate**. [Profesie van Barug 4:12]

2Es 2:3 **Ek het julle met Vreugde grootgemaak**; maar met droefheid en hartseer het Ek julle verloor: want julle het voor die Aangesig van JaHWeH julle Elohey oortree en gedoen wat besoodel is voor **HOM**. [JesajaH 54:6]

*Mal 2:14 En julle vra: **Waarom? Omdat JaHWeH getuie is tussen jou en die Vrou van jou jeug** wie jy verraai het, terwyl sy tog jou metgesel is en die **Vrou van jou Verbond**.*

*Mal 2:15 Het Hy dan nie een [adamiet] gemaak nie, hoewel Hy gees oorgehad het? En waarom die een? Hy het 'n saadlyn van Elohim gesoek. Neem julle dan in ag **ter wille van julle gees** en verraai nie die **Vrou van jou jeug** nie. [Génesis 1:27]*

2Es 2:4 Maar wat sal Ek nou met julle doen? **Ek** is 'n Weduwee en verlate; gaan heen, o My kinders, en vra Barmhartigheid van JaHWeH.

2Es 2:5 **Wat My betref, o VADER, Ek roep na U as 'n getuie, as die Moeder van hierdie kinders wat nie U Verbond wil hou nie**.

2Es 2:6 Dat U hulle in skande sal bring **omdat hulle hul Moeder verag het**, sodat daar geen saadlyn vir hulle sal wees nie. [Spreuke van Salomo 1:8; Wysheid van Sirah 15:2]

2Es 2:5 **Wat My betref, o VADER, Ek roep na U as 'n getuie, as die Moeder van hierdie kinders wat nie U Verbond wil hou nie.**

2Es 2:6 Dat U hulle in skande sal bring **omdat hulle hul Moeder verag het**, sodat daar geen saadlyn vir hulle sal wees nie. [Spreuke van Salomo 1:8; Wysheid van Sirah 15:2]

2Es 2:10 SO sê JaHWeH aan Ezra: Sê aan My volk dat **Ek aan hulle sal gee die Koninkryk van Jerusalem** wat Ek aan JisraEl sou gegee het.

2Es 2:11 Die Glansrykheid sal Ek ook vir **Myself** neem en aan hulle die **Ewige Takskuilng** gee wat Ek vir hulle voorberei het.

2Es 2:12 **Die Boom van die Lewe** sal vir hulle wees tot 'n welriekende salf; hulle sal nie arbei of vermoeid raak nie. [Exodus 30:25; Wysheid van Sirah 24:15]

2Es 2:16 En **die dooies sal Ek weer opwek** uit hulle plekke en hulle uit hulle grafte bring; want Ek het My Naam aan JisraEl bekend gemaak.

2Es 2:17 **Moenie bevrees wees nie, Moeder van die kinders, want Ek het U uitverkies, spreek JaHWeH.**

2Es 2:18 Ek sal My diensknegte, JeshajaHûW en JirmeJaHûW, as Hulp stuur, volgens My Raad het Ek vir julle **twalf bome met 'n verskeidenheid vrugte** gewy en voorberei. [Boekrol van Henog 25:2; JeségiEl 47:12]

2Es 2:19 En net **soveel Fonteine wat vloei met melk en heuning**, en **sewe magtige berge** waarop daar rose en lelies groei, waarmee Ek U kinders met Blydskap sal vervul.

2Es 2:20 Spreek regverdig vir die Weduwee, doen Reg aan die wese, gee aan die armes, beskerm die wat verlate is, klee die wat naak is.

2Es 2:21 Genees die wat verwond en krank is, spot nie met die verlamde man nie, verdedig die verminkte, en laat die blinde man kom voor die Aangesig van My Glansrykheid.

2Es 2:22 Versorg die oue en die jonge tussen jou mure.

2Es 2:25 **Voed U kinders op, o goeie Oppasser; versterk hulle voete.**

2Es 2:30 Wees vrolik, U, o Moeder met U kinders; want Ek sal julle verlos, sê JaHWeH.

2Es 2:31 Onthou U kinders wat rus, want Ek sal hulle **uit die geheime plekke van die Aarde bring en Barmhartigheid aan hulle betoon**: want Ek is barmhartig, sê JaHWeH die Almagtige. [Hebreërs 2:10]

2Es 2:32 **Omhels U kinders totdat Ek kom** en betoon Barmhartigheid aan hulle: want My Fonteine loop oor, en My Barmhartigheid sal nie ontbreek nie.

2Es 2:37 Ontvang die gawe wat aan julle gegee word en verheug julle, gee dank aan Hom wat julle na die hemelse Koninkryk geroep het.

2Es 2:38 Staan op, en kyk **die getal van hulle wat**

verseël is vir die feesmaal van JaHWeH; [Openbaring 7:4-8 en 14:1]

2Es 2:39 Die wat oorgegaan het uit die skaduwee van die wêreld, wat **sierlike klere** van JaHWeH ontvang het.

2Es 2:40 **Neem U getal, o Sion**, en maak die getal op uit U wat in wit geklee is, die wat die Wet van JaHWeH onderhou het. [Openbaring 3:18; 7:4]

7:4 En ek het die getal van die verseëlde gehoor: honderd-vier-en-veertigduisend verseëlde uit al die stamme van die kinders van JisraEl -[JeHôWshua 4:2; 2 Ezra 2:38, 40; 13:36]

2Es 2:41 **Die getal van U kinders na wie U verlang het, is vol**: smee dat die Koninkryk van JaHWeH sal kom, sodat **U volk, wat van die begin af geroep is, apartgestel mag word**. [Boekrol van Henog 47:4]

2Es 2:42 EK, Ezra, het op die **Berg van Sion** 'n groot volk gesien, wat ek nie kon tel nie, en hulle het almal Elohim geloof met **liedere**. [Openbaring 14:3]

14:3 En hulle het 'n nuwe lied gesing voor die Troon en voor die vier lewende Wesens en die oudstes; en niemand kon die lied leer nie, behalwe die honderd-vier-en-veertigduisend wat van die Aarde vrygekoop is. [2 Ezra 2:42]

2Es 2:43 En in hulle midde was daar 'n **Jong Man** van hoë gestalte, groter as al die ander, **en op elkeen se hoof het Hy krone geplaas**, en Hy was meer verglans; sodat ek my grootliks verwonder het. [Wysheid 6:21; Boekrol van Henog 45:4; Openbaring 22:4 - 5]

Openb 14:1 EN ek het gesien, en kyk, die Lam staan op die Berg van Sion, en saam met Hom honderd-vier-en-veertigduisend met Sy Naam en die Naam van Sy VADER op hulle voorhoofde geskrywe. [Odes van Salomo 23:21; 42:20; JeshajaH 11:12; 2 Ezra 2:38]

2Es 2:44 Daarom het ek aan die Boodskapper gevra en gesê: meester, wat is hierdie?

2Es 2:45 Hy het my geantwoord en gesê: **Hierdie is hulle wat die sterflike klere uitgetrek het en die onsterflike aangetrek het** en die Naam van JaHWeH bely het: nou word hulle **gekroon** en ontvang palmtakke. [Openbaring 6:11]

2Es 2:46 En ek het aan die Boodskapper gesê: Wie is **die Jong Man** wat hulle kroon en palmtakke in die hand gee?

2Es 2:47 Toe antwoord hy my en sê: **Hy is die Seun van die Elohim, vir wie hulle op die Aarde bely het**. Toe het ek hulle grootliks begin prys, diegene wat so dapper gestaan het vir JaHWeH se Naam. [Openbaring 6:9]

Die Tweede Brief van Johannes

2Joh 1:1 DIE oudste aan **die Uitverkore Vrou (Hemelse MoederTrooster)** en aan **Haar kinders** - wat ek in **Waarheid (Trooster)** liefhet, en nie ek alleen nie, maar ook almal wat die **Waarheid (Trooster)** leer ken het;

2Jn 1:2 ter wille van **die Waarheid (Trooster) wat in ons bly en by ons vir ewig sal wees** -

2Jn 1:3 Guns, Barmhartigheid, Vrede sal met julle wees van die Elohim; die VADER en van onse Meester JaHWèshua die Gesalfde, die Seun van die VADER, in **Waarheid (Trooster) en Liefde (JaHshua)**.

2Jn 1:4 EK was baie bly dat ek van U kinders gevind het wat in die **Waarheid (Trooster)** wandel, soos ons 'n Gebod van die VADER ontvang het.

2Jn 1:5 En nou bid ek U, **Uitverkore Vrou**, nie asof ek U 'n nuwe Gebod skryf nie, maar een wat ons van die begin af gehad het: **dat ons mekaar moet liefhê**.

2Jn 1:6 En Sy is die Liefde, **as ons wandel volgens Haar Gebooie**. Sy is die Gebod soos julle van die begin af gehoor het dat julle in Haar moet wandel. [Sirah 24:18-20]

Tweede Boek van Esra

2Es 5:1 WAT die tekens betref, kyk, die dae sal kom dat hulle wat op die Aarde woon vasgevang sal wees deur groot rykdom en die **Weg van die Waarheid (Trooster) verborge sal wees** en die Aarde sal sonder geloof wees.

2Es 5:2 Die ongeregtigheid sal vermeerder bo haar wat jy nou sien, en bo haar wat jy lank gelede gehoor het. [MattithJaHûW 24:12]

2Es 5:3 En dan sal die **Aarde** waarna jy nou kyk en wat tans die wêreld regeer, **'n verlate woestyn** word voor die mense se oë.

2Es 5:22 En my siel het weer besit geneem van my verstand en ek het weer met die Hoogste El begin praat.

2Es 5:23 EN ek het gesê: O Almagtige JaHWeH wat regeer, uit elke woud op die Aarde en uit die bome van haar het U vir Usself net **een Wingerdstok** gekies.

2Es 5:24 En uit al die Aarde van die hele wêreld het U vir U **een Adamah** gekies; en van al die blomme van die Aarde **een Lelie**; [Hooglied 2:2]

***Hooglied 2:2** Soos 'n lelie tussen die dorings, so is My vriendin onder die Dogters. [2 Ezra 5:24; Daniël 13:2]*

2Es 5:25 En van al die dieptes van die see het U vir Usself **een rivier** gevul; en uit al die beboude stede **het U Sion vir Usself apart gestel**.

2Es 5:26 En uit al die voëls wat geskep is, het U vir Usself **een Duif** geneem; en uit al die vee wat gemaak is, het U vir U **een Lam** voorsien.

2Es 5:27 En tussen al die menigtes van volke het U vir U **een volk** verkry; en aan hierdie volk wat U liefhet, **het U 'n Wet gegee** wat bo alle ander goedgekeur word.

[Ode oor die Waarheid.]

Ode van Salomo 24.1 DIE Duif het afgevlieg op die **hoof van ons Meester**, ons Gesalfde, want Hy was Haar hoof. **2** Sy het oor Hom gesing, en **Haar Stem** is gehoor. [MattithJaHûW 3:16-17] **3** Die bewoners het gevrees, en die verbasterdes het gesidder.

['n Ode deur die Seun]

28 SOOS die vlerke van 'n duif oor haar kleintjies en die bekke van die kleintjies gerig is na hulle [moeders se] bekke, so ook is die **Vleuels van die Gees** oor My Siel. [Hooglied van Salomo 3:11, 6:9]

2 My Siel is verheug en spring op van vreugde, soos die kindjie wat in **Sy Moeder se baarmoeder** opspring.

2Es 6:15 En wanneer die Stem spreek, moenie bevrees wees nie; want **die Woord is oor die einde**, en die fondamente van die Aarde sal dan ook verstaan

2Es 6:16 dat as adamiet van hierdie dinge spreek, beef die Aarde en word bewoë, want sy weet dat haar einde ook moet verander.

2Es 6:17 En toe ek dit hoor, het ek op my voete gestaan en geluister, en kyk, daar was **'n Stem** wat gespreek het en die geluid daarvan was soos die geluid van baie waters. [Openbaring 14:2]

2Es 6:18 En **die Stem** het gesê: Kyk, die dae kom en dit sal gebeur dat Ek sal nader kom om hulle te besoek wat op die Aarde woon.

2Es 6:19 En Ek sal begin om hulle te ondersoek, hulle wat ander onregverdig beledig het, wanneer die **beproeving van Sion vervul** sal wees.

2Es 6:20 EN wanneer die wêreld, wat begin om te vergaan, verseël sal wees, dan sal Ek hierdie tekens toon: **die boekrolle sal voor die uitspansel geopen word en hulle almal saam sal hom sien**. [Openbaring 5:9]

2Es 6:25 Wie ook al oorbly van al hierdie dinge waarvan Ek jou vertel het, sal ontvlug en My Redding sien en die einde van julle wêreld.

2Es 6:26 En die adamiëte wat aangeneem is, hulle wat **nie die Dood sedert hulle geboorte gesmaak het nie**, sal dit alles sien; en die hart van die bewoners sal verander word, en 'n heel ander betekenis kry.

2Es 6:27 Want besoedeling sal dan uitgeroei wees, en bedrog geblus.

2Es 6:28 Maar die **Geloof sal bloei**, en verdorwenheid oorwin wees, en die **Waarheid, (Die Trooster) Sy wat so lank sonder vrug was, sal ge-openbaar word**. [JeHôWgan 14:26]

2Esra 6:54 En hierna het U Adam aangestel oor al U skepsele; uit hom kom ons, **die volk wat U uitverkies het.**

2Es 6:55 Al hierdie dinge het ek voor U gespreek, o my Meester, want **ter wille van ons, het U die Aarde gemaak.**

2Es 6:56 MAAR oor die ander nasies wat ook uit Adam gekom het, U het gesê dat hulle niks is nie **en hulle met spuug vergelyk**; en hulle menigtes het U vergelyk met 'n druppel wat uit 'n emmer val. [JeshaJaH 40:15]

2Es 6:57 En nou, o my Meester, hierdie nasies wat as niks gereken was nie, **het begin om ons te oorheers en ons te verteer.**

2Es 6:58 Maar ons, U volk, wat U U **eersgeborene** genoem het, U eniggeborene en U vurige liefde, is in hulle hande oorgegee. [Exodus 4:22]

Jesaja 53:6 Ons almal het gedwaal soos skape, Ons het elkeen Ons eie pad geloop; **maar JaHWeH het die skuld van Ons almal se ongeregtigheid op Hom laat neerkom.**

53:7 Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het Sy mond nie oopgemaak nie; **soos 'n Lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n Ooi wat stom is voor die aangesig van Haar skeerders - ja, Hy het Sy Mond nie oopgemaak nie.** [Boekrol van die Opregte 19:35; Psalm 129:3; Levitikus 5:5]

2Es 7:25 En daarom, Ezra, is die leë dinge vir die wat leeg is, en die **vol dinge vir die wat vol is.**

2Es 7:26 Kyk, die tyd sal kom dat die tekens waarvan Ek jou vertel het sal gebeur; **die Bruid sal verskyn, en Sy sal openlik vertoon word, Sy wat nou vir die wêreld verborge is.** [Psalm 98:2; Odes van Salomo 23:18; 30:6; 41:8; Hooglied van Salomo 3:11; Job 28:20; Boekrol van Henog 46:3; JôWEI 2:16; JeshaJaH 40:5; 52:10; 66:14; Daniël 13:32; 1 Petrus 1:5; Judit 10:7; Openbaring 11:19]

2Es 7:122 Maar die oordeelsdag sal die einde wees van die teenswoordige wêreld en die **begin van die ewigdurende wêreld** wat gaan kom, in 'n wêreld waar bedrog sal verdwyn,

2Es 7:123 alle gruweldade vernietig en ongeloof uitgedelg, waarin Geregtigheid tot volle wasdom sal kom **en die Waarheid sal verskyn soos die son.** [JeshaJaH 60:17]

Maleagi 4:2 Maar vir julle wat My Naam vrees, sal die **Son van Geregtigheid** opgaan, en daar sal genesing onder Sy (**HAAR**) Vleuels wees; en julle sal uittrek en huppel soos kalwers uit die stal.

SIEN SKETS:

Openbaring 19:7 Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die Majesteit gee, want die **Bruilof van die Lam** het gekom en **Sy Vrou het Haar** gereed gemaak.

19:8 En aan Haar is gegee om bekleed te wees met gewasde en glansende fyn linne, want die fyn linne is die regverdige daad van die Apatres.

19:9 Toe sê hy vir my: Skryf - geseënd is die wat genooi is na die **bruilofsmaal** van die Lam. En hy sê vir my: **Dit is die ware Woorde van Elohim.**

21:9 En een van die sewe Boodsquappers wat die sewe bekers gehad het, vol van die sewe laaste plae, het na my gekom en met my gespreek en gesê: Kom hierheen, ek sal jou **die Bruid toon, die Vrou van die Lam.**

21:10 En hy het my in die gees weggevoer op 'n groot en hoë berg en my **die groot Stad** getoon, **die Aparte Jerusalem**, wat uit die Hemele van Elohim neerdaal;

21:11 en Sy het die Glansrykheid van Elohim gehad, en **Haar Lig** was soos 'n baie kosbare Steen, soos die kristalhelder jaspissteen.

Malachi 4:2 Version Commentary Language

and with healing of Righteousness the Sun My name who fear to you But shall arise

4770 [e] 5695 [e] 6335 [e] 3318 [e] 3671 [e]

mar-bêq. ke'eḡ-lê ū-piš-tem wī-šā-tem bik-nā-pe-hā;

מִרְבֵּק כְּעֹגְלֵי וַיִּצְאֵתָם וַיִּצְאֵתָם בְּכַנְפֵּיהּ

stall-fed like calves and grow fat and you shall go out in His wings

N-ms Prep-k | N-mpc Conj-w | V-Qal-ConjPerf-2mp Conj-w | V-Qal-ConjPerf-2mp Prep-b | N-lpc | 3fs

Preposition-b :: Noun - feminine plural construct :: third person feminine singular

Jesaja 66:

5 Luister na die Woord van JaHWeH, julle wat vir Sy Woord bewel! Julle broers, julle haters wat julle verstoot om My Naam ontwil, sê: Laat JaHWeH eerbaar word, dat ons julle Vreugde kan aanskou! Maar hulle sal beskaamd staan!

Isa 66:6 Hoor - 'n rumoer uit die **Sfadtad!** Hoor - uit die **Tempel!** Hoor - dit is JaHWeH wat Sy vyande hulle dade vergeld!

Isa 66:7 **Voordat Sy Weë gekry het, het Sy gebaar; voordat smart oor Haar gekom het, is Sy van 'n seuntjie verlos.** [2 ShemuEl 1:28; 2 Konings 4:17; JeshajaH 65:9; Openbaring 12]

Isa 66:8 Wie het so iets gehoor? Wie het sulke dinge gesien? **Sal die Aarde op een enkele dag geboorte skenk? Of word 'n nasie met een slag gebaar? Want Sion het Weë gekry, meteens Haar kinders gebaar.**

Isa 66:9 Sou Ek naby die geboorte bring en Haar nie laat **baar** nie? sê JaHWeH. Of sou Ek wat laat **baar**, self toesluit? sê jou Elohey.

Isa 66:10 **Wees bly saam met Jerusalem en juig in Haar, almal wat Haar liefhet!** Wees vrolik saam met Haar, baie vrolik, almal wat treurig oor Haar was!

Isa 66:11 sodat julle kan suig en versadig word aan die **Bors van Haar vertroostinge**; sodat julle kan uitdrink en julle verlustig in die volheid van Haar Glansrykheid.

Isa 66:12 Want so sê JaHWeH: Kyk, die **Vrede** lei Ek na Haar toe soos 'n rivier en die rykdom van die nasies soos 'n oorlopende stroom; **en julle sal suig, julle sal op die heup gedra word en op die knieë getroetel word.**

Isa 66:13 Soos iemand wat **deur sy Moeder** getroos word, so sal Ek julle troos; en julle sal in **Jerusalem** getroos word.

Isa 66:14 **En julle sal Haar sien**, en julle hart sal vrolik wees, en julle gebeente sal groei soos die jong gras; dan sal die **Hand van JaHWeH** bekend word aan Sy knegte, en Hy sal op Sy vyande grimmig wees. [2 Ezra 7:26]

Galasiërs 4:

22 Want daar is geskrywe dat Abraham twee seuns gehad het, **een uit die slavin en een uit die vrye.**

Gal 4:23 Maar die een uit die slavin is gebore na

die vlees, en die ander een uit die **vrye deur die belofte.**

Gal 4:24 Dit is sinnebeelde, want dié vroue staan vir **twee verbonde**: een, van die berg Sinai afkomstig, wat vir die **slawerny** kinders baar—dit is **Hagar**;

Gal 4:25 want Hagar staan vir die berg Sinai in Arabië en kom ooreen met die **teenswoordige Jerusalem (hedendaagse Christendom/Kerk en Gees van Besoedeling)** en is met haar kinders saam in **slawerny**.

Gal 4:26 Maar **Jerusalem (Hemelse Waarheid/Troster)** daarbo is vry; **en Sy is die Moeder** van ons almal.

Gal 4:27 Want daar is geskrywe: **Verbly jou, onvrugbare wat nie baar nie**; breek uit en roep, jy wat geen barensnood het nie, want die kinders van die eensame is meer as van haar wat 'n man het.

Gal 4:28 Maar ons, broeders, is soos Isak, **kinders van die belofte**;

Gal 4:29 maar soos destyds hy wat na die vlees gebore is, hom wat na die Gees was, vervolg het, so is dit nou ook.

Gal 4:30 Maar wat sê die Skrif? **Werp die slavin en haar seun uit, want nooit mag die seun van die slavin saam met die seun van die vrye erwe nie.**

Gal 4:31 Daarom, broeders, ons is nie kinders van die slavin nie, **maar van die vrye.**

Woord op 07/10/19 - 10H00 aan Daniel Grobbelaar

"In hierdie tye van benoudheid wat strek regoor MY Suid-Afrika en regoor die hele Aarde en in elke vasteland, sal MY Naam weerklink in die Wese van MY Liefdesgees wat sal sweef oor die waters van wanorde en sonde.

Die Aarde raak weer woest en leeg, soos aan die begin. MY Gees sweef oor die waters en EK aanskou al die woeste vrugtelose skeppings in die menseharte. Hulle aardes is deurtrek met bossies en vrugtelose bome wat besig is om uit te droog. Daar is nie Water nie en die Dou sak nie neer in die vroegoggend van hulle nuwe môres wat EK vir hulle skenk nie. Die Reëns val nie, omdat MY Gees, wat die Reëns bring, weggewys word.

Die Boer wil saai in die dorre grond van hulle hartslande en die boere wil die grond berei en MY Seën word deur hulle uitgespreek met hulle hartshande binne-in hul grond. Maar die siel van hierdie grond wil nie sien nie en wil nie hoor nie. Die hart wil nie dat die Boer en die boere en die Boermoeder en die boermeisies in die hartsgrond van hulle siele werk deur die LIEFDE van MY Gees nie. Daar is geen vogtigheid in die lug van hulle hemele en geen voëls wat lof toebting in en tot MY, die LIEFDE nie.

Geen visse wemel in die besoedelde oseane, damme en riviere van hul **hartstogtelike oortuigings en misleiding** nie. Indien daar visse in die waters van julle siele wemel, dan is julle tog vissers van mense, nie waar nie?

Die saad val op klipharde grond en tussen die rotse en distels. As die siel se grond net gesuiwer, versag en bevrug kan word deur die Voeding en Krag van MY **Gees van Wysheid en Waarheid, in EEN!** MY Woorde wat die Saad van die Lewe is, val op hierdie grond en die droë winde van dwaling en onstandvastigheid in MY waai MY Saad weg en bereik nooit die Kragkiem opgesluit binne die Skatte van die hart nie. MY Kragkiem gee LEWE en VOEDING sodat MY Saad in julle kan ontkiem en wat dus lei na Liefdes-Skeppings wat ontstaan in die Aarde en Hemele van MY Volksharte. **Maar MY Kragkiem, wat MY Gees van Waarheid is, word toegesmoor deur die kieme van verraad, liefdeloosheid, bedrog en geen Erns** om MY en MY Woord te oordink en daarvolgens te leef nie.

Daarom, aan hulle wat die dwaling wil hê, aan hulle sal dit gegee word. Maar aan hulle wat MY wil hê en die **Soet Reuk van MY Gees** in hulle Aarde laat waai sodat hul Aarde verkwik en genees kan word, aan hulle sal EK MY Waarheid gee en ook, MY Verlossing! Hulle wat ag slaan op MY Woorde en dit in alle Erns oordink, en daarvolgens hul lewens aan MY toevertrou, aan hulle behoort die Erfland van MY Verbond! EK IS WAT EK IS, EK IS GETROU!

Oordink MY Woorde aan MY Profete van ouds en van die huidige tye en die tye wat kom. Maar word nie mislei deur die valse dwaling van hierdie wêreld nie! MY Woorde word deur MY teenpool en sy meelopers

verdraai en nou moet MY Woorde voor hulle **besoedelde agendas** neerbuig! O julle dwase slangsaad! Dink julle nie verder nie? Dink julle dat julle MY in MY Aangesig kan uitdaag deur om **MY Ewige Woorde te verdraai en te besoedel** en dit so aan MY Volk op te dis?

O hoe sal die **koninkryk van Engeland** val! MY Hand is teen julle gerig omdat julle MY Woorde van Vermaninge verwerp het deur julle bese mammon agendas! Ook aan julle, **Amerika**, ook aan julle en julle koninkryk het EK MY Woorde van Waarskuwing gestuur om julle tot ander insigte te bring, maar julle het MY Woorde verloën! Julle dink julle kan die oë van oë wees en die ore van ore! Maar weet, EK SIEN ALLES EN EK HOOR ALLES! EK aanskou julle bedrog en **geheime satans-agendas** om MY volk te flous met verleidelike woorde! Die koninkryke van hierdie Aarde sal tot niet gaan en **julle sal teenmekaar opstaan** in julle begeertes na mag en krag! Daardeur en daarin sal julle die Hand van MY in werking sien! Hierdie is MY Skepping, en MY Werke!

MY Volk, **MY Dogter van Sion**, MY Huis van Judah! Luister na die Stem van EK IS WAT EK IS! Oordink MY Woorde en laat Skeppings voortkom deur MY Krag en Leiding in julle. **Wees MY Oorwinningsvolk en rys uit soos die Arend bo die misleiding en verraad van die kraai!** HOOR! HOOR! HOOR!

MY Wysheid daal neer in die harte van hulle wat Haar begeer. Julle, MY kinders, oordink die Woorde toe EK gespreek het met Moses toe EK aan HOM MY Wet gegee het, toe EK gesê het: "Eer jou vader en eer jou moeder". **Oordink hierdie Woorde** MY kinders, jongkinders en tieners wat grootword in hierdie wêreld! Luister na die **tug** van julle vader en slaan ag op die **raadgewing** van julle moeder. Toon respek aan hulle wat jou in die wêreld gebring en groot gemaak en versorg het.

Net soos op die Aarde, netso ook in die Hemele; netso sorg ONS ook vir julle vanuit ONS Hemele-Koninkryk! Aan die vaders en moeders van MY volk spreek EK, JAHWEH van die Skeppingsleërmag, hierdie Woorde: Tugtig julle kinders en lei hulle in die Weë van MY Liefde en Waarheid, wat vry maak. Onderrig hulle in MY Wet van Liefde en leer hulle om nederig, respekvol en leersaam te wees. Julle, vaders en moeders van MY kinders wat EK aan julle toevertrou het, het die Goddelike Plig vanuit MY, om hulle op te pas, te beskerm en hulle te laat opgroeï in MY Lering en Weë van **Waarheid, Regverdigheid en Geregtigheid**. Edel is die man en vrou wat harte aan hande bind, en die kind wat opgroeï **NET DEUR MY BLOED VERBIND!**

Skryf vir MY tot hier MY kneg en EK sal jou laat begin sien, **dieper en dieper en wyer en wyer** sal EK jou laat sien! EK IS!
JAHSHUA..."

Johannes 16

13 Maar wanneer **Sy** gekom het, die **Gees van die Waarheid**, sal Sy julle in die **hele Waarheid** lei; want Sy sal nie uit Haarself spreek nie, maar alles wat Sy hoor, sal Sy spreek en die **toekomstige dinge aan julle verkondig**. [Odes van Salomo 3:10; JeHôWganan 14:26] 14 **Sy sal My vereer, omdat Sy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig**.

Woord op 08/10/19 – 08H00 aan Daniel Grobbelaar

“MY kneg, EK het jou gebede tot MY gehoor en EK IS getrou om altyd jou en elkeen van MY kinders se gebede te beantwoord. EK IS WAT EK IS!

Ja MY kneg, dit is droewig om te aanskou die liefdeloosheid en die eie-ek alleen gerigte eie-liefde. Meeste van MY kinders gaan om met hulle eie planne en doelwitte wat MY nie behaag en dus ook nie MY goedkeuring dra nie. Hulle fokus net om aardse prestasies te behaal sonder om MY enige dank te bring omdat dit EK is wat altyd sorg en seën.

MY kneg, skrywe hierdie Woorde van MY, van ONS! **Hoor o Huis van Israel en hoor o Huis van Judah! Hoor o Dogter van Sion!** Luister na MY julle SKEPPER en VADER! Hoor na die geroep van MY **Wysheid** na die hart se geestesore. Kan julle Haar nie hoor nie? Waarom kan julle nie **MY Gees se Stem** hoor of aanvaar nie? Dit IS EK, EK IS WAT EK IS! Luister o familie-stamme vanuit MY Huis van Israel en MY Huis van Judah! Hoor en slaan ag op die Woorde van EK IS JAH! Aan elke familie rig EK MY Woorde deur hierdie kneg van MY en luister na die Waarheid wat EK vir julle gestuur het. Waarom kan julle, MY familie-stamme, waarom kan julle nie in eenheid in MY Liefde **vergader en leef** nie? Waarom word MY familie-stamme so uitmekaar geskeur en gedryf?

Laat EK julle sê waarom, want MY Oë sien ALLES! Meeste van julle is net daarop uit om julleself en julle begeertes te bevredig en julle eie lewensdoelwitte te bereik, al kos dit die verloëning van MY Wet van LIEFDE! Ja MY Volk, julle skreeu en spreek en sê: **“Ons moet as volk saamstaan!”**, maar hoe sal julle as Volk saam kan staan in MY, as julle dit nie eers met ‘n paar mense in jul eie bloedfamilies kan bereik nie? Hoe dink julle moet julle dan as Volk kan saamstaan? Hoor MY vrae gerig aan julle en oordink MY Woorde!

En wanneer julle skreeu en sê: **“Ons moet saamstaan!”**, dan word dit sonder MY Leiding gespreek en **EK is nie welkom in jul midde nie**. Julle, meeste van MY kinders, vaders en moeders in MY familie-stamme, stel nie belang in **MY Geestelike Waarhede en Verborge Skatte** nie. Julle neem MY en MY Woord nie met Erns in ag nie en stel MY aan as ‘n bysaak in julle

lewens. Julle is so besig en mors soveel energie met julle gejaag na wêreldse prestasies en rykdomme. Daar word nie tot MY gebid met opregte harte wat MY Skatte begeer nie. Julle presteer wel goed in aardse terme en volgens die wêreld, maar vir MY is julle prestasies in die Geestelike en die Liefde maar armsalig. ‘n Gejaag na **eie-eer en rykdom** terwyl julle die **armes uitbuit en vertrap** gaan MY nie aan nie en sulke sondes stink voor MY Aangesig!

Hoor wat spreek EK IS van die Leërskaer! EK het julle kom leer as JAHSHUA en MY Lering van Liefde en Waarheid vir julle kom gee, maar helaas het MY Lering maar min Skeppings in julle harte voortgebring. Dit is as gevolg van julle besluite om nie gehoor te gee aan MY, dat julle harte woens en leeg lyk, soos aan die begin. EK as die Almagtige kan julle nie forseer of teen julle eie vrye wil, wat EK vir julle gegee het, gaan nie. Die gevolge, hetsy Seëninge of vervloekinge, is die reaksie van MY Wette, **Die Wet van Liefde of die Wet van Sonde en Versoening**, deur julle eie besluite tot stand gebring. Dit is nie EK wat vervloek nie, **dit is EK wat Rig en Lei!** Maar julle word gewaarsku en vermaan om julle weë te omvorm tot MY Weg van **Liefde en Waarheid, in MY Apartgesteldheid**.

MY familie-stamme vanuit MY Huis van Israel en MY Huis van Judah, hoor en luister na MY Liefdesgees: Julle word getoets elke dag van julle lewens en beproewinge kom oor julle paaie om te kyk hoe julle daarop reageer. Hoe moet julle as volk saamstaan, as julle eie families dit nie kan doen nie? Daar is soveel haat, afguns, leuentaal, skindery en twis dat MY familie-stamme uitmekaar geskeur word. Dit veroorsaak groot wonde en seer aan MY kinders. Dit is waarom EK MY Wet van Liefde gegee het sodat julle binne hierdie Laer kan inkom en tot Liefde kan omvorm. MY familie-stamme, voorwaar sê EK: **Rig julle harte na MY en MY Gees en rig julle harte opreg na mekaar, julle geliefdes!**

Julle Oorwinning en Vryheid lê opgesluit in die verandering van jul lewens na ‘n leefwyse van **opregtheid, eerlikheid, Liefde, Wysheid en Waarheid**. Vergewe mekaar se oortredinge en vergeet mekaar se skade aangerig. Kom en verenig in MY en MY LIEFDE, WAT EK IS, en staan saam in die **Verstroosting van jul Moeder, soos ‘n Hen haar kuikens**.

Aan die opstandiges en hoogmoediges wat nie wil luister nie, spreek EK, EK IS WAT EK IS: Julle word vermaan om julle sondes en bedrog te stop en **julle wat kwaadsteek sal self deur kwaad gesteek word; dit bring julle oor julleself deur julle eie liefdelose dade**. Begin as MY familie-stamme, te fokus op MY en MY Woord en leer saam in MY Lering wat EK vir julle

gebring het en steeds bring. Groei saam en rig jul harte eendragtig na MY en mekaar. So kan MY Volk begin leer om in MY saam te staan, en nie sonder MY nie! **Eendrag in MY maak Mag en eendrag in MY bring Oorwinning!** Dit is net EK wat verlos en laat oorwin. Wees lief vir mekaar elke dag en spreek sonder 'n tong van skinder, leuens en afguns. Geseënd is MY familie-stamme wat Liefde verkies!

Weet dit, dat as julle nie as families wil omvorm tot MY Liefdesorde nie, dan sal EK julle self tugtig en op julle foute uitwys deur MY Gees en deur MY knegte, wie hulle ookal mag wees. Begin te leef in opregte Liefde teenoor mekaar en MY bo alles! Die Tyd is min en **daar is nie meer tyd vir twis en baklei onder MY kinders nie!** Luister na die Woorde van EK IS! EK IS JAHSHUA! Skrywe tot hier MY kneg en wees gefokus

op dit wat EK aan jou wys, sien die golwe wat aan kom is en sien hoe die sprinkane die lande leegstroop. MY Volk sal EK losmaak uit die bande en kettings van verslawing aan hoogmoedige eie-liefde en dwaling.

Vir julle, MY kinders wat die afgodstempels, kerke en valse leerstellings verlaat en verlaat het, en dit oorweeg om te verlaat, weet en besef dat wanneer julle dit doen, **moet die valse leerstellings en kerke julle ook verlaat.** Julle siele moet gesuiwer word en heeltemal opnuut geskep word sodat MY Waarheid kan neerdaal en die Weg berei vir **MY Nuwe Jerusalem in jul harte.** Dit is net EK wat julle kan bevry en Vrymaak in Waarheid, vanuit die Oergrondpool van MY Ewige Liefde.

Tot hier MY kneg. **EK IS LIEF VIR JULLE, spreek jul JAH!"**

2 Thessalonicense 2

2Th 2:3 Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die **mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf**

2Th 2:9 hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande **kragtige dade en tekens en wonders van die leuen**

2Th 2:10 en met allerhande verleiding van ongeregtheid in die wat verlore gaan, **omdat hulle die Liefde tot die Waarheid nie aangeneem het om gered te word nie.**

2Th 2:11 En daarom sal Elohim hulle **die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo,**

2Th 2:12 **sodat almal geoordeel kan word wat die Waarheid nie geglo het nie,** maar behae gehad het in die ongeregtheid.

Jeremia 31

Jer 31:10 Luister na die Woord van JaHWeH, o nasies, en verkondig in die kuslande wat ver is, en sê: **Hy wat JisraEl verstrooi het, sal hom vergader en hom bewaak soos 'n Herder Sy kudde.**

Jer 31:11 Want JaHWeH het Jakob losgekoop en hom verlos uit die hand van hom wat sterker was as hy.

Jer 31:12 En hulle sal kom en op die **Hoogte van Sion** jubel en toestroom na die seëninge van JaHWeH, na die **koring** en die **vars wyn** en die **olie** en na die jong skape en beeste; en hulle siel sal wees soos 'n **welbesproeide Tuin**, en hulle sal verder nie meer kwyn nie.

Jer 31:13 **Dan sal die Maagd Haar verheug** in die koordans, ja, die jongmanne en die oues tesame; en Ek sal hulle rou in Vreugde verander en hulle troos en hulle tot blydschap bring uit hulle kommer.

Jer 31:14 En Ek sal die siel van die priesters verkwik met vettigheid, en **My volk sal versadig word met My seëninge**, spreek JaHWeH.

Jer 31:15 So sê JaHWeH: 'n Stem word gehoor in Rama, geklaag, bitter geweën; **Ragel ween oor Haar kinders**; Sy weier om getroos te word oor Haar kinders, omdat hulle daar nie is nie. [MattithJaHûW 2:18]

Jer 31:16 So sê JaHWeH: Bedwing Jou stem van geweën en Jou oë van trane; **want daar is loon vir Jou arbeid, spreek JaHWeH; en hulle sal uit die Aarde van die vyand terugkom.**

Jer 31:17 Ja, daar is verwagting vir Jou nakomelingskap, spreek JaHWeH; **en die kinders sal terugkom na hulle grondgebied.**

Ode van Salomo 33

5 MAAR 'n **Volmaakte Maagd (Die Trooster)** het

gestaan, en aangekondig en uitgeroep en gesê,

6 Draai om, julle seuns van adam, en julle, hulle dogters, kom, 7 En verlaat die weë van verdorwenheid en **kom na My;**

8 En **Ek sal julle binnedring** en julle uit vernietiging haal en julle wys maak in die **Weë van Waarheid.**

9 Moenie verdorwe raak nie, en moenie tot niet gaan nie.

10 **Luister na My en word verlos.** Want Ek verkondig aan julle die Barmhartigheid van Elohim.

11 Deur My sal julle verlos word en geseënd word: **Ek is jul Regter.**

12 En diegene wat hulle met My bekleed, sal nie verwerp word nie, maar sal **Onverdorwenheid** in die nuwe wêreld verkry.

13 O My uitverkorenes, **wandel in My!** En Ek sal My Weë bekend maak aan hulle wat My soek, en maak dat hulle in **My Naam** sal vertrou. [Wysheid van Sirah 15:1-10] Halalu-JaHH/Prys jul JaHH!

13 En Noag het gou gemaak en na sy broer se huis gegaan; en sy broer se vrou was duidelik dood, en sy was op die punt om geboorte te skenk. [JirmeJaH 1:5]

14 En Noag sê aan Nir: Moet jou nie ontstel nie, Nir, my broer, want JaHWeH het ons skaamte vandag bedek, aangesien niemand van die volk hiervan weet nie; en nou, maak gou, laat ons haar begrawe en JaHWeH sal ons skande bedek.

15 En hulle het Sofonima op 'n bed neergelê en haar in swart klere aangetrek, en die deur toegemaak en in die geheim grafkelders gaan uithol.

16 En toe hulle uitgegaan het na haar graf, het die kind uit die lyk van Sofonima gekom en op die bed gesit.

17 Noag en Nir het ingekom om Sofonima te begrawe en hulle het die kind gesien wat by die lyk gesit het en hy het 'n kledingstuk aangehad.

18 Noag en Nir was baie verskrik, want die kind se liggaam was volmaak: hy het met sy mond gepraat en JaHWeH geseën.

19 Noag en Nir het na hom gestaar en gesê: Dit is die werk van JaHWeH, my broer.

20 Kyk, die Seël van die priesterskap was op sy bors en hy was 'n vreugde om te aanskou.

21 En Noag het aan Nir gesê: Broer, kyk, JaHWeH sal die Tabernakel van Apartheid na ons herstel.

22 En Nir en Noag het gou gemaak en die kind gewas en hom getooi in die priesterlike klere, en hulle het hom brood gegee wat geseën was en hy het hom geëet, en hulle het hom Melgisédek genoem.

30 JaHWeH het Nir gehoor en aan hom in 'n visioen in die nag verskyn en aan hom gesê: Aanskou, Nir, die verbastering op die Aarde is oral: Ek sal dit nie langer verduur of uithou nie.

Hulle tyd op aarde is wel kort maar die hoër doel is nog meer belangrik en sal voortduur tot in Ewigheid. Julle voorgeslagte Het Julle lief, hoor, Hulle het Julle baie Lief en smeeke by MY om Hulle sondes nie op Julle hoofde neer te bring nie want in MY Regverdigheid, weet Hulle, dat die sondes van die ouers noodwendig op die kinders neerkom. Daarom, en dit is een rede, dat EK DIE GILGAL KLIPWIEL gestig en geskep het. Ter wille van Hulle EN julle. En dan sal dit voortgaan na Julle erfgename en dit sal vir Hulle beter wees om Julle Erns te erf as Julle sondes. Hierdie is 'n Baie ERNSTIGE saak en beïnvloed mense oor geslagte heen! Vertrou MY en weet dat EK vooruit gaan en dinge vir Julle gunstig rig - tot voordeel van Julle voorgeslagte, Julleself EN julle nageslag wat in Julle voetspore moet volg. Leer hulle dus van die regte weg voor dit te laat is en vertel Hulle van MY en MY groot BEWEGING en lê die klem op Hulle harte dat Hulle sondes as erfstukke oorgeplaas sal word op Hulle kinders maar dat die Goeie OOK oorgeërf word. Leer Hulle om eensgesind te sien deur MY GEES wat hierdie dinge aan Julle bekend maak en 'n Eenheid onder Julle wil bring. Laat Hulle die gevolge van Hulle daade verstaan, nie net in hierdie Lewe nie maar ook in die Lewe hierna EN wat dit inhou vir Hulle nageslag. Skryf Julle sondes in die Gilgal Klipwiel en laat Julle voorgeslag toe om dit wat verkeerd gegaan het NOU HIER reg te maak want die stortvloed van sondes is buitengewoon groot en hier sal ONS die briek aandraai en die osse uitspan want Julle hoef nie meer op die wa van sonde te ry nie maar nou bied EK julle IETS GROOTS aan wat Julle selfs fisies tot veel groter dinge as Hulle in staat sal stel. En Hulle staan by Julle en moedig Julle aan soos 'n ouer by 'n sportveld. Maar met die verskil dat hierdie nie 'n aardse wedstryd van verbygaande aard is nie, maar 'n groot BEWEGING wat sonde wil stopsit en dit ook sal regkry in en deur Julle, nou vandag. Amen. 'n Eenheid bring EK nou oor Julle. Volg in MY spoor. Amen

"Dankie SHUA!!!" JAHSUA praat met my en sit die mooiste robyn oorbelle in die vorm van 'n traandruppeltjie in my ore... En skielik onthou ek dat my ouma so lief was vir oorbelle in die vorm van 'n druppeltjie en ek weet dat SY dit vir HOM gevra het. Dat dit so 'n bevestiging is van hierdie boodskap want ek het nie aan my ouma gedink nie. Ek gaan net na JAHSUA toe omdat ek Lief is vir HOM en dan kom en verras HY my met dinge wat 'n dieper betekenis het vir my.

JAHSUA het ons na 'n baie hoë berg gestuur om daar iets kosbaars te gaan haal. Tussen afgebrande graspolle wat weer groen begin uitloop, donker, amper swart grond met geen klippe hoegenaamd in

die hele omtrek nie, lê hier reg voor my voete 'n stukkie wit agaat wat ook Chalcedoon genoem word en wat een van die kosbare stene is wat die fondasie vorm van die Nuwe Jerusalem. En toe ek hom sien sê JAHSUA dadelik vir my om hom op te tel en hom vir ons voorgeslagte op die Gilgal Klipwiel te gaan sit. Die klip se formasie het ook 'n boodskap vir ons en dit is "Vorentoe. Opwaarts." En dit is in hierdie berg dat ek hierdie wonderlike bergboodskap ontvang het. Dit is baie kosbaar en betekenisvol. JAHSUA druk dit baie sterk en gedurig op my hart hoe ons moet weet dat ons nie alleen is nie. En ons almal van die Gilgal Klipwiel moet na Paardekraal toe gaan. Dis baie belangrik. Ek weet net dat JAHSUA dit uiters belangrik vind en dit onophoudelik vir my sê! As daar iemand is wat nie geld het om te kom nie, laat weet my privaat en ek weet JAHSUA sal ons help dat ons Julle kan help. Moenie te trots wees om te vra nie, ons is een liggaam in HOM! Als wat ons het kry ons net van HOM, en waar ons kan help sal ons!! Kom net asseblief Paardekraal toe!

Openbaring ontvang op 18/10/19, 12H00 aan Daniel Grobbelaar

“Hoe kosbaar is die hart wat luister na MY Woord en MY Woord ten uitvoer bring vanuit die impulse van Lig, Lewe en Liefde. Hierdie Drie Saad wat wortel skiet en groei tot Magtige Bome van MY Volmaaktheid, tot MY as MY Wese, uitgedruk as Lig, Lewe en Liefde. Geseënd is die hart se Grond wat hierdie Drie Bome dra! O hoe edel is die siel wat gehoor gee aan MY Geestelike Klanke van Woorde, Gedagtes en Daad! Geseënd is die oor wat luister na MY Stem van Liefde en MY Liefde as die HOOGSTE GESAG ag! Dit is dan immers EKSELF, die LIEFDE – in, deur, en vanuit die LIEFDE, terugkeurend tot die LIEFDE; net soos EK as Wese ook verborge lê in die Gilgal-Klipwiel. Kan julle dit sien? Laat EK dit aan julle openbaar op hierdie dag en neem MY in ag. EK, as die Rooi Middelpunt, die Draaipunt, die As en Middel-Boom, EK is die LIEFDE as Bron, as Oerbron, as Oergrondpool van EWIGE LIEFDE! Vanuit MY gaan uit in alle rigtings, die LIEFDE in alle vorme, volmaakte frekwensies, verskillende kleure, skakerings, klanke, stemtone van MY Stem, Liefdesdade en Verkondiging van MY Evangelie van MY LIEFDE. Regdeur al MY Twaalf Stamme weerklink MY STEM van LIEFDE in alle vorme soos EK dit beskik het volgens die graad en vlak van die siele se rytheid en gereedheid. In alle rigtings, volgens MY Wiel se Speke gaan MY LIEFDE, LIG, en LEWE uit vanuit MY as Middelpunt van die Skeppings der Skeppings en EK as Skepper van Horisonne der Horisonne van Wêreld der Wêreld! ALLES kom vanuit MY, alles Goed, Volmaak en Liefdevol! Alles doen EK in die Lig en ook in die Verborge Lig, die Wolkkolom. Soos MY Liefde-Strale uitgaan vanuit MY in alle sieleharte van MY Volkskinders, so bind die Speke saam aan mekaar deur die Samehangende, saambindende Buiteband, die Koepel, MY Gewyde Wil. So vorm MY Gewyde Wil die Wiel en bind al MY kinders saam in die sirkelvormige Apartgesteldheid van MY Aparthede. Daarom sê EK aan julle in MY Seënwoord: “Edel is die Man wat hart aan hande bind...”. So stroom my LIEFDE, LIG en LEWE deur die Speke van MY Volk, regdeur tot deur die Koepel van MY Wil en stroom weer deur verskillende Speke volgens die Windrigtings van MY Gees se Werking, terug na MY. In verskillende Kleure van MY Geeste draai MY Wiel in verskillende Sfeer van MY Skepping en op verskillende Vlakke van MY Hemele. EK sit op MY Troon en op die Tafel waar MY Brood ook gebreek word vir julle, is MY Lewende Gilgal teenwoordig voor MY Aangesig. Op MY Tafel, is MY Gilgal-Laer opgestel, die Tafel van MY Hemelse Manna en waar MY Geeste werksaam is tesame met MY Profete en Sieners van ouds, om vir julle in die eindtyd

MY Woorde te bring van Liefde, Lig, Lewe! EKSELF is by julle in julle harte, teenwoordig met MY Wapenrusting om julle te bekragtig met die Klanke en Kleure van MY Wil. Luister mooi en fyn na MY en let op MY Gees van Waarheid, wat julle wil Vrymaak vanuit jul slawerny van sonde en benoudhede. Soos die Wiel rol en draai in alle rigtings en so meer en meer Krag en Lig van Waarheid opwek volgens MY Wil, so keer die Stroom van MY Lig, Lewe en Liefde terug na MY, tot die BOOM VAN DIE EWIGE LEWE, wat EK, VADER IS! Vergader die kindertjies o Dogter van Sion, MY kindertjies, by Gilgal en laat hulle sing tot MY, hulle Skepper en Vader. Sing o boere en jubel O Dogter van Sion! Vanuit Sion gaan MY LIEFDESWET en vanuit MY GILGAL-VADERHART, kom MY Woorde en Verborgenhede vir hulle wat smag na MY.

Daar kom ‘n Dag waar GILGAL en PAARDEKRAAL finaal sal verenig op die Dag van BLOEDRIVIER. Dit is MY Doelwitte om julle, MY Boerevolk, te verenig in MY EWIGE HUIS wat opgerig word. Wees nie halfhartig en vol twyfel nie MY volk. Loop nie agter organisasies en bewegings aan wat vrede en verlossing verkondig nie! NET EK DOEN DIT! Daarom, kom na MY! Keer julle harte na MY en julle sal hoor hoe weerlink MY Straal van Lig vanaf die Ooste na die Weste en vanaf die Noorde na die Suide! MY Waarheid, oorwin! GILGAL is die Kraal vir hulle wie op die Perde van Werksame Wil en Krag deur MY Wingerd gallop in die verkondiging van MY Liefde en Waarheid! Dit is hulle wie MY lof en eer getuig!

Maak gelyk! Maak gelyk die Berge en Dale en... VERWAG MY!

Neem hierdie Woorde van MY in ag op hierdie dag.
EK IS WAT EK IS.”

Hoofstuk 26 op 17 Oktober 2019 om 9:23

JAHSUA vat my siel en trek my in die mees wonderlikste water in. Die heerlikste kalmste gevoel kom in my binneste in terwyl ek hierbinne is en die mooi water sien. Dit is skoon ligblou en die temperatuur is presies reg. Ek raak bewus van die wese van die water. Skielik is verdrinking nie meer so grieselrig nie. Ons sien nie wat werklik in die water is nie. Daar is geeste in die water. En hier waar ek nou saam met JAHSUA is, is ONS in die Hemele se water en hier sien ek duidelik vir die eerste keer wat water regtig is. Alles kom uit water uit. Dit is die bron van alles. Water is die moeder van alle lewe. Ek sien 'n vroulike wese wat hierbinne is. Dit is SY wat my elke keer uit die stres en angs gehelp het in 'n droom wat ek gehad het. En nou sien ek HAAR ook hier en ek kan nie beskryf die wonderlike dinge wat ek voel nie. Ek voel hoe ek gevoed word in hierdie Lewenswater, in hierdie Vrugwater. Dis werklik asof ek in Vrugwater is, in die Moeder. Dis so kosbaar dat ek sommer huil. "Wees net hierbinne saam met MY. EK wil dit vir Jou gee vir 'n nuwe begin vir Jou Volk." En ek bly hier vir 'n lang tyd...en groot dinge gebeur hierbinne. Ek voel hoe die water in beweging kom en ek besef die grootheid van hierdie watermassa en my siel gaan saam en beweeg heen en weer soos water op aarde ook maak. En hier gaan groot beroeringe aan en ek weet dat alles hierbinne besig is om in beroering te kom vir 'n groot gebeurtenis maar wat dit gaan wees voel ek so bietjie-bietjie maar nie in die volheid van wat dit regtig gaan wees nie omdat ek te klein is, omdat ek 'n mens met 'n liggaam is. Dit is soos 'n groot rep en roer wat die baba onrustig maak omdat hy nie verstaan wat aangaan nie en bang is dat hy agterbly of vergete word. Maar tog ook nie heeltemal nie want ek weet dat ek nie vergete kan word of agter kan bly nie. Ek weet net nie wat alles gebeur nie maar ERVAAR dit duidelik en ek is ontsaglik opgewerk nou, want hier kom GROOT dinge en ek dink aan ons as mense op aarde wat nie gereed is nie...ek dank JAHSUA dat HY in beheer is want anders sal niemand gered word nie. Ek dank U KONING JAHSUA want niemand is goed nie, behalwe U, behalwe JY! Maar JAHSUA laat my weer vergeet van my swakhede en HY laat my fokus op die Water en dit maak my hart ontsaglik bly want hier is ek tuis en volmaak, onskuldig deur SY Vlees en Bloed en Genade en Liefde. En die Water(ONS) bars uit in are en vore wat soos 'n boom se wortels lyk en ek besef ONS IS in 'n boom se wortels, besig om daarin te vloei en die Boom te benat en te bevogtig. En ek besef en sien duidelik dat elke ding wat water doen vir die water 'n groot belangrike werk is waarop "sy" haarself

voorberei en neerstort met alles in haar. Water gaan vir dit (Go for it) soos wat ek nog nooit voorheen besef het nie. En skielik bars ek met die grootste VREUGDE los en dis FANTASTIES WONDERLIK BEVRYDEND SKREEUEND GILLENDE LEKKER! "WEES VRY!" Hoor ek JAHSUA hard uitroep en die volgende oomblik besef ek dat Ons deur die blare na buite gekom het en verder gaan en verdamp en heerlijk vry in die lug ingaan en ek besef dat water elke keer vryheid verkry, of vry gemaak word na 'n werk en dan in die lug in opstyg in die grootste vryheid omdat hulle 'n werk goed gedoen het! Dis soos 'n beloning vir die waterdeeltjies om te verdamp en hoog te gaan na bo. Maar dit is nie 'n permanente vryheid nie. Nie op hierdie aarde nie omdat die sieleleer prosesse noodwendig so moet verloop. JAHSUA het eenkeer vir my gesê dat HY die sieledeeltjies van die insekte vlerke gegee het sodat hulle 'n bietjie vryheid kan voel na die lang pad deur die plante waar hulle baie gebind en gekluister was en sodat hulle kan sien wat vir hulle bestem is vir eendag ver in die toekoms. Maar dan moet hulle weer verder gaan in ander diere in deurdat hulle hulle kos word en dan moet hulle maar weer tevrede wees om sonder vlerke verder te leef. En so is dit ook met die voëls. En nou sien ek dit met waterdeeltjies ook. Maar water is ook JAHSUA! HY vang HOMSELF op in 'n vaste vorm en gee HOMSELF as water vir ons! HY dra ons in ons eie liggame as water! Hoe naby is U nie aan ons nie?? Dis een rede hoekom HY sê EK werk IN en DEUR Julle. Dankie my JAHSUA!

En nou voel ek hoe ek saam met die waterdeeltjies hoog en vry is, klaar met die werk in die boom maar alreeds besig met 'n nuwe werk om die atmosfeer te bevogtig. Water se werk is onophoudelik! En ek voel 'n energie in die water wat ek nog nooit voorheen besef het nie! Ek voel 'n opophoudelike "gaan voluit vir dit" gevoel! Moenie ophou nie. Jou hele wese is besig om te werk waar jy gaan, EN GAAN VOLUIT VORENTOE!! En ek is so bly hieroor want dit is die boodskap wat ek gekry het van BO en van ons voorgeslagte wat vir my 'n klip gegee het vanaf die hoogste berge om op die Gilgal Klipwiel te gaan sit vir Hulle! Die merke op die klip wys "Gaan net vorentoe, beur net boontoe!" Dan is dit ook nogal Agaat (Calcedoon) wat een van die kosbare stene van die fundamente van die Nuwe Jerusalem is.

En ek sien weer die wonderlike VROU in die water, JAHWEHSUA wat ook vroulik is in GEES en ek is deel van HAAR, maar sien HAAR ook. En ONS duik vorentoe en is skielik in die liggaam van 'n walvis wat heerlijk vry speel in die water en dit is vir my SO Wonderlik om dit te ervaar want ek sien 'n rykdom in water wat ek nog

nooit voorheen so gesien het nie, al is ek hoe lief vir water! Ja, water bevat ALLE LEWE in HAARSELF en water is HEMELS! O JAHSHUA stuur asseblief die reën!!! Ek wens dit reën nou dat ek daar buite kan gaan rondspring in dit!!! O JAHSHUA laat dit orals reën asseblief! Ons land is SO droog!! Kom U af op ons asseblief!! Laat val USELF op ons as reën!!! Kom werk in ons, kom werk orals SOOS U my nou gewys het, asseblief JAHSHUA!! Moenie wegbly oor die wat U nie wil dien nie maar kom vir ons wat U liefhet, asseblief JAHSHUA!! My hart is DANKBAAR EN BLY vir hierdie openbaring, JAHSHUA WONDERLIKE LIEFDEVOLLE JAHSHUA, JAHWEH WAT VERLOS!!!!!! JAHWEH WAT LIEFHET!!! Ek is nou sommer lief vir myself omdat U in my is! En JAHSHUA wys vir my allerhande seelewe en varswaterlewe en dis SO wonderlik vir my om dit vanuit hierdie oogpunt te sien! O daar wag wonderlike dinge vir ons! Net om verlos te wees van die liggaam wat alles soos met 'n dik bril en filter ervaar en dan skielik als te sien soos dit regtig is gaan fantasties wees! Krioelende lewe vanuit die Lewende Gees wat ook Water is! En die volgende oomblik hoor ek JAHSHUA sê "Sien Jy nou hoe uitbundig oorvloedig die Lewe in een druppel is?" en ek sien verwonderd dat ek langs HOM staan en na 'n druppel in SY hand kyk en my siel is SO aangeraak hierdeur dat ek in SY GOEDHEID "oplos" en my siel net na HOM toe oorgaan en ek wil NOOIT OOI sonder HOM wees nie!! En JAHSHUA neem my op en ek is IN HOM. Dit is die mees wonderlikste gevoel OOI! Om binne-in die grootste LIEFDE te wees – dit is onbeskryflik. Ek wil net so sit en dit ervaar maar JAHSHUA sê "Skryf" en ek hoor water loop, soos badwater wat intap, of 'n klein stroompie, en ek kry 'n groot seëning net om hierna te luister want die vloeiende Water is ook SY Stem "Gooi Jou brood op die waters dan sal dit vir Jou op 'n reënerige dag 'n groot seën laat terugvloei. Gooi jouself in MY water in en word genees! Gee MY Jou hand en kyk daarbinne wat EK vir Julle berei het. EK het MYSELF binne Julle gegraveer in die Water in Julle Liggame! Ja, Water is EK en EK is Water! Sien MY hierin en sê dankie vir elke druppeltjie wat EK laat vloei vanuit MY Vaderbors. EK het Julle SO Lief dat EK MYSELF IN JULLE geplaas het om Julle siele te red en uit te bring na bowe. Daar is 'n rede dat MY sy gesteeke is aan die kruis en dat daar Water uitgevloei het. Die Water en die Bloed, die Goeie en die Ware, Die Liefde en Die Goedheid, dit het alles bymekaar gekom in MY Liggaam en is as iets vleesliks gesien maar in der Waarheid sit hier baie dieper dinge agter dit as wat die mens kon agterkom. MY seën is so groot dat EK selfs met MY "dooie liggaam" 'n seën laat uitvloei het oor die mensekinders en dit was 'n teken dat EK nooit sal

ophou om MY LEWENDE WATER te laat vloei nie. Selfs nie eers in die tyd waarin Julle leef nie. Water is al so oud soos die berge en nog ouer as die berge want MY Water is die oorsprong van als! Elke mens het MY binne hom en selfs die diere-en plan teryk bevat MY as Water en sal deur die Water na BO gaan en vervolmaak word en so sal dit aangaan tot in ewigheid want EK BOU ALTYD en breek nooit af nie. Waterbesoedeling is direk vanuit die hel afkomstig en dit behoort duidelik te wees vir elkeen wat hierdie lees waarom daar waterbesoedeling voorkom! Satan breek altyd af en daarom is daar ook nie water in die hel nie en versmag elke siel wat daarheen gaan van die dors. EK IS DIE LEWENDE WATER. Wie MY DRINK sal NOOIT STERF NIE, maar leef tot in ewigheid!! Drink water en neem MY so in! Julle besef nie mooi wat al die dinge om Julle is nie. Net 'n sekere gedeelte is aan Julle bekend en die res moet Julle utoeleef in Geloof in MY. Water is kosbaar en mense besef dit eers wanneer daar 'n skaarste is. Dit is die rede vir die droogte in julle land. Dit is sodat julle kan besef waar dit vandaan kom, wat dit is en WIE dit gee. Besef dat EK MYSELF gee in die reën. Besef dat Julle MY drink wanneer Julle water drink en WEET dat daar NIKS water in die hel is nie en daarom ook geen Goedheid kan bevat nie. Water is GOEDHEID, Water is Sagtheid, Water is EK in daardie vorm en EK IS GENADIG teenoor Julle wat nog bo die grond is en nie onder in die hel nie. Daar waar MY GENADE ophou om in Goedheid te heers, daar is geen Water nie, maar net die streng regverdige oordeel. Soos wat die ryk man agtergekom het toe hy gevra het dat die arm Lasarus net sy vingerpunt sal natmaak en in sy mond steek. Geen Genade is aan hom verleen nie, soos wat hy geen Genade gehad het vir die armes nie. 'n Streng maar regverdige Regter is EK vir die wat MY so verkies. Maar sag en volop is EK vir die wat MY Liefhet en MY Water drink. Vir Hulle sal EK sag wees, soos Water, volop soos MY Riviere en onophoudelik sal EK vloei tot in ewigheid. 'n Vriendelike Rivier is EK waarin niemand kan verdrink nie maar waarin elkeen die Ewigheid sal ontdek! Met soveel VREUGDE vloei EK vanuit MY Hemele na Julle hier op aarde en val as reën op Julle neer en vir baie lank nou al waardeer die mense dit nie en sien Hulle nie die ooreenkoms tussen MY en die Water nie en dit is om hierdie rede dat EK MYSELF weerhou het om in reën na die aarde te val. Maar kry Julle opgaartenks reg want EK gaan vloei vir Julle wat MY liefhet en EK sal ter wille van Julle MYSELF neerstort op die aarde, stortvloed op stortvloed sodat Julle harte kan oorloop van BLYDSKAP en dit kan oorvloei vanuit Julle realm na MY realm en MY Rivier in die Hemele kan oorvloei met al Julle Dankbaarheid! Want Julle besef nie dat Julle

ook MY RIVIERE volmaak wanneer Julle dankbaar is nie! So gaan GEES altyd weer oor in vlees om Julle te voed en te dra en deur Julle Dankbaarheid word dit weer omgeskakel in GEES! Die kringloop van die LEWE! Dit is van onskatbare waarde vir MY as Julle die vlees weer in die GEES omskep deurdat Julle in LIEFDE EN BLYDSKAP MY DIEN en DANKBAAR is oor die vleeslike seëninge. Die GEES sal ALTYD die grondslag van ALLE LEWE BLY! En Julle sal van Julle kant af weer die vlees in GEES omskep en terugbring na die EWIGE HUIS en TUISTE in die HEMELE en hier wil EK elkeen van Julle weer versamel, soos wat EK MYSELF in die wolke versamel en weer as reën na die aarde val om weer en weer diensbaar te wees tot die dag dat dit nie meer nodig sal wees op hierdie aarde nie. So wil EK hê dat Julle sal voortgaan met Julle arbeid en nie moeg of mat raak nie maar voluit gaan en die vuiste sal bal vir die werk wat voorlê en nie gaan lê nie! Gaan vir dit! Slaan Jou slag en doen wat EK Julle vra! Dan sal dit goed gaan met Julle en die reën sal altyd op die regte tyd val! So spreek EK, DIE ALLERHOOGSTE, DIE MAGTIGE WATERS WAT ALLE LEWE BEVAT. AMEN

Die boek Ester (Innerlike Hemelse Waarheid)

Hierdie boek is weereens nie volledig in u Bybel nie en die kritieke gedeeltes is ook, raai weer, as Deutero-Kanoniek verklaar! Ek sal egter uit die Boek van Herinnering aanhaal, waarin die Boek van Ester gerestoureer is, met die betrokke uitgelate verse weer teruggesit op hul plekke. In hierdie boek word die werking van die Trooster weereens vir ons weggesteek en sien ons die in vervulling gaan van die gedeeltes in **1Esra 3** waar Serrubábel beweer dat die vrou die sterkste is, maar bowenal sal die Waarheid oorwin.

Weens die lengte van die hele Boek van Ester sal ek volstaan met die kerngedagtes en dit bevestig met verse, want ek glo dat u nou al self in staat is om hierdie verborgenhede te identifiseer. Hierdie verhaal speel af toe Juda in ballingskap was onder die mag van die konings van die Mede en die Perse. Koning Ahasvéros (**beteken ek sal stilbly en arm wees**) het oor die hele bekende aarde regeer. Alhoewel 'n heidense koning, stel hy vir ons die krag van JaHshua in die ballingskap toestand na die Val van die Geeste in die destydse ryk van Lucifer voor. Ook is dit Hy wat in hierdie aardse bedeling heers, alhoewel deur 'n heidense koning.

Hierdie koning wil 'n groot feesmaal gehou het, en wat almal regdeur die wêreld moes bywoon. Dit stel die wedergeboorte voor. Maar soos ons weet, is die heersende werksame gees op aarde tans die gees van besoedeling, wat gladnie in hierdie maaltyd belangstel nie. Ook was sy die werksame gees nadat Lucifer geval het, naamlik Satana self. Sy word voorgestel deur koningin Vasti (**beteken pragtig**), wat weier om te verskyn vir die maaltyd. Volgens die wet van die Meders en die Perse, moes sy toe vervang word. Dus word daar onder die maagde gesoek na 'n geskikte koningin om die posisie te vul. Vasti, voorstelling van die gevalle vroulike gees, Satana, weier om uit te kom om die koning te dien. Nou moet sy vervang word in hierdie gevalle ryk van Lucifer. Dit is die toentertydse sinnebeeld, maar daar is nog 'n sinnebeeld en dit is vir vandag se tyd, hier aan die einde van tye.

*2 Toe sê die jongmanne van die koning wat hom dien: Laat hulle vir die koning **maagde soek wat mooi van aansien is**; (geestelik gesien, maagde wat suiwer in hul liefde is vir JaHWeH)*

3 en laat die koning beamptes aanstel in al die provinsies van sy koninkryk, dat hulle al die maagde wat mooi van aansien is, bymekaar laat kom in die vesting Susan, in die vrouehuis, onder toesig van Hege, die hofdienaar van die koning, die bewaker van die vroue; en laat hulle skoonheidsmiddele aan hulle gee. (geestelike opleiding ontvang)

*4 En die jongmeisie wat die koning geval, **moet in die plek van Vasti koningin word**. Hierdie woord dan was goed in die oë van die koning, en hy het so gedoen.*

Ester (**beteken ster**), die Gees van waarheid, word deur haar oom, Mórdegai (**beteken klein man of dwerg**) nader gebring na die vrouehuis, sodat sy die nodige voorbereiding kan ondergaan om aangebied te word vir die koning as bruid. **Ester 2:2-4**

5 Daar was 'n man van JeHûWdah in die vesting Susan met die naam van Mórdegai, die seun van Jair, die seun van Símei, die seun van Kis, 'n Benjaminië,

*6 wat uit Jerusalem **weggevoer was onder die ballinge wat in ballingskap moes gaan saam met JekonJaH, die koning van JeHûWdah, wat Nebukad-nésar, die koning van Babel, weggevoer het.***

*7 En hy was die opvoeder van Hadássa (**beteken mirteboom**), sy is Ester, die dogter van sy oom, want sy het geen vader of moeder gehad nie; en die jongmeisie **was skoon van gestalte en mooi van aansien**, en by die dood van haar vader en haar moeder het Mórdegai haar as sy dogter aange-neem.*

Wie stel Mórdegai dan voor? In die destydse gevalle ryk van Lucifer stel hy verseker die twee-derdes getroue engele voor. Ook bring hy as voog of peetouer hierdie jonge maagd, hierdie **nuwe Gees van Waarheid** (Ester) wat nou ontstaan het as gevolg van die val in die duisternis in. Onthou weer, waarheid het eers noodsaaklik geword toe die leuen verskyn het. Voor dit was dit net heerlijkheid sonder sonde, dus geen noodsaak vir waarheid nie.

In ons sinnebeeld vir hierdie tyd is die herkoms van Mórdegai belangrik, want die eindtyd redding sal deur die **stam van Benjamin** geskied, dus sal die Gees van Waarheid die sterkste manifesteer in die geestelike stam van Benjamin, naamlik die Boerevolk*. Vandaar sal die hele Israel die lig ontvang, net soos wat ons verhaal in hierdie boek van Ester sal vertel. (*lees ook "Die oorblyfsel sal draai", "Die boodskappe van Elohim aan Lukaas van Hout" en "Die Melgisédék orde")

*9 En die meisie het hom geval en guns by hom gevind; daarom het hy gou gemaak om haar die nodige skoonheidsmiddele en die regte ete te gee en haar **die sewe uitgesoekte meisies uit die paleis van die koning te verskaf**; en hy het haar met haar meisies verplaas na **die beste gedeelte** van die vrouehuis.*

10 Ester het haar volk en haar afkoms nie te kenne gegee nie, omdat Mórdegai haar beveel het om dit nie te vertel nie.

Insiggewend is die sewe diensmeisies waarvan gepraat word, en dat Ester dadelik die beste ontvang. Dat haar afkoms geheim gehou word, sê vir ons dat hierdie dinge diep in verborgenheid sal wees. Hier is daar weer 'n verborge stukkie waarheid, wat vergelyk kan word met **Spreuke 9:1-3**, waar die moeder ook bedien word deur diensmeisies en sewe pilare, wat die sewe

aartsengele voorstel, wat ook sewe geeste (diensmeisies) is.

Spreuke 9:1 DIE Wysheid het Haar Huis gebou, Haar **sewe Pilare** uitgekap, [Openbaring van Henog 11:40]

2 Haar slagvee geslag, Haar wyn gemeng, ook Haar tafel gedek.

3 Sy het **Haar Diensmeisies** uitgestuur, Sy nooi uit op die hange van die verhewe plekke van die Stad: [Spreuke 31:15; Hooglied 6:8; Daniël 13:15]

Ons gaan verder. Ester word toe voor die koning gebring en as koningin gekroon.

16 Ester is toe by koning Ahasvéros **in sy koninklike paleis opgeneem** in die tiende maand, dit is die maand Tebet, in die sewende jaar van sy regering.

17 En die koning het Ester liefgekry meer as al die vroue, en sy het guns en welwillendheid voor hom gevind meer as al die maagde; en **hy het die koninklike kroon op haar hoof gesit en haar koningin gemaak in die plek van Vasti.**

Nou gaan ons oor na 'n droom wat Mórdegai gehad het en wat verklaar word aan die einde van die boek, sodat u kan sien wie Ester eintlik voorstel. Ook sal u in die volgende hoofstuk lees van Haman, 'n bose man in die ryk van hierdie koning wat 'n verskriklike verteerende haat teenoor Mórdegai en sy volk gehad het. Haman stel die een-derde gevalle engele voor in die destydse gevalle ryk voor, wat gedurig heul met die uitgesette koningin Vasti (Satanagees) om Mórdegai en sy volk te verwoes. Maar Ester (Gees van Waarheid) is in die verborgenheid nou die koningin en staan tot die einde toe by haar twee-derde behoudende geeste. U kan self die sinnebeeld vir hierdie tye insien.

Ester 2:20d En dit was sy droom: Daar het 'n geroep en 'n geraas ontstaan, en donderslae en aardbewinge, en 'n groot verwarring op die Aarde.

20d1 En kyk, **twee groot Drake** het teenoor mekaar gestaan, en hulle was gereed om te veg.

20e En toe hulle skreeu, het al die nasies hulle voorberei **vir die stryd teen die volk van die regverdiges.**

20f Dit was 'n dag van duisternis en gevaar, van verdrukking en benoudheid; en 'n geweldige Vrees het oor die Aarde gekom.

20g Die **volk van die regverdiges was ontsteld**, want hulle het groot besoedeling vir hulleself verwag en hulle het hulle voorberei om te sterwe.

20h Hulle het na Elohim geroep. En terwyl hulle roep, het 'n **klein Fontein vermeerder tot 'n baie groot rivier en voortgevloei soos 'n magtige stroom.** [Sirah 24:30-31]

20i **Lig en die son het gekom**; en die wat verdruk is, het hulle verhef en die hoogmoediges verslind.

20j Toe Mórdegai hierdie dinge gesien het, het hy opgestaan van sy bed, en hy het gepeins wat Elohim voornemens was om te doen. En hy het die droomgesig vasgehou in sy gees, omdat hy begeer het om die sin daarvan te verstaan.

Hierdie droom word in **Hoofstuk 9** verklaar deur Mórdegai self.

Ester 9:22a En Mórdegai het gesê: Hierdie dinge het deur Elohim gebeur.

22b Want ek herinner my 'n droomgesig waarin al hierdie dinge voorspel is, en nie een ding daarvan het on vervul gebly nie.

22c **Die klein Fontein** wat tot 'n rivier vermeerder en dan in 'n lig en die son verander en soos 'n magtige stroom wat voortgevloei het, - **sy is Ester**, wat die koning as sy vrou geneem het en **oor wie hy besluit het dat sy koningin sou wees.**

22d **Die twee Drake is ek en Haman.**

22e Die nasies wat saamgekom het, is die wat pogings aangewend het om die naam van die manne van JeHûWdah uit te roei.

22f Maar my volk is JisraEl, wat na JaHWeH geroep het; en **JaHWeH het Sy volk verlos**: Hy het ons gered uit alle boosheid, en Hy het groot tekens en wonders gewerk onder die nasies.

22g Ook **het Hy twee lotsbestemmings verordineer**: een vir die volk van Elohim en 'n ander vir die orige nasies.

22h En altwee lotsbestemmings het op die dag wat vanaf daardie tyd reeds vir al die nasies bepaal is, voor die Aangesig van Elohim gekom.

22i En JaHWeH het aan Sy volk gedink, en **Hy het Hom ontferm oor Sy Erfdeel.**

In die destydse gevalle ryk het die dinge toe so plaasgevind en die een-derde rebelle (Haman) het nie die twee-derde getroues (Mórdegai) vernietig nie, want die Gees van Waarheid (Ester), wat uiteindelik deur JaHshua opgeneem is as Sy vroulike negatiewe polariteit, het in hierdie gevalle wêreld van ons, haar volk bygestaan en sodoende gered. Die rebelle is toe almal in die openbaar opgehang (in die doderyk beland), aan dieselfde galg wat hulle die getroue volk wou ophang. Hier is dit JaHshua en Sy Ester wat in die doderyk neergedaal het om die getroue Mórdegai deel na sy paradys te bring. Dit is die prentjie in die geheel, maar daar is ook 'n sinnebeeld wat nou binnekort op hierdie aarde sal afspeel, waar Ester, die Gees van Waarheid binne die Dogter van Sion (geestelike maagd) weereens die hele Israelvolk sal red in ons laaste stryd teen die Antichris (Haman).

Levitikus 22:27 As 'n bees of 'n lam of 'n bok aankom, moet dit **sewe dae lank onder sy moeder bly**; maar van die agtste dag af en verder sal dit met welgevallen vir 'n bydrae aangeneem word, **deur vuur berei aan JaHWeH.**

28 Oktober 2019 - Lesing 30 - Die Vroulikheid IN die Godheid/Elohim

Naomi Widowed

Rut 1:1 EN in die dae toe die Rigters geregeer het, was daar hongersnood in die Aarde; daarom het 'n man uit Betlehem-JeHûWdah weggetrek om as vreemdeling te vertoef in die veld van Moab, hy en sy vrou en sy twee seuns.

Rut 1:2 En die naam van die man was EliMeleg, en die naam van sy vrou Naómi, en die naam van sy twee seuns Maglon en Giljon, Efratiete, uit Betlehem-JeHûWdah, en hulle het gekom in die veld van Moab en daar gebly.

Rut 1:3 En EliMeleg, die man van Naómi, het gesterwe, maar sy met haar twee seuns het oorgebly.

Rut 1:4 En hulle het vir hulle vroue uit Moab geneem; die naam van die een was Orpa en die naam van die ander Rut; en hulle het daar omtrent tien jaar gebly.

Rut 1:5 En toe Maglon en Giljon altwee sterwe, en die vrou sonder haar twee seuns en haar man oorbly,

Ruth's Loyalty to Naomi

Rut 1:6 het sy haar gereed gemaak met haar skoondogters en teruggegaan uit die veld van Moab, want sy het in die veld van Moab gehoor dat JaHWeH op Sy volk ag gegee het deur aan hulle brood te gee.

Rut 1:7 So het sy dan haar woonplek verlaat en haar twee skoondogters saam met haar. Maar toe hulle op pad was om na die Aarde van JeHûWdah terug te gaan,

Rut 1:8 sê Naómi aan haar twee skoondogters: Gaan heen, draai om, elkeen na die huis van haar moeder; mag JaHWeH aan julle Medelye betoon soos julle aan die dode en aan my bewys het.

Rut 1:9 Mag JaHWeH gee dat julle 'n rusplek vind, elkeen in die huis van haar man; en sy het hulle gesoen. Maar hulle het hul stem verhef en geweën

Rut 1:10 en aan haar gesê: Nee, ons wil saam met u teruggaan na u volk.

Rut 1:11 Maar Naómi sê: Draai om, my dogters! Waarom sou julle met my saamgaan? Het ek nog seuns in my liggaam, dat hulle julle mans kan word?

Rut 1:12 Draai om, my dogters, gaan heen; want ek is te oud om 'n man te hê. Al sou ek sê: Ek het hoop! en nog vannag aan 'n man mag behoort en ook seuns baar -

Rut 1:13 sou julle in dié geval kan wag totdat hulle groot geword het? Sou julle in dié geval julleself opsluit om nie aan 'n man te behoort nie? Ag nee, my dogters, want dit is vir my baie bitterder as vir julle dat die Hand van JaHWeH teen my uitgestrek is.

Rut 1:14 Toe verhef hulle hul stem en ween weer; en Orpa het haar skoonmoeder gesoen, maar Rut het haar aangehang.

Rut 1:15 Daarop sê sy: Kyk, jou skoonsuster het

omgedraai na haar volk en na haar gode toe; draai om agter jou skoonsuster aan!

Rut 1:16 Maar Rut sê: Moenie by my aandring dat ek u moet verlaat om agter u om te draai nie; want waar u gaan, sal ek gaan; en waar u vertoef, sal ek vertoef; u volk is my volk, en u Elohey is my Elohey.

Rut 1:17 Waar u sterwe, sal ek sterwe en daar begrawe word! Mag JaHWeH so aan my doen en so daaraan toedoen - net die dood sal skeiding maak tussen my en u.

Rut 1:18 Toe sy sien dat sy vas besluit het om met haar saam te gaan, het sy opgehou om met haar te spreek.

Naomi and Ruth Return

Rut 1:19 En hulle twee het op pad gegaan totdat hulle in Betlehem gekom het. En toe hulle in Betlehem kom, het die hele stad oor hulle in opskudding geraak, en die vroue het gesê: Is dit Naómi?

Rut 1:20 Toe antwoord sy hulle: Noem my nie Naómi nie: noem my Mara, want die Almagtige het my baie bitterheid aangedoen.

Rut 1:21 Vol het ek weggetrek, maar leeg het JaHWeH my laat terugkom. Waarom sou julle my Naómi noem, terwyl JaHWeH teen my getuig het, en die Almagtige my kwaad aangedoen het?

Rut 1:22 So het Naómi dan teruggekeer en Rut, die Moabitiese, haar skoondogter wat saam met haar uit die veld van Moab teruggekom het; en hulle het in Betlehem gekom in die begin van die garsoes.

Henog 48

48.1 IN daardie plek het ek die **Fontein van Geregtigheid** gesien wat onuitputlik is, en rondom Haar was baie **Fonteine van Wysheid**; en almal wat dors was, het van Haar gedrink en is met Wysheid gevul, Hul woonplek was by die regverdiges en die apartes en die uitverkorenes. [Hooglied van Salomo 3:11; Wysheid van Sirah 24:7-8]

2 In daardie uur is die Seun van Adam benoem voor die Aangesig van die Elohey van die Geeste en is Sy Naam voor die Hoof [Oue] van Dae genoem. [MattithJaHûW 28:19]

3 Ja, voordat die son en die tekens geskep is, voordat die Sterre van die Hemele gemaak is, is Sy Naam genoem voor die Elohey van die Geeste.

4 Hy sal 'n Staf vir die regverdiges wees waaraan hulle hul kan anker, sodat hulle nie val nie, en Hy sal 'n Lig vir die nasies wees, en hoop vir die met 'n bekommerde hart. [JeshaJaH 10:26]

5 Almal wat op die Aarde woon, sal neerval en Hom vereer, Hom prys en seën en feesvier met sang voor die **Aangesig van die Elohey van die Geeste**. [Boekrol van die Opregte 49:35]

6 Daarom is Hy verkies en verborge voor HOM, van vóór die skepping van die wêreld af, en vir altyd.

7 **Die Wysheid van die Elohey van die Geeste het Hom openbaar aan die apartes en die regverdiges**; Hy bewaar die lot van die regverdiges, want hulle het hierdie wêreld van Ongeregtigheid gehaat en verag. Ja, hulle het al dié werke en dié weë in die Naam van die Elohey van die Geeste gehaat. **Want in Sy Naam is hulle gered**, en volgens Sy suiwer wil was Hy ter wille van hul lewens.

Rut 1

Rut 1:22 So het Naómi dan teruggekeer en Rut, die Moabitiese, haar skoondogter wat saam met haar uit die veld van Moab teruggekom het; en hulle het in Betlehem gekom **in die begin van die garsoes**.

Moet nou nie verward raak nie, want die geestelike trek is presies dit, geestelik. Rut het eintlik agtergebly by haar gestorwe huis in die besoedeling, maar sy het nou net haar bereidheid betuig teenoor haar Moeder dat sy Huistoe wil kom, terug na die Vaderhuis van Brood. **Die begin van die garsoes** is ook insiggewend, want gewoonlik word kinders van die koninkryk met koring vergelyk, terwyl gars 'n minderwaardig oes is, vergeleke met koring, wat daardeur aandui dat hierdie oes in Lucifer se gevalle koninkryk **totaal geestelik anders sal wees, want Waarheid is nou net gevorm**, Sy het nou Haar bereidheid betuig om hierdie oes in te bring. Die volgende gedeeltes van Rut moet nou biddend en geestelik gelees word, gedagtig aan die Gees van Waarheid wat vir miljarde eons in en met

hierdie tweederdes behoudende engelwesens in Lucifer se ryk in gevangenskap was. Daar was geen vooruitsig van verlossing nie, want Lucifer en sy eenderde engelgeeste het net al hoe boser geword. Maar, helaas, Vader het 'n ander plan gehad en Hy gee innerlik die instruksie aan die Moedergees, Naomi, om Rut as volg te lei, na Boas, die teëbeeld van ons Verlosser, Jahshua.

Rut 2

Rut 2:1 EN Naómi het 'n **bloedverwant** gehad van haar man se kant, 'n vermoënde man, uit die **familie van EliMeleg**, wie se naam **Boas** was.

Rut 2:2 En Rut, die Moabitiese, het vir Naómi gesê: Laat ek tog die Aarde ingaan en **are optel** agter dié een in wie se oë ek guns sal vind. Toe antwoord sy haar: Gaan, my dogter.

Rut 2:3 Daarop het sy heengegaan, en gekom en are opgetel op die land agter die snyers. En toe kom sy op 'n stuk land af wat behoort aan Boas, uit die familie van EliMeleg.

Rut 2:4 En Boas het juis van Betlehem af gekom en aan die snyers gesê: Mag JaHWeH met julle wees! En hulle het hom geantwoord: Mag JaHWeH u seën!

Rut 2:5 Daarop sê Boas aan sy dienaar, die opsigter oor die snyers: Van wie is hierdie jong vrou?

Rut 2:6 En die dienaar, die opsigter oor die snyers, antwoord en sê: Dit is die jong Moabitiese vrou wat saam met Naómi uit die veld van Moab teruggekom het;

Rut 2:7 en sy het gesê: Kan ek maar are optel en insamel by die gerwe agter die snyers? Sy het toe gekom en gebly van vanmôre af tot nou toe; sy het maar min daar in die huis gesit.

Rut 2:8 Toe sê Boas vir Rut: Luister tog, my dogter: jy **moenie op 'n ander land gaan are optel nie**, en jy mag ook nie hiervandaan weggaan nie, maar **jy moet jou by my diensmeisies aansluit**. [Spreeke van Salomo 9:1 -3]

Rut 2:9 Met die oë op die land wat hulle afsny, moet jy agter hulle aan loop. Het ek die dienaars nie bevel gegee om jou nie aan te raak nie? En as jy dors het, **gaan dan na die kanne** en drink van wat die dienaars skep.

Rut 2:10 Toe val sy op haar aangesig en buig na die Aarde toe en sê vir hom: Waarom het ek guns in u oë gevind, dat u in my belang stel alhoewel ek 'n **uitlander** is?

Rut TEL ARE OP IN BOAS SE LAND

Are stel altyd mense voor wat gered moet word, want die oesland is die wêreld en die kinders is die are. Om hierdie gedeelte te verstaan, moet u nou dink aan die aarde, wat deur JaHshua voorbestem is as opleidingsplek, maar waar ook die hele Satana gees ingewerp is. Hierdie aarde is nou die oesland, hierdie aarde is nou die enigste plek in die ganse gevalle heelal van Lucifer, waar kindskap in die Elohim familie aangebied word deur Vader in Sy Seun JaHshua. Hier kom neem jy vlees aan en hier kan enige gevalle engelgees in die ryk van Lucifer nou vrykom van die materiële bande van die val in die diepte om kind van Vader te word. Dit vind ook werklik so plaas. Die ganse heelal weet van JaHshua se soenoffer en van Sy belofte en miljarde staan gereed om aarde toe te kom, om hier gebore te word en om wedergebore te word in die Nuwe Jerusalem.

Rut 2 (VERVOLG)

Rut 2:11 En Boas antwoord en sê vir haar: Aan my is alles omstandig vertel wat jy aan jou skoonmoeder gedoen het na die dood van jou man, en dat jy jou vader en jou moeder en jou Aarde van geboorte verlaat het en **na 'n volk getrek het wat jy gister en eergister nie geken het nie.**

Rut 2:12 Mag JaHWeH jou daad beloon, en mag jou loon volkome wees van JaHWeH, die Elohey van JisraEl, **onder wie se Vleuels jy kom skuil het.**

Rut 2:13 Toe sê sy: So vind ek dan guns in u oë, my meester! **Want u het my getroos** en na die hart van u dienaars gespreek, alhoewel ek nie soos een van u dienaresses is nie.

Rut 2:14 En teen etenstyd het Boas vir haar gesê: Kom hierheen en **eet van die brood en steek jou stukkie in die asyn.** Daarop gaan sy langs die snyers sit, en hy het haar **gebraaide koring** gegee, en sy het geëet en versadig geword en oorgehou.

Rut 2:15 Toe sy [weer] opstaan om are op te tel, het Boas sy dienaars bevel gegee en gesê: **Sy mag ook tussen die gerwe optel**, en julle mag haar nie beledig nie.

Rut 2:16 En julle moet ook so nou en dan vir haar **uit die bondels uittrek en dit laat lê**, dat sy dit kan optel; en julle mag haar nie keer nie.

Rut 2:17 En sy het op die land opgetel tot die aand; en toe sy uitslaan wat sy opgetel het, was dit omtrent 'n efa gars.

Rut 2:18 En sy het dit weggedra; en toe sy in die stad kom, sien haar skoonmoeder wat sy opgetel het; ook **het sy uitgehaal en aan haar gegee wat sy oorgehou het nadat sy versadig was.**

Rut 2:19 Daarop vra haar skoonmoeder haar: Waar het jy vandag opgetel, en waar het jy gewerk? Mag hy geseënd wees wat in jou belang gestel het! En sy vertel haar skoonmoeder by wie sy gewerk het, en sê: Die naam van die man by wie ek vandag gewerk het, is Boas.

Rut 2:20 En Naómi sê vir haar skoondogter: Mag hy geseënd wees deur JaHWeH, **wat Sy Medelye aan lewende en dode nie onttrek het nie.** Verder sê Naómi vir haar: **Die man is ons nabestaande, hy is een van ons lossers.**

Rut 2:21 Toe sê Rut, die Moabitiese: Hy het ook nog vir my gesê: **By my dienaars moet jy aansluit** totdat hulle klaar is met die hele oes wat aan my behoort.

Rut 2:22 Daarop het Naómi haar skoondogter Rut geantwoord: Dit is goed, my dogter, dat jy met sy diensmeisies saam uitgaan en aan jou geen kwaad op 'n ander land aangedoen word nie.

Rut 2:23 So het sy dan by die diensmeisies van Boas **aangesluit** om are op te tel totdat hulle met die **garsoes en die koringoes** klaar was; en sy het by haar skoonmoeder gewoon.

Rut 3

3:1 TOE sê haar skoonmoeder Naómi vir haar: My dogter, sal ek nie vir jou 'n rusplek soek, dat dit goed met jou kan gaan nie? [Wysheid van Sirah 24:7-8]

Sirag 24:7 In al hierdie dinge **het Ek 'n rusplek gesoek** [en gesê:] In wie se erfenis sal Ek woon? [Boekrol van Henog 42; 48:1]

24:8 Toe het HY, die Formeerder van die heelal, My beveel, en My Formeerder het My woonplek vasgestel; en HY het gesê: **Onder Jakob moet Jy woon en in JisraEl moet Jy [jou] Erfdeel besit.** [Boekrol van Henog 39:5; Profesie van Barug 3:38]

3:2 Nou dan, is Boas by wie se diensmeisies jy was, **nie ons bloedverwant nie**? Kyk, hy wan vannag op die vloer gars uit.

3:3 **Was jou dan en self jou en trek jou klere aan**, en gaan af na die vloer toe; laat jou deur die man nie herken totdat hy klaar geëet en gedrink het nie.

3:4 Maar as hy gaan slaap, let dan op die plek waar hy gaan slaap; kom dan nader, maak sy voetenent oop en gaan lê; en hy sal jou te kenne gee wat jy moet doen.

3:5 En sy antwoord aan haar: **Alles wat u sê, sal ek doen.**

3:6 Daarop het sy afgegaan na die vloer en gedoen net soos haar skoonmoeder haar beveel het.

3:7 Nadat Boas geëet en gedrink het, en sy hart vrolik was, en hy gaan slaap het by die ent van die hoop, het sy stilletjies gekom en sy voetenent oopgemaak en gaan lê.

3:8 En die man het teen middernag geskrik en vooroor gebuig en - daar lê 'n vrou aan sy voetenent.

3:9 En hy vra: Wie is jy? Toe antwoord sy: **Ek is Rut, u dienaress; brei dan u vleuel oor u dienaress uit, want u is die lossers.**

3:10 En hy sê: Geseënd is jy deur JaHWeH; my dogter! **Jy het jou laaste liefde beter gemaak as die eerste**, omdat jy nie agter jongmanne, arm of ryk, aan geloop het nie.

3:11 Wees dan nou nie bang nie, my dogter; alles wat jy sê, sal ek vir jou doen, want die hele stadspoort van **my volk weet dat jy 'n deugsame vrou is.** [Spreuke van Salomo 31:10]

Spreuke 31:10 [a Alef.] Wie sal 'n Deugsame Vrou vind? want **Haar waarde is ver bo robyne.** [Rut 3:11]

31:11 [B; Bet.] Die hart van Haar Man vertrou op Haar, en **aan wins** sal dit hom nie ontbreek nie.

31:12 [GÒ Ghimel.] Sy beloon Hom met **suiwerheid, en nie besoedeling nie**, al die dae van Haar lewe.

3:12 Nou dan, dit is sekerlik waar dat ek die lossers is, maar daar is nog 'n lossers, nader as ek.

3:13 Bly vannag oor; en as hy jou môre wil los, goed, hy kan los; maar as hy nie lus het om jou te los nie, dan sal ék jou los, so waar as JaHWeH leef! Bly lê tot môre.

3:14 En sy het tot die môre aan sy voetenent bly lê. Maar nog voordat een die ander kon herken, het sy opgestaan; want hy het gesê: Dit mag nie bekend word dat die vrou op die vloer gekom het nie.

3:15 Daarna sê hy: Gee die tjalie wat jy om het, en hou dit oop. En sy het dit oopgehou, en hy het **ses [mate] gars afgemeet** en dit op haar gesit en die stad ingegaan.

(die getal van die mens is 6, 6 tydperke, 6 dae en stel die 6000 jaar voor waarin sy gaan oes)

3:16 Toe sy by haar skoonmoeder kom, het dié gevra: En toe, my dogter? En sy het haar alles vertel wat die man aan haar gedoen het,

3:17 en gesê: Hierdie ses [mate] gars het hy my gegee, want hy het gesê: **Jy moet nie met leë hande by jou skoonmoeder kom nie.**

3:18 En sy antwoord: Sit stil, my dogter, totdat jy weet hoe die saak uitval; want die man sal nie rus tensy hy vandag nog die saak afgehandel het nie.

Jesaja 44:6 So sê JaHWeH, die **Koning** van JisraEl en Sy **Lossers**, JaHWeH van die skeppings-leërmag: Ek [is] die Eerste, en Ek [is] die Laaste, en buiten My is daar geen Elohim nie. [Openbaring 1:8]

Isa 54:5 Want jou Maker is jou Besitter (Man); JaHWeH van die skeppings-leërmag is Sy Naam; en **die Aparte Een van JisraEl is Jou Lossers.** Hy sal die Elohey van die hele Aarde genoem word.

Boas trou met Rut. Die geboorte van Obed.

Rut 4:1 EN Boas het opgegaan na die poort en daar gaan sit. En toe die lossers juis daar verbygaan van wie Boas gespreek het, sê hy: Vriend, kom nader, en sit hier! En hy het nader gekom en gaan sit.

2 Daarop neem hy tien man uit die oudstes van die stad en sê: Sit hier! En hulle het gaan sit.

3 En hy sê vir die lossers: Die stuk land (**die gestorwene Lucifer se hele erfdeel**) van ons broer EliMeleg wil Naómi, wat uit die veld van Moab teruggekom het, verkoop.

4 Nou het ek gedink, ek sal jou dit meedeel en sê: Koop haar voor die wat hier sit, en voor die oudstes van my volk; as jy wil los, los dan; maar as jy nie wil los nie, gee my te kenne, dat ek dit kan weet, want daar is niemand om te los behalwe jy nie, **en ek ná jou**. En hy antwoord: Ek sal los.

5 “Daarop sê Boas: Die dag as jy die land uit die hand van Naómi koop, **dan verwerf jy tegelyk Rut, die Moabitiese, die vrou van die dode, om die naam van die dode in stand te hou oor sy erfdeel**.

6 En die lossers sê: Ek kan haar nie vir my los nie, **anders bederf ek my erfdeel**; neem jy my lossingsreg oor, want ek kan nie los nie.”

Hier besluit die naaste lossers om nie die Waarheid te verlos nie, want Sy sou sy erfdeel besmet, dis nou volgens hom. Die ware rede is dat die eerste lossers besoedel wou bly, dit was en is vandag nog sy eie vrye wil om so te wees. Sy erfdeel is die ewige dood en hy weet dit en hy kies dit elke keer.

7 En dit was vroeër in JisraEl die gebruik by Reg van Lossing en by ruiling om enige saak van krag te maak: die een trek sy skoene uit en gee dit aan die ander; dit was dan die bekragtiging in JisraEl.

8 Daarom het die lossers vir Boas gesê: **Koop haar vir jou**; en hy het sy skoene uitgetrek.

9 Toe sê Boas aan die oudstes en al die mense: **Julle is vandag getuies** dat ek alles wat aan EliMeleg en alles wat aan Giljon en Maglon behoort het, uit die hand van Naómi koop.

10 En ook Rut, die Moabitiese, die vrou van Maglon, **verwerf ek vir my as vrou** om die naam van die dode oor sy erfdeel in stand te hou, sodat die naam van die dode onder sy broers en uit die poort van sy woonplek nie uitgeroei word nie. Julle is vandag getuies.

Hierdie skoene van die eerste lossers, waarmee die lossingsreg bekragtigtig is, stel die prys voor wat JaHshua moes kom betaal vir die verlossing van hierdie kinders van die dode, elke dooie van Maglon en van Giljon het nou die kans verkry om lewend te word deur Boas, die Lossers, oftewel JaHshua die Verlosser.

11 “Toe sê al die mense wat in die poort was, en die oudstes: Ons is getuies; **mag JaHWeH die vrou wat in jou huis inkom, maak soos Ragel en soos Lea wat saam die huis van JisraEl gebou het; en verwerf mag in Éfrata en maak ’n naam in Betlehem!**

12 En mag jou huis word soos die huis van Peres wat Tamar **vir JeHûWdah** gebaar het - uit die nageslag wat JaHWeH jou uit hierdie jong vrou sal gee!

13 So het Boas Rut dan geneem, en sy het sy vrou geword; en hy het by haar ingegaan, en JaHWeH het vir haar swangerskap gegee, **en sy het ’n seun gebaar**.

14 Toe sê die vrou **vir Naómi**: Geloofd sy JaHWeH wat aan jou vandag ’n lossers nie laat ontbreek het nie! En mag sy naam in JisraEl geroem word!

15 Hy sal vir jou een wees wat jou siel verkwik en jou grysheid versorg; want jou skoondogter wat jou liefhet, het hom gebaar, **sy wat vir jou meer werd is as sewe seuns**.

16 En Naómi het die kind geneem en op haar skoot gesit, en sy het sy pleegmoeder geword.

17 En die buurvrou het hom ’n naam gegee en gesê: Vir Naómi is ’n seun gebore! En hulle het hom genoem **Obed** (beteken kneg) hy was die vader van Isai, die vader van Dawid.”

Hier is weer wonderlike simboliek betrokke en mens kan lank hieroor gesels, maar die kern van die saak is dat die geestelike Rut/Trooster nou in die huwelik getree het met JaHshua, Sy is nou die Waarheid op aarde, uitgestort 50 dae na JaHshua se opstanding as ons Trooster en Sy is nou die vrou in **Openbaring 12** wat innerlik die seuntjievolk gaan baar, (die innerlike wedergeboorte) naamlik die Melgisédék-orde van die eindtyd wat ’n Obed/kneg van JaHshua sal wees, waarin die Hemelse Moedergees haar sal verbly, want Sy Self het nou ’n Lossers gekry om al die verlorene in hierdie eens gevalle ryk van Lucifer terug te bring.

Openb 21:9 En een van die sewe Boodskappers wat die sewe bekere gehad het, vol van die sewe laaste plaes, het na my gekom en met my gespreek en gesê: Kom hierheen, ek sal jou die Bruid toon, die Vrou van die Lam. 21:10 En hy het my in die gees weggevoer op ’n groot en hoë berg en my die groot Stad getoon, die Aparte Jerusalem, wat uit die Hemele van Elohim neerdaal;

Die Melgisédék-orde is ook niks anders as die Bruid van JaHshua nie, dit is niemand anders as die Volksbruid van JaHshua nie, naamlik die verenigde kinders met die Gees van Waarheid in hulle en van wie JaHshua sê dat Sy, hierdie Bruid meer werd is as sewe seuns, verwysend na die sewe aartsengele. Hoe wonderlik is dit nie dat ons hier op aarde die moontlikheid gegun word om groter as die sewe aartsengele te word nie!

Openbaring 1

9 Ek, JeHôWganan, julle broeder en deelgenoot in die verdrukking en in die koninkryk en lydsaamheid van JaHWèshua die Gesalfde, was op die eiland wat Patmos genoem word, ter wille van die Woord van die Elohim en om die Getuienis van JaHWèshua, die Gesalfde.

1:10 Ek was in die gees op die dag van die Meester, en ek het agter my 'n groot Stem gehoor, soos van 'n ramshoring, [Exodus 19:16]

1:11 wat sê: Ek is die Alef [a] en die Taw [T], die eerste en die laaste, en skryf wat jy sien in 'n boekrol en stuur dit na die sewe gemeentes wat in Asië is: na Éfese en Smirna en Pérgamus en Thiatíre en Sardis en Filadelfia en Laodicéa.

1:12 Toe draai ek my om, om te sien watter Stem met my gespreek het; en toe ek my omgedraai het, sien ek **sewe goue kandelaars**,

1:13 en **tussen die sewe kandelaars** Een soos die Seun van die adam met 'n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel. [Exodus 25:34]

1:14 Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en Sy Oë soos 'n Vuurvlam,

1:15 en Sy voete soos glansende koper wat gloei soos in 'n oond, en Sy Stem soos die stem van baie Waters.

1:16 **En in Sy Regterhand het Hy sewe Sterre gehou**, en 'n skerp tweesnydende Swaard het uit Sy Mond uitgegaan, en Sy aangesig was soos die son wat skyn in Sy Krag. [Openbaring 19:15]

1:17 En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan Sy voete; en Hy het Sy Regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste

1:18 en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amein. **En Ek het die sleutels van die Doderyk/Sheol en van die Dood.**

1:19 Skryf die dinge op wat jy gesien het, die wat is, sowel as die wat gaan gebeur; 1:20 die verborgenheid van die sewe Sterre wat jy in My Regterhand gesien het, en die sewe goue kandelaars: **die sewe Sterre is die boodskappers van die sewe gemeentes, en die sewe kandelaars wat jy gesien het, is die sewe gemeentes.** [Exodus 25:37; Profeet Miga 5:5]

Openb 2:1 SKRYF aan die boodskapper van die gemeente in Éfese: Dít sê Hy wat die sewe Sterre in Sy Regterhand hou, wat wandel **tussen** die sewe goue kandelaars:

2:7 Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die **Boom van die Lewe** wat binne-in die Paradys van Elohim is.

2:11 Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan



die gemeentes sê. Die wat oorwin, **sal deur die tweede dood geen skade ly nie.**

2:17 Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan Hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die **Verborge Manna**, en Ek sal Hom gee 'n **wit keursteen**, en op dié steen 'n **nuwe Naam** geskrywe wat niemand ken nie, behalwe Hy wat hom ontvang.

2:29 Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. 2:28 En Ek sal Hom die **Môrester** gee.

3:6 Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. 3:5 Wie oorwin, sal beklee word met **wit klere**, en Ek sal sy naam nooit uitwis uit die **Boek van die Lewe** nie, en Ek sal vir sy naam getuig voor My VADER en voor SY Boodskappers.

3:13 Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. 3:12 Wie oorwin, Ek sal hom 'n **pilaar** in die Tempel van My Elohey maak, [1 ShemuEl 2:8] en hy sal daar nooit weer uitgaan nie; en Ek sal op hom die **Naam** van My Elohey skrywe en die **naam** van die Stad van My Elohey, van die nuwe Jerusalem, wat uit die Hemele van My Elohey neerdaal, **en My nuwe Naam.** [JeshaJaH 61:3]

3:22 Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Openb 3:21 Aan Hom wat oorwin, sal Ek gee om saam met My **te sit op My Troon**, soos Ek ook oorwin het en saam met My VADER op SY Troon gaan sit het. [Boekrol van Henog 69:29]

Groot Johannes Evangelie Boek 7

Die oorloë van JaHWeH

Hfs 19 (RafaEl): "Netsoos wat die **sewe geeste**, of spesiale eienskappe in God, hom op daardie punt as te ware in 'n voortdurende **stryd** bevind, sodat die een ook die andere steeds tot aktiwiteit uitdaag, so kan jy op min of meer gelyke wyse dieselfde stryd ook baie maklik **in alle skepsele van God** waarneem.

[2] Die **liefde** as sodanig is blind in haar strewe om alles na haar toe te trek. Maar in die strewe ontvlam sy en ontstaan daar **lig** en daarmee **begrip en insig** in haar.

[3] Sien jy nou nie hoe die **lig** teen die op haarself staande strewe van die pure liefde stry en haar tot **orde en besinning** bring nie?!

[4] Deur hierdie stryd of oorlog ontwaak egter die **wil** terselfdertyd as werkende arm van die liefde en haar lig, wat daardie een wat die lig wys georden het, ten uitvoer bring.

[5] Dan word uit die insig van die liefde deur haar lig en deur die krag van beide, die **orde** ook terselfdertyd te voorskyn geroep en hierdie stry verder teen al die onordelike van die lig en van die wil van die liefde, en daarin vind jy weer 'n **ewigdurende oorlog** van JaHWeH, in Hom sowel as in alle skepsele.

[6] Dit sou so alles wel goed gewees het, as mens maar daarvoor kon instaan dat daardie een wat die vier geeste, al is hulle hoe mooi georden, ten uitvoer bring, reeds daarmee sou standhou. Maar alle werk van die **eerste vier geeste**, al is dit hoe pragtig, lyk nog sterk **soos die spel van kinders**, wat weliswaar met baie lewenslus en plesier baie dinge heel meesterlik georden ten uitvoer bring, maar na'n kort tyd geen plesier meer in hulle produk het nie en dit dan nog yweriger verniel as wat sy dit eers gemaak het. En egte vriend, so sou dit daar met die voortbestaan van al die geskapene nog heel kwalik uitgesien het!

[7] Om dit egter te voorkom, verhef daar uit die vier geeste, en wel as gevolg van die groot voldoening oor die volledige welslae van die werk, die **erns** as vyfde **gees** in God asook in Sy skepsele, en hierdie gees stry dan voortdurend teen die verwoesting en vernietiging van die eenmaal ontstane werk, net soos 'n verstandige en ernstig geworde mens ook, wat byvoorbeeld 'n huis vir homself gebou het en 'n wingerd aangelê het, alles sal doen vir die onderhoud en die gebruik van die huis en die wingerd, maar nie om die huis en die wingerd weer byvoorbeeld so vinnig moontlik te verwoes nie, netsoos wat ek jou dit vroeër by die ontstane werk van die kinders laat sien het. En sien, dit is - netsoos reeds gesê - alweer 'n oorlog van JaHWeH!

[8] Maar die geboude huis vertoon mettertyd tog nog

gebreke en die wingerd wil nog steeds nie die gewenste oes oplewer nie en die bouer betreur die moeite en die erns waarmee hy ywerig aan die werk gegaan het en hy sou daarom alles wil vernietig en iets heel anders en nuuts in die plek daarvan wil opbou; maar dan tree die **sesde gees** op teen die erns en hy heet - netsoos reeds gesê - **geduld**. En kyk, hy sorg dan daarvoor dat die huis en die wingerd behoue bly! En dit is alweer 'n nuwe oorlog van JaHWeH!

[9] Wel, die geduld op homself sou egter, ook al is hy verenig met die ander geeste, nóg aan die huis nóg aan die wingerd spesiale verbeterings kon aanbring, maar alles net so mooi laat soos wat dit was, maar dan kom die **sewende gees**, wat die **barmhartigheid**, die sagmoedigheid, sorgsaamheid, vlyt, liefdadigheid en vrygewigheid in homself het. En sien, die mens verbeter sy huis dan so goed, dat daar geen gebreke van enige betekenis meer daaraan te vinde is nie, en **hy spit en bemes die wingerd**, sodat dit baie gou 'n ryk oes vir hom oplewer! En sien, dit is dan weer 'n stryd of 'n oorlog van JaHWeH in die mens netsoos in God en in die engel!

[10] En so is die ware, volmaakte lewe in God, in die engel en in die mens **voortdurend 'n stryd van die sewe geeste**, wat ek jy nou laat sien het. Maar hierdie stryd is sowel in God as in die engel nie sodanig, dat één van die sewe geeste daarna streef om die ander geeste te onderdruk en werkeloos te maak nie, maar die stryd is daar ewig op gerig dat die een gees die andere steeds met al sy krag en mag **ondersteun**, sodat elke gees dus volkome in die ander aanwesig is. En so is die liefde in al die ander ses geeste aanwesig en eweneens die lig of die wysheid in die liefde en in die ander vyf geeste en so verder, **sodat in elke gees ook alle ander volledig werkzaam en aanwesig is en mekaar voortdurend in die mooiste harmonie ondersteun.**"

Dis hoe die kandelaar van bo lyk



Die disharmonie van die sewe geeste in die mens

20 (RafaEl): "So sou dit ook in die mens moet wees, maar dit is helaas nie so nie. Wel is die vermoë aan elke mens gegee, maar sonder dat dit ooit volledig ontwikkel en beoefen word. **Daar is maar weinig mense wat al sewe geeste in homself tot volledige en gelyke werkzaamheid bring en daardeur waaragtig aan God en aan ons engele gelyk word.** Maar, netsoos gesê, het baie hulle daarvan afgekeer en bekommer hulle weinig daarom en sien sodoende die ware geheim van die lewe nie heeltemal in hulleself nie. Sulke blinde en halfdooie mense kan dan nie waarneem wat aan die doel van hulle lewe ten grondslag lê nie, omdat hulle hulleself slegs **deur die een of deur die ander van die sewe geeste laat lei en beheer.**

[2] So leef die één suiwer vanuit die gees van die liefde en skenk glad geen aandag aan die ander geeste nie. Wat is so 'n mens dan anders as 'n vraatsugtige roofdier wat nooit genoeg kry nie? Sulke mense sit altyd vol **ieliefde, vol afguns en gierigheid** en is hardvogtig teenoor hulle medemens.

[3] Ander het 'n verligte liefde en is daarom ook egte wyses en kan hulle medemens baie goeie lesse gee, maar hulle wil is swak en hulle kan daarom niks volledig ten uitvoer bring nie.

[4] Weer is daar ander by wie die geeste van liefde, van die lig en van die wil baie aktief is, maar waar dit met die **gees van die orde en van die ware erns baie sleg gestel is.** Die soort mense sal ook egter verstandig en gereeld selfs wys spreek en ook hier en daar iets ten uitvoer bring, maar die mens wat werklik heeltemal **wys is vanuit al sewe geeste**, sal maar al te gou uit hulle woorde, spreek en handel aflei dat daar **geen orde** en geen samehang heers nie.

[5] En dan is daar nog mense wat liefde, lig, wil en orde besit, maar die gees van die erns mis. Daarom is hulle angstig en vreesagtig en kan hulle werk maar selde volledig tot hulle reg laat kom.

[6] Weer ander is daarby ook vol erns en moed, maar het nie voldoende geduld nie. Sulke mense oorhaas hulle gewoonlik, **en bederf met hulle ongeduldige entoesiasme baie meer as wat hulle goed doen.** Ja, vriend, sonder die regte geduld kom daar niks tot stand nie, want wie nie die regte geduld het nie, spreek 'n sekere doodsvonnis oor homself uit! Want die mens moet wag totdat die druif volledig ryp geword het, as hy 'n goeie oes wil insamel. Doen hy dit nie, wel, dan het hy dit uiteindelik aan homself te wyte wanneer hy in plaas van 'n edele wyn slegs 'n ondrinkbare suur wyn goes het.

[7] Geduld is dus by alles wat jy doen 'n noodsaaklike gees: ten eerste om die gees wat ek erns noem, te beheer en in die juk te hou, aangesien hierdie gees

baie tot in die oneindige wil gaan - omdat hierdie gees in verbinding met die liefde, die wysheid en die wil **ontaard in die grootste hoogmoed**, wat dan netsoos bekend, by die mens geen grense ken nie - en ten tweede, omdat die **geduld** veral, netsoos ek jou reeds laat sien het, **die moeder is van die gees van die barmhartigheid**, welke gees aan alle voorafgaande geeste die goddelik-geestelike volmaaktheid verleen en die siel van die mens tot die volle en ware wedergeboorte in die gees bring.

[8] Daarom het die Heer Self julle almal nou, veral die liefde tot God en tot die naaste, op die hart gedruk en daarby gesê: 'Wees barmhartig, netsoos ook julle Vader in die hemel barmhartig is en wees sagmoedig en deemoedig, netsoos ook Ek van ganse harte sagmoedig en deemoedig is!'

[9] Die Heer gebied julle mense dus om **veral die sewende gees tot ontwikkeling te bring**, omdat alle voorafgaande juis in hierdie laaste gees aanwesig is en tot ontwikkeling kom. Wie hom dus inspan om hierdie laaste gees te ontwikkel en kragtig te maak, doen dit terselfdertyd ook met die voorafgaande geeste en **word daardeur die vinnigste en sekerste voleindig.** Wie egter sy ontwikkeling begin met één of ook meer van die ander geeste, bereik moeilik of heeltemal nie die hele en volledige lewensvoleinding nie, omdat hierdie ander geeste suiwer op hulself nie die sewende gees bevat nie, terwyl alle geeste wel in hierdie gees, wat hom noodsaaklikerwys voorafgaan, aanwesig is.

[10] En sien, **dit is dan ook die val van die engele** of van die gedagtes en idees uit God - wat ons ook die bestendinging van God se uitgaande kragte kan noem - wat voortduur solank hulle nie in hulle totaliteit nie die sewende gees in die wese van die mens tot ware en hoogste volmaaktheid gebring het nie. Want alle ander geeste is min of meer vry aan byna alle skepsele gegee, **maar die sewende gees kan die mens eers deur sy hoogste eie inset en ywer verkry.**

[11] En net soos wat al die ander ses geeste eers daardeur hulle ware betekenis en ware lewensdoel bereik, so bereik die hele mens dan ook eers daardeur die **volledige lewensvryheid en selfstandigheid.** En nou vra ek jou of jy dit ook alles goed verstaan het?"

[12] Lasarus sê: "Ja, van God se Gees vervulde dienaar van die Heer, ek kan jou vir jou groot geduld en barmhartigheid werklik nooit genoeg dank nie! Nou eers begryp ek die wysheid van die ou boeke! Dit is net ewiglik jammer dat net ek dit nou begryp, daar ek 'n te slegte skrywer is om hierdie leer in 'n boek op te teken.

7 November 2019 - Lesing 38 - Die Vroulikheid IN die Godheid/Elohim

Hooglied van Salomo

1:1 DIE hooglied van Salomo.

[DIE VROU PRAAT:]

1:2 Laat Hy My kus met kusse van Sy Mond; want U liefde is suiwerder as wyn.

1:3 Die aroma van U self is suiwer, U Naam is soos self wat uitgegiet is; daarom het die maagde U lief.

1:4 Trek My agter U aan, laat Ons gou maak! Die Koning het My in Sy binnekamers gebring. Ons wil juig en Ons in U verheug, Ons wil U liefde prys meer as wyn. Met Reg het hulle U lief.

1:5 Ek is swart, maar lieflik, o Dogters van Jerusalem, soos die tente van Kedar¹, soos die gordyne van Salomo. [Klaagliedere 4:7-8, Klaagliedere 5:2]

1:6 Moenie na My kyk omdat Ek so swart is, omdat die My verbrand het nie: die Seuns van My Moeder was toornig op My; hulle het My aangestel as oppasser van die Wingerde; My eie Wingerd het Ek nie opgepas nie. [Odes van Salomo 15:6]

1:7 Vertel My tog, wie My Siel liefhet, waar laat U wei, waar laat U smiddags die vee lê en rus? Want waarom sou Ek wees soos een wat Haar met 'n sluier toedraai by die kuddes van U metgeselle?

1:8 [DIE MAN ANTWOORD:] As U dit self nie weet nie, mooiste onder die vroue, gaan dan uit op die spore van die skape en laat U bokkies wei by die Tabernakels van die herders.

1:9 Met die perde voor 'n wa van Farao vergelyk Ek U, My vriendin!

1:10 Lieflik is U wange tussen die kettinkies, U hals in die snoere.

1:11 Ons sal vir U goue kettinkies maak met silwerknoppe.

1:12 [DIE VROU:] So lank as die Koning aan Sy tafel was, het My nardus Sy aroma gegee.

1:13 My Beminde is vir My 'n bossie mirre wat tussen My borste rus.

1:14 My Beminde is vir My 'n tros hennablomme in die Wingerde van Éngedi. [JeségiEl 47:10]

1:15 [DIE MAN:] Hoe mooi is U tog, My vriendin! Hoe mooi is U tog, U oë is soos duiwe!

1:16 [DIE VROU:] Hoe mooi is U tog, My Beminde, ja lieflik; ook is Ons bed in die groenigheid.

1:17 Die balke van Ons huise is seders, Ons paneelwerk sipresse.

2:1 [DIE MAN:] EK is 'n roos van Saron, 'n lelie van die dale.

2:2 Soos 'n lelie tussen die dorings, so is My vriendin onder die Dogters. [2 Ezra 5:24; DaniEl 13:2]

2:3 [DIE VROU:] Soos 'n appelboom onder die bome van die bos, so is My Beminde onder die Seuns. Ek het

verlang om in Sy skaduwee te sit, en Sy vrugte is soet vir My verhemelte.

2:4 Hy het My in die wynhuis ingebring, en Sy vaandel oor My was die liefde.

2:5 Versterk My met rosynekoeke, verkwik My met appels, want Ek is krank van liefde.

2:6 Laat Sy linkerarm onder My hoof wees en Sy regterarm My omhels.

2:7 Ek besweer julle, Dogters van Jerusalem, by die gemsbokke of by die takbokke van die veld, om nie die liefde wakker te maak of op te wek voordat dit die [liefde] behaag nie.

2:8 Hoor, My Beminde, kyk, daar kom Hy! Hy spring oor die berge, Hy huppel oor die heuwels.

2:9 My Beminde lyk soos 'n gemsbok of soos 'n jong takbok. Daar staan Hy agter Ons muur! Hy kyk deur die vensters in, Hy speur deur die tralies heen. [Psalm 78:61; 88:11; 142:7; Odes van Salomo 21:2]

2:10 [DIE VROU KWOTEER DIE MAN:] My Beminde begin toe en sê vir My: Staand op, My vriendin, My skone, kom dan tog!

2:11 Want kyk, die winter is verby, die reëntyd is oor, dit het verbygegaan.

2:12 Die bloeisel word gesien in die Aarde, die sangtyd het aangebreek, en die Tortelduif laat Haar Stem hoor in Ons Aarde.

2:13 Die Vyeboom laat Haar voorvye uitswel, en die Wingerdstokke wat bot, versprei aroma. Staand op, My vriendin, My skone, kom dan tog! [MattithJaHûW 24:32]

2:14 My Duif in die rotsklowe, in die skuilplek by die krans, laat My U gedaante sien, laat My U Stem hoor; want U Stem is soet, en U gedaante is lieflik.

2:15 Vang julle vir Ons die jakkalse, die klein jakkalse wat die Wingerde verniel, want Ons Wingerde staan in die bot.

2:16 [DIE VROU:] My Beminde is Myne, en Ek is Syne wat Herder is onder die lelies.

2:17 Totdat die aandwind waai en die skaduwees vlug, kom aan, My Beminde, maak soos die gemsbok of soos die jong takbok op die berge van skeiding.

8 November 2019 - Lesing 40 - Die Vroulikheid IN die Godheid/Elohim

2:16 [DIE VROU:] My Beminde is Myne, en Ek is Syne wat **Herder is onder die lelies**.

2:17 Totdat die aandwind waai en die skaduwees vlug, kom aan, My Beminde, maak soos die gemsbok of soos die jong takbok op die berge van skeiding.

Hooglied 3

3:1 OP My bed snags het Ek na haar [Sy siel] gesoek, wie My Siel liefhet, Ek het na Hom gesoek, maar Hom nie gevind nie.

3:2 Ek wil dan opstaan en in die **Stad rondgaan**, in die **strate en op die pleine** wil Ek na haar soek[Sy siel], My Siel het haar[Sy siel] lief; Ek het na Hom gesoek, maar **Hom nie gevind** nie.

3:3 Die wagte wat in die Stad rondgaan, het My aangetref. Het julle haar[Sy siel] nie gesien wie My Siel liefhet nie?

3:4 Skaars het Ek van hulle af verder gegaan, of het Ek haar gevind[Sy siel] wie My Siel liefhet; Ek het Hom vasgehou en Hom nie gelos voordat Ek Hom gebring het in die **Huis van My Moeder** en in die binnekamer van Haar wat My gebaar het nie. [Profesie van Barug 4:21]

3:5 Ek besweer julle, Dogters van Jerusalem, by die gemsbokke of by die takbokke van die veld om nie die liefde wakker te maak, of op te wek voordat dit die liefde behaag nie.

3:6 Wie is daar wat daar opkom uit die wildernis soos rookpilare, gegeur met mirre en wierook, met allerhande speserye van die koopman?

3:7 Kyk, dit is die draagstoel van Salomo, sestig dapperes daarom vir Haar, van die dapperes van JisraEl,

3:8 hulle almal met 'n **swaard gewapend**, geoefend vir oorlog, elkeen met Sy swaard aan Sy heup vanweë die nagtelike verskrikking.

3:9 Koning Salomo het vir Hom 'n draagstoel gemaak van die **hout van die Líbanon**;

3:10 die steile daarvan het Hy gemaak van silwer, die leuning van goud, die sitplek van purper, die binnekant mooi opgemaak - 'n liefde [gawe] **van die Dogters van Jerusalem**.

3:11 Kom uit, **Dogters van Sion**, en aanskou met Vreugde die Koning Salomo, **die Kroon waarmee Sy Moeder Hom bekroon het op Sy troudag** en op die dag dat Sy hart vrolik is. [Boekrol van Henog 48:1; 2 Ezra 7:26; Spreuke 12:4]

4:1 [DIE MAN:] HOE mooi is U tog, My vriendin, hoe mooi is U tog, U oë is soos duiwe deur U sluier heen; U hare is soos 'n kudde bokke wat van die gebergte van Gilead afgolf.

4:2 U tande is soos 'n kudde pas geskeerde [skape] wat van die drinkplek opkom, wat almal tweeling het, en geeneen onder hulle is sonder lam nie.

4:3 U lippe is soos 'n skarlaken band, en U mond is lieflik. U slape is soos 'n granaatskyf deur U sluier heen.

4:4 U hals is soos die Dawidstoring, gebou met muurkranse waar die duisend skilde in hang, almal skilde van dapperes. [Die Profeet Miga 4:8; Spreuke van Salomo 18:10]

4:5 U twee borste is soos twee lammers, tweeling van 'n gemsbok, wat onder die lelies wei.

4:6 Totdat die aandwind waai en die skaduwees vlug, sal Ek gaan na die mirreberg en na die wierookheuvel. [Wysheid van Sirah 24:15]

4:7 Alles is mooi aan U, My vriendin, en U is nie gekleur nie.

4:8 Saam met My van die Líbanon af, Bruid, saam met My van die Líbanon af, o kom! Trek af van die top van Amána, van die top van Senir en van Hermon, van die lêplekke van die leeus, van die berge van die luiperds. [Deuteronomium 3:9]

4:9 U het My Hart gesteel, My Susterbruid, U het My Hart gesteel met een [straal] van U oë, met een kettinkie van U halssieraad.

4:10 **Hoe skoon is U liefde, My Susterbruid, hoeveel beter is U liefde as wyn en die aroma van U salf as al die speserye!**

4:11 Heuningstroop drup van U lippe af, Bruid, **heuning en melk** is onder U tong, en die aroma van U klere is soos die aroma van die Líbanon. [Odes van Salomo 30:4; JeshajaH 51:3]

4:12 **My susterbruid is 'n geslote Tuin, 'n geslote Bron, 'n verseëelde Fontein**. [JeshajaH 51:3]

4:13 U spruite is 'n park van granate met kostelike vrugte, hennablomme met nardus,

4:14 nardus en saffraan, kalmoes en kaneel, met allerhande wierookstruie, mirre en alewee, met allerhande kostelike speserye.

4:15 **U is 'n Fontein van die tuine, 'n put met lewende water wat van die Líbanon afvloei**. [JeHôWshua 4:7]

8 November 2019 - Lesing 41 - Die Vroulikheid IN die Godheid/Elohim

Hooglied van Salomo 5

4:16 [DIE VROU:] Word wakker, **noordewind**, en kom, **suidewind**, deurwaai My Tuin, laat Sy balsemgeure uitvloei! Laat My Beminde in **Sy Tuin** kom en van Sy kostelike vrugte eet.

5:1 [DIE MAN:] EK het in My Tuin gekom, My susterbruid, Ek het My mirre met My balsem gepluk, Ek het geëet van My heuningkoek met My heuning, Ek het gedrink My wyn met My melk; **eet, vriende, drink en word vrolik, bemindes.** [2 Nikodémus 5:1]

5:2 Ek het geslaap, maar My Hart het gewaak. Hoor, My Beminde klop: Maak vir My oop, My **suster**, My **vriendin**, **My Duif**, **My rasegte**! Want My hoof is vol Dou, My haarlokke vol nagdruppels. [Psalm 74:18; 2 Ezra 2:15]

5:3 Ek het My kleed uitgetrek, hoe kan Ek hom weer aantrek? Ek het My voete gewas, hoe kan Ek hulle weer vuil maak? [JeHôWgan 13:8]

5:4 [DIE VROU:] My Beminde het Sy hand deur die **deuropening gesteek**; toe het My binneste oor Hom in beroering gekom; [2 Nikodémus 5:1]

5:5 Ek het opgestaan om vir My Beminde oop te maak, terwyl My hande drup van mirre en My vingers van vloeiende mirre op die handpalms van die **grendel**. [Wysheid van Sirah 24:15]

5:6 Ek het vir **My Beminde oopgemaak**, maar My Beminde het weggedraai, verbygegaan; My Siel het uitgegaan toe Hy gespreek het; Ek het na Hom gesoek, maar Hom nie gevind nie; Ek het na Hom geroep, maar Hy het My nie geantwoord nie. [2 Ezra 10:1, 48; Odes van Salomo 21:6]

5:7 Die wagte wat in die Stad rondgaan, het My aangetref; hulle het My geslaan, My gewond; die wagte by die mure het My mantel van My afgeneem.

5:8 Ek besweer julle, Dogters van Jerusalem, as julle My Beminde vind, wat sal julle Hom vertel? Dat Ek **krank is van liefde**.

5:9 [DIE DOGTERS:] Wat is U Beminde meer as 'n ander beminde, o skoonste onder die vroue - wat is U Beminde meer as 'n ander beminde, dat U Ons so besweer het?

5:10 [DIE VROU:] **My Beminde is skitterend wit en rooi, uitnemender as tienduisend.**

5:11 Sy hoof is soos erts van suiwer goud; Sy haarlokke is golwend, swart soos 'n raaf,

5:12 Sy oë soos duiwe by waterstrome, in melk gewas, sittend by 'n volle [bron].

5:13 Sy wange is soos balsembeddings, terrasbeddings

van geurige plante; Sy lippe is lelies wat van vloeiende mirre drup.

5:14 Sy hande is ronde stawe van goud, ingevul met chrisoliet, Sy liggaam 'n kunswerk van ivoor, bedek met saffierstene.

5:15 Sy bene is marmerpilare wat rus op voetstukke van fyn goud; Sy gestalte is soos die Libanon, uitgesoek soos die seders.

5:16 Sy verhemelte is pure soetheid, ja, Hy is geheel en al die lieflikheid self. **Hy is My Beminde en Hy is My vriend, Dogters van Jerusalem.**

6:1 [DIE DOGTERS:] WAAR het U Beminde heengegaan, o skoonste onder die vroue? Waarheen het U Beminde Hom gewend, dat Ons Hom saam met U kan soek?

6:2 [DIE VROU:] My Beminde het afgeloop na Sy Tuin, na die balsembeddings om Hom te vermaak in **die tuine en om lelies te versamel**.

6:3 **Ek is My Beminde s'n, en My Beminde is Myne - Hy wat Herder is onder die lelies.**

6:4 [DIE MAN:] Mooi is U, My vriendin, soos Tirsas, **lieflik soos Jerusalem**, verskriklik soos slagordes met vaandels. [Númeri 27:1]

6:5 Draai U oë van My af weg, want hulle verskrik My; U hare is soos 'n kudde bokke wat van Gilead afgolf.

6:6 U tande is soos 'n kudde skaapooie wat van die drinkplek af opkom, wat almal tweeling het, en geeneen onder hulle is sonder lam nie.

6:7 U slape is soos 'n granaatskyf deur U sluier heen.

6:8 Daar is sestig koninginne en tagtig byvroue en maagde sonder getal. [Spreek van Salomo 9:3]

6:9 **Een, dié is My Duif, My rasegte, die enigste vir Haar Moeder; Sy is die Uitverkorene vir die Een wat Haar gebaar het.** [Psalm 45:14; Profesie van Barug 4]
[OOR HAAR BEWONDERAARS:] **Die Dogters het Haar gesien en Haar geseënd geprys, die koninginne en die byvroue, en Haar geroem:**

6:10 Wie is dit wat daar opkom soos die dagbreek, mooi soos die maan, helder soos die son, verskriklik soos slagordes met vaandels?

6:11 [DIE MAN:] Ek het afgeloop na die neutetuin om te kyk na die uitspruitsels in die dal, om te kyk of die Wingerdstok uitloop, die grante blom.

6:12 Voordat Ek dit geweet het, het My Siel My verplaas op die waens van My edele volk.

6:13 **Kom terug, kom terug; Sulamitiese**, kom terug, kom terug, dat Ons U kan aansien. Wat sien julle aan die Sulamitiese? Iets soos die koordans in die soldatekamp.

9 November 2019 - Lesing 42 - Die Vroulikheid IN die Godheid/Elohim

21.9Kom hierheen, ek sal jou **die Bruid toon, die Vrou van die Lam.**

21:10 En hy het my in die gees weggevoer op 'n groot en hoë berg en my die **groot Stad** getoon, die **Aparte Jerusalem**, wat uit die Hemele van Elohim **neerdaal**;

Gal 4:26 Maar **Jerusalem** daarbo is vry; en **Sy is die Moeder van ons almal.**

Gal 4:27 Want daar is geskrywe: Verbly jou, onvrugbare wat nie baar nie; breek uit en roep, jy wat geen barensnood het nie, **want die kinders van die eensame is meer as van haar wat 'n man het.**

Hooglied van Salomo

7:1 [DIE MAN:] HOE mooi is U skrede in die skoene, o edele Dogter! Die golwende lyne van U heupe is soos halssierade, 'n werk van kunstenaarshande.

7:2 U nawel is 'n ronde kom - laat die gemengde wyn nie ontbreek nie. U liggaam is 'n hoop koring, omring deur lilies.

7:3 U twee borste is soos twee lammers, tweeling van 'n gemsbok. [Hoséa 2:2]

7:4 U hals is soos 'n ivoortoring, U oë vywers in Hesbon by die Poort Bat-Rabbim; U neus soos die Toring van die Líbanon wat na Damaskus toe uitkyk.

7:5 [DIE VROU:] U hoof op U is soos die Karmel, en die golwende hare van U hoof soos purper - 'n Koning gevang in haarlokke!

7:6 Hoe mooi en hoe lieflik is U, o liefde, onder al die genietinge!

7:7 [DIE MAN:] U hoë gestalte daar lyk soos 'n dadelpalm, en U borste soos vrugtetrosse.

7:8 Ek het gedink: Laat Ek op die dadelpalm klim, laat Ek Haar trosse gryp; en laat U borste tog wees soos trosse van die Wingerdstok, en die aroma van U asem soos dié van appels, [Hoséa 2:2]

7:9 en U verhemelte soos die suiwerste wyn wat vir My Beminde saggies na binne gly, en oor die lippe vloei en laat die wat slaap, praat.

7:10 [DIE VROU:] Ek is My Beminde s'n, en Sy begeerte is na My.

7:11 Kom, My Beminde, laat Ons uitgaan in die veld, laat Ons in die dorpe vernag.

7:12 Laat Ons vroeg na die Wingerde gaan, laat Ons sien of die Wingerdstok uitloop, die druiwebloei oopgaan, die granate blom. Daar sal Ek U My liefde gee. [JeshaJaH 18:5]

7:13 Die liefdesappels gee aroma, en by Ons deure is allerhande kostelike vrugte, vars en oud; o My Beminde, dit het Ek vir U weggebêre. [Odes van Salomo 28:2]

borste van My Moeder drink! As Ek U daar buite vind, Ek sou U kus; en tog sou hulle My nie verag nie.

8:2 Ek sou U lei, Ek sou U bring in die Huis van My Moeder; Sy sou My leer; Ek sou U laat drink van die gekruide wyn, en van My soet wyn van granaat.

8:3 Laat Sy linkerarm onder My hoof wees en Sy regterarm My omhels.

8:4 Ek besweer julle, Dogters van Jerusalem: Waarom wil julle wakker maak en waarom wil julle opwek die liefde voordat dit die [liefde] behaag?

8:5 [DIE DOGTERS:] Wie is dit wat daar opkom uit die wildernis, wat leun op Haar Beminde? [Openbaring 12:1] [DIE VROU:] Onder die appelboom het Ek U opgerig. Daar was U Moeder in barensweë oor U, daar was Sy in barensweë wat U voortgebring het.

8:6 Dra My soos 'n Seëling op U hart, soos 'n Seëling op U arm; want die liefde is kragtig soos die Dood, die liefdes-ywer is wreed soos die Doderyk/Sheol, haar gloed is 'n gloed van vuur, 'n vlam. [Wysheid van Sirah 17:22; Haggai 2:23]

8:7 Groot waters kan die liefde nie uitblus en riviere haar nie oorstroom nie; al gee 'n man ook al die goed van Sy huis vir die liefde, hulle sou Hom diep verag.

Final Advice

8:8 [DIE DOGTERS:] Ons het 'n klein sustertjie wat nog nie borste het nie; wat moet Ons met Ons suster maak dié dag as Sy gevra word?

8:9 As Sy 'n muur is, sal Ons 'n silwerrand op Haar bou, en as Sy 'n deur is, sal Ons Haar met 'n sederplank toeslaan.

8:10 [SUSTERTJIE:] Ek is 'n muur, en My borste soos torings: toe het Ek in Sy oë geword soos een wat Vrede vind.

8:11 Salomo het 'n Wingerd in Baäl-Hamon gehad; Hy het die Wingerd aan die oppassers oorgegee; elkeen moes vir Sy vrugte duisend [sikkels] silwer inbring.

8:12 My Wingerd, Myne, is hier voor My, die duisend [sikkels] is vir U, Salomo, en tweehonderd vir die wat Sy vrugte bewaak.

Son 8:13 [DIE MAN:] U wat in die tuine woon - vriende luister na U stem; laat My dit hoor.

8:14 [DIE VROU:] Vlug, My Beminde, en maak soos die gemsbok of die jong takbok op die balsemberge.

8:1 AG, was U maar vir My soos 'n broer wat aan die

Die Nuwe Bybel Hoofstuk 8

Die Sentrum van die NUWE JERUSALEM op Aarde / Die nuwe Heilige Alliansie van ELOHIM DIE MEESTER met SY ware kinders

22 Die **NUWE JERUSALEM** is die **HEILIGE DOEL VAN DIE SKEPPING** op hierdie Aarde van Verlossing, wat verleen word deur **MY LIEFDE, GENADE EN BARMHARTIGHEID**, die ware **HEILIGE BETEKENIS BINNE DIE HELE SKEPPING**.

23 Die **NUWE JERUSALEM** is op beide die geestelike en die aardse vlak die voleinding van **MY IDEE VAN VOLMAAKTHEID** op hierdie ster van verlossing aangaande die redding en terugkeer van almal wat eens van **MY Hemele** geval het.

24 Die **NUWE JERUSALEM** het reeds **binne-in MY, JULLE SKEPPER VAN HEMELE EN AARDE** 'n **geestelike werklikheid** bereik tot op die laaste jota, en, op die regte tyd van volwassenheid, soos alles in **MY skepping**, sal dit 'n **HEILIGE WAARHEID** word vir almal wat van **MY** uitgegaan het of wat nog steeds moet gaan.

25 Dit is dus sinneloos om hierdie werklikheid van die **NUWE JERUSALEM** te ontken en geen wêreldse mag kan verhoed dat sy vorm aanneem nie. Wie ookal so 'n poging sal aanwend, sal onmiddellik onder die invloed kom van die Ewige **WET VAN SONDE EN VERSOENING** versus **MY HEILIGE GEES**.

26 Die **NUWE JERUSALEM** het vandag niks meer in gemeen met die ou Jerusalem in Palestina nie, ondanks die aanvanklike bestemming van die Bybelse Jerusalem om die kern en die **SPIL VAN MY HEILIGE WIL vir hierdie Aarde** te word; **MY "uitverkore volk"** het hierdie Genade vir ewig verbeur deur **MY, HUL OU TESTAMENTIESE WARE ELOHIM, JAHWEH EN SKEPPER VAN EWIGHEID TOT EWIGHEID, HUL MESSIAS IN JAHSHUA DIE GESALFDE op die kruis van Golgota vas te spyker, en het deur hierdie blinde daad die SONDE VAN ALLE SONDES TEEN MY HEILIGE GEES gepleeg**, en het hul verlossing uitgestel tot die laaste dag van **GENADE** vir alle gevalle geeste van **MY KONINKRYK**.

27 Die **NUWE JERUSALM** van hierdie tyd sal altyd sy hoof spilpunt hê waar **EK JAHWEH** is **IN MY HART SE OERGRONDPOOL VAN EWIGE LIEFDE op die EWIGE ROTS VAN MY HEILIGE GEES**.

28 Trouens, die **NUWE JERUSALEM** is deur **MY LIGSIRKEL VAN HEMELE EN AARDE** in hierdie sluitingstyd van verlossing **MY GEESTELIK VOLMAAKTE AKSIESFEER** vir hierdie Aarde en al sy mensekinders, en hulle sal **MY HEILIGE DOEL VAN SKEPPING** wat aan hierdie ster toegeken is, besef.

29 En hierdie **NUWE BYBEL** is alreeds **DIE HEILIGE BOEK VAN BOEKE**

vir

Die NUWE JERUSALEM!

30 Dit is dus duidelik dat

MY HEILIGE OPENBARINGS

met hul **HEILIGE GEBOOIE** slegs

DIE WET VIR DIE NUWE JERUSALEM is!

31 En net soos **EK JAHWEH** eens 'n verbond gesluit het as die **ELOHIM VAN ISRAEL** met **MY** uitverkore volk - deur sy grootste profeet **Moses** - 'n **HEILIGE VERBOND** onder **MY HEILIGE WETTE**, sal **EK JAHWEH** dit ook sluit met alle mensekinders van hierdie Aarde, deur **DIE WET VAN MY NUWE BYBEL**, wat **WARE KINDERS VAN MY LIEFDE** wil wees,

'N HEILIGE VERBOND

IN MY LIGSIRKEL VAN HEMELE EN AARDE

en skep sodoende

die onverganklike **fondament van die**

NUWE JERUSALEM

op die Aarde!

32 Dit beteken dat **EK JAHWEH**, deur hierdie **HEILIGE VERBOND** in **MY LIGSIRKEL VAN HEMELE EN AARDE**, 'n einde sal maak aan hierdie tydperk van duisternis van **MY Teenpool**, deur die totstandkoming van die **NUWE JERUSALEM**.

33 Die koms van die **NUWE JERUSALEM op Aarde** sal die magte van die duisternis laat verdwyn.

Heb 8:8 Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek JaHWeH, dat Ek met 1]die huis van JisraEl en 2]die huis van JeHûWdah 'n Nuwe Verbond sal sluit, [JirmeJaH 31:31]

Die Nuwe Bybel Bls 252:

Die NUWE JERUSALEM, belangrike Skema van orde volgens die Openbaring / SIN van 12 x 12 = 144

113 **EK JAHWEH** gaan julle nou aan **MY HEILIGE HAND** neem om julle deur die volgende verse van die openbaring te lei wat **EK** eens deur **MY GENADE** aan **MY Johannes** gegee het. Julle sal in die volgende vers sien dat die **getal "12"** 'n belangrike rol speel, sowel as die vermenigvuldiging met sy eie waarde: **12 x 12 = 144**.

12 "En dit het 'n groot en hoë muur met twaalf poorte gehad, en by die poorte twaalf engele, en name daarop geskrywe, naamlik dié van die twaalf stamme van die kinders van Israel.

.....

114 Soos julle kan sien, is die **getal "12"** herhalend in die **NUWE JERUSALEM** en die mate van die mure is gelyk aan 'n man of 'n engel s'n, naamlik **honderd-vier-veertig el**; "12" was ook die getal van die stamme van Israel en van **MY Apostels**, wie se name op die mure

aangegee word en "12" was die getal van die poorte en engele daarop.

115 Maar jy mag vra, waar is daar enige verwysing in hierdie NUWE JERUSALEM **na "7"**, die getal van MY **HEILIGE OEREIENSKAPPE**?

116 Inderdaad is die heilige "7" ook sigbaar en waarneembaar in die NUWE JERUSALEM. EK gaan dit vir julle ontsyfer.

117 Laat ons vir MY, ELOHIM DIE MEESTER, plaas as die syfer van alle syfers, as die ewig heilige, vernaamste en rangskikkende nommer "**een**" in die middel en laat ons MY ses oorblywende Oereienskappe egalig versprei op **die simboliese teken van MY HEILIGE GEES, die sirkel**. So is ons oë op 'n omtrek wat eweredig verdeel is in die gewone orde van MY EWIGE LIEFDE, die syfer "1" deur **die ses oorblywende Oereienskappe van MY**. Dit kan gevisualiseer word **deur 'n sirkel by sy radius in ses gelyke omtreksgedeeltes te verdeel**.


118 Laat ons dan vir MY as die getal "Een" verbind met die ander ses rangskikkende gehaltepunte, eerstens op so 'n wyse dat die punte wat ooreenstem met **ewe getalle**, dan dié wat ooreenstem met **onewe getalle**, aan mekaar te koppel; so verkry ons **twee gelyksydige driehoeke gerangskik rondom MY**, die sentrale punt, wat die simbool vorm van **daardie ster**, wat MY "uitverkore volk" eens as 'n simbool van MY HEILIGHEID - HUL ELOHIM JAHWEH geneem het. As ons nou 'n tweede

sirkel rondom die syfer "Een" trek, MY sentrale punt, met 'n radius wat die interseksiepunte van beide die gelyksydige driehoeke sal verbind, kry ons 'n **binnekring** met die ses rangskikkende punte **van MY ses Oereienskappe wat georden word deur die getal "Een"**.

119 Ons het dus een van die vernaamste toonaangewende sleutelposisies van MY HEILIGE GEES geopenbaar wat in elke gees van krag moet wees, naamlik dat die **innerlike self** in volmaakte orde moet straal deur die buitekant, terwyl die buitenste self die innerlike self moet **weerspieël**, sover as wat 'n gees in volmaakte harmonie moet leef en optree. Dit raak aan die raaisel van die getal "12", wat **die volmaakte uitdrukking van die totale orde van enige gees en sy werke moet wees**, indien hy dit ten doel het om vir ewig binne-in MY HEILIGE ORDE te leef.

120 Hou hierdie ontsyferde skets van MY BINNESTE EN DIE BUITENSTE ORDE in gedagte, terwyl julle dit oorweeg dat hierdie simbool nie geneem kan word as 'n ideologie van MY "uitverkore volk" nie, maar dat dit eerder die **HEILIGE SKEMA VAN ORDE VAN JULLE ELOHIM, MEESTER EN SKEPPER VAN HEMELE EN AARDE is**, wat julle oral in werking behoort te stel!

Die NUWE JERUSALEM,



1 Samuel 25

1Sa 25:1 **EN ShemuEl het gesterwe**, en die hele JisraEl het saamgekom en oor hom gerouklaag en hom begrawe in sy huis in Rama. En **Dawid** het hom klaargemaak en afgetrek na die **wildernis Paran**.

1Sa 25:2 En daar was **'n man in Maon** wat sy boerdery in Karmel gehad het, en die man was baie vermoënd: hy het drieduisend skape en duisend bokke gehad, en hy was **besig om sy skape te skeer** in Karmel.

1Sa 25:3 En die naam van die man was **Nabal** (beteken **DWAAS**), en die naam van sy vrou **Abígail** (beteken **MY VADER SE VREUGDE**); en die vrou het **suiwer insig** gehad en was **lig van gestalte**; maar die man was **grof en boosaardig, en hy was 'n Kalebiet**.

1Sa 25:4 Toe Dawid in die wildernis hoor dat Nabal sy skape skeer,

1Sa 25:5 stuur Dawid **tien jongmanne**, en Dawid sê aan die jongmanne: Trek op na Karmel en gaan by Nabal in en vra hom in my naam na die welstand;

1Sa 25:6 en so moet julle aan die welvarende sê: Mag dit goed gaan met u sowel as met u huis, en goed gaan met alles wat u besit.

1Sa 25:7 En nou, ek het gehoor dat u **skeerders** het; nou ja, u wagers was met ons saam; ons het hulle nie beledig nie, en hulle het ook niks vermis al die dae wat hulle in Karmel was nie.

1Sa 25:8 Vra u dienaars, en hulle sal u dit te kenne gee; laat dus die jongmanne guns vind in u oë, want ons het op 'n vrolike dag gekom; gee tog wat u byderhand het aan u dienaars en aan u seun Dawid.

1Sa 25:9 Toe het die jongmanne van Dawid gekom en met Nabal in naam van Dawid volgens al hierdie woorde gespreek en verder afgewag.

1Sa 25:10 Maar Nabal het die dienaars van Dawid geantwoord en gesê: **Wie is Dawid? En wie is die seun van Isai? Daar is vandag baie dienaars wat hulle losskeur, elkeen van sy meester af.**

1Sa 25:11 Sou ek dan **my brood en my water en my slagdiere** wat ek vir **my skeerders** geslag het, neem en aan manne gee van wie ek nie weet waar hulle vandaan kom nie?

1Sa 25:12 Daarop het die jongmanne van Dawid omgedraai op hulle pad, hulle het teruggekeer en aangekom en hom berig gebring volgens al hierdie woorde.

1Sa 25:13 Toe sê Dawid aan sy manne: **Gord julle elkeen sy swaard aan!** Hulle gord toe elkeen sy swaard aan - Dawid het ook sy swaard aange Gord - en hulle trek agter Dawid op, omtrent vierhonderd man, terwyl tweehonderd by die pakgoed bly.

1Sa 25:14 Maar aan **Abígail**, die vrou van Nabal, het een van die jongmanne berig gebring en gesê: Kyk,

Dawid het boodskappers uit die wildernis gestuur om ons meester te begroet, maar hy het teen hulle uitgevaar.

1Sa 25:15 Tog **was die manne vir ons baie goed**; ook is ons nie beledig nie, en ons het niks vermis al die dae wat ons saam met hulle rondgetrek het toe ons in die veld was nie.

1Sa 25:16 **Hulle was 'n muur om ons**, snags sowel as bedags, al die dae wat ons die skape by hulle opgepas het.

1Sa 25:17 En nou moet u self ondersoek en kyk wat u moet doen; want die teëspoed is vas besluit oor ons meester en oor sy hele huis; maar hy self is so 'n **seun van Belijaal (boosheid)** dat jy nie met hom kan praat nie.

1Sa 25:18 Toe het Abígail gou tweehonderd **brode** geneem en twee sakke **wyn** en vyf toebereide **skape** en vyf mate **gebraaide koring** en honderd **rosynekoeko** en tweehonderd **vyekoeko** en dit op **esels** gesit.

1Sa 25:19 En sy het aan haar jongmanne gesê: Trek voor my aangesig uit; kyk, ek kom dadelik agter julle aan. Maar aan haar man Nabal het sy niks te kenne gegee nie.

1Sa 25:20 **En terwyl sy op die esel ry** en in 'n kloof van die berg afdaal, kom Dawid en sy manne meteens af haar tegemoet, sodat sy hulle teëgekom het.

1Sa 25:21 Dawid het al gedink: Net verniet het ek alles wat aan hierdie man behoort, in die wildernis beskerm, sodat daar nooit iets van sy goed vermis is nie; en **hy vergeld my boos vir goed**.

1Sa 25:22 Mag Elohim so aan die vyande van Dawid doen en so daaraan toedoen, as ek van almal wat aan hom behoort, tot die môre nie een laat oorbly wat urineer teen die muur nie.

1Sa 25:23 Toe Abígail Dawid sien, het sy gou van die esel afgeklim en voor Dawid **op haar aangesig neergeval en na die Aarde toe gebuig**.

1Sa 25:24 En sy het voor sy voete neergeval en gesê: **Op my, my meester, rus die skuld**, maar laat u dienaars tog voor u ore mag spreek, en luister na die woorde van u dienaars.

1Sa 25:25 My meester moet hom tog nie steur aan daardie man van Belijaal, aan Nabal nie; want soos sy naam is, so is hy; **sy naam beteken dwaas**, en dwaasheid is by hom. Maar wat my betref, u dienaars het my meester se jongmanne wat u gestuur het, nie gesien nie.

1Sa 25:26 En nou, my meester, so waar as JaHWeH leef en u siel leef, dit is JaHWeH wat u teruggehou het om in bloedschuld te raak en u met eie hand te help; mag dan nou u vyande en die wat boosheid soek teen

my meester, soos Nabal word.

1Sa 25:27 En laat nou **hierdie geskenk** wat u dienaars vir my meester gebring het, aan die jongmanne gegee word wat op my meester se voetspore rondtrek.

1Sa 25:28 Vergeef tog die oortreding van u dienaars, want **JaHWeH sal sekerlik vir my meester 'n bestendige huis stig, omdat my meester die oorloë van JaHWeH voer en in u dae in u geen besoedeling gevind is nie.**

1Sa 25:29 As 'n adamiet opstaan om u te agtervolg en u siel te soek, mag die siel van my meester dan saamgebind wees in die bondeltjie van die lewendes by JaHWeH jou Elohey; maar mag Hy die siel van u vyande uit die holte van die slinger wegslinger.

1Sa 25:30 En as JaHWeH aan my meester sal doen volgens al die goeie wat Hy aan u beloof het, en u aanstel as vors oor JisraEl,

1Sa 25:31 dan sal daar vir u geen struikelblok en vir my meester geen gewetenswroeging wees dat u sonder oorsaak bloed vergiet het en my meester homself hulp verskaf het nie; en as JaHWeH goed sal doen aan my meester, **moet u aan u dienaars dink.**

1Sa 25:32 Toe sê Dawid vir Abígail: Geseënd is JaHWeH, die Elohey van JisraEl, wat jou vandag my tegemoet gestuur het!

1Sa 25:33 En geseënd jou **verstandigheid** en geseënd jy self wat my vandag teëgehou het om in bloedskuld te raak en my met eie hand te help.

1Sa 25:34 Maar so waar as JaHWeH, die Elohey van JisraEl, leef wat my verhinder het om aan jou kwaad te doen - **as jy my nie gou tegemoetgekom het nie**, voorwaar, daar sou van Nabal niemand wat urineer teen die muur, tot die môrelik oorgebly het nie!

1Sa 25:35 **En Dawid het uit haar hand aangeneem wat sy vir hom gebring het, en vir haar gesê: Gaan op in vrede na jou huis! Kyk, ek het na jou geluister en jou in guns aangeneem.**

1Sa 25:36 Toe Abígail by Nabal kom, het hy juis 'n maaltyd in sy huis aangerig soos die maaltyd van 'n koning; en Nabal se hart was vrolik in hom, en hy was baie dronk; daarom het sy hom niks, klein of groot, meegedeel totdat dit die môre lig word nie.

1Sa 25:37 Maar die môre vroeg toe die wyn Nabal verlaat het, deel sy vrou hom dié dinge mee. **Daarop het sy hart in sy binneste gesterwe en was hy soos 'n klip.**

1Sa 25:38 **En ná omtrent tien dae het JaHWeH Nabal getref, sodat hy gesterf het.**

1Sa 25:39 Toe Dawid hoor dat Nabal dood was, sê hy: Geseënd is JaHWeH wat die Regsaak in die smaad my aangedoen, teen Nabal verdedig het en Sy kneg teruggehou het van die kwaad, terwyl JaHWeH die kwaad van Nabal **op sy eie hoof laat neerkom het.** En **Dawid het by Abígail aansoek laat doen om haar vir**

hom as vrou te neem.

1Sa 25:40 Toe het die dienaars van Dawid by Abígail gekom in Karmel en met haar gespreek en gesê: Dawid stuur ons na u om u vir hom as vrou te neem.

1Sa 25:41 En sy het opgestaan en met haar aangesig na die Aarde gebuig en gesê: **Hier is u dienaars as slavin om die voete van my meester se dienaars te was.**

1Sa 25:42 Abígail maak toe gou klaar, **en sy het op die esel gery met haar vyf diensmeisies wat op haar voetspoor volg**, en agter die boodskappers van Dawid aangegaan. En sy het sy vrou geword.

Luka 4

Luk 4:24 En Hy sê: Voorwaar Ek sê vir julle, **geen Profeet is aangenaam in sy vaderland nie.**

Luk 4:25 Maar Ek sê vir julle met **Waarheid**, daar was baie weduwees in JisraEl in die dae van EliJaHûW toe die Hemele toegesluit was drie jaar en ses maande lank, toe daar 'n groot hongersnood gekom het in die hele Aarde, [1 Konings 17:1]

Luk 4:26 **en na nie een van hulle is EliJaHûW gestuur nie, behalwe na Sarfat in Sidon, na 'n weduwee.**

Luk 4:27 En daar was **baie melaatses** in JisraEl in die tyd van Elíshua, die Profeet, en nie een van hulle is gesuiwer nie, behalwe **Naáman, die Síriër.**

Luk 4:28 En almal in die vergadering is **met woede vervul** toe hulle dit hoor;

1Konings 17

1 EN EliJaHûW, die vreemdeling, uit Tisbiet in Gílead, h1et vir Agab gesê: So waar as JaHWeH, die Elohey van JisraEl, leef, voor Wie se Aangesig ek staan, daar sal geen dou of reën in hierdie jare wees nie, behalwe op my woord! [Openbaring 11:6]

17:2 Toe kom die Woord van JaHWeH tot hom en sê:

17:3 Gaan hiervandaan weg en draai jou na die ooste toe en steek jou weg by die spruit Krit wat oos van die Jordaán is;

17:4 en jy moet uit die spruit drink, en Ek het aan die kraaie bevel gegee om jou daar te onderhou.

17:5 En hy het gegaan en gehandel volgens die Woord van JaHWeH: hy het gaan bly by die spruit Krit wat oos van die Jordaán is.

17:6 En die kraaie het vir hom smôrens brood en vleis gebring, en saans brood en vleis, en hy het uit die spruit gedrink.

17:7 Maar ná verloop van tyd het die spruit opgedroog, want daar was geen reën in die Aarde nie.

17:8 Toe kom die Woord van JaHWeH tot hom en sê:

17:9 Maak jou klaar, gaan na Sarfat wat by Sidon is, en bly daar; kyk, daar het Ek aan 'n weduwee bevel gegee om jou te onderhou.

17:10 Daarop het hy hom gereed gemaak en na Sarfat gegaan; en toe hy by die ingang van die stad kom, was 'n weduwee juis besig om daar houtjies bymekaar te maak. En hy roep haar en sê: Gaan haal tog vir my 'n bietjie water in die kan, dat ek kan drink.

17:11 Terwyl sy loop om dit te gaan haal, roep hy na haar en sê: Bring tog vir my 'n stukkie brood saam.

17:12 Maar sy antwoord: So waar as JaHWeH, u Elohey leef, ek het nie 'n broodkoek nie, net maar 'n handpalm gevul met meel in die pot en 'n bietjie olie in die kruik; en hier maak ek nou 'n paar houtjies bymekaar; dan gaan ek en maak dit vir my en my seun klaar, dat ons dit kan eet en sterwe.

17:13 En EliJaHûW sê vir haar: Wees nie bevrees nie, gaan heen, doen volgens jou woord; maar maak eers daarvan vir my 'n broodkoekie en bring dit uit vir my; daarna kan jy vir jôu en jou seun iets klaarmaak.

17:14 Want so sê JaHWeH, die Elohey van JisraEl: Die meel in die pot sal nie opraak en die olie in die kruik sal nie minder word nie, tot op die dag dat JaHWeH reën op die aangesig van die Adamah[adamiet se Aarde] sal gee.

17:15 En sy het gegaan en gehandel volgens die woord van EliJaHûW; en sy het geëet - sy en hy en haar gesin dae lank:

17:16 die meel in die pot het nie opgeraak en die olie in die kruik nie minder geword nie, volgens die Woord van JaHWeH wat Hy deur die diens van EliJaHûW gespreek het.

17:17 Ná hierdie dinge het die seun van die vrou, die eienares van die huis, siek geword; en sy siekte was baie ernstig, totdat daar geen asem meer in hom oorgebly het nie.

17:18 Toe sê sy vir EliJaHûW: Wat het ek met u te doen, man van die Elohim! U het na my gekom om my ongeregtheid in gedagtenis te bring en my seun dood te maak!

17:19 Maar hy antwoord haar: Gee jou seun vir my. En hy het hom van haar skoot af geneem en hom opgedra na die bo-kamer waar hy self gewoon het, en hom op sy bed neergelê;

17:20 en hy het JaHWeH aangeroep en gesê: JaHWeH my Elohey, het U selfs oor die weduwee by wie ek as vreemdeling vertoef, 'n straf gebring deur haar seun te laat sterwe? [MattithJaHûW 17:12]

17:21 Daarop het hy hom drie maal uitgestrek oor die kind en JaHWeH aangeroep en gesê: JaHWeH my Elohey, laat die siel van hierdie kind tog in hom terugkeer. [MattithJaHûW 17:11]

17:22 En JaHWeH het EliJaHûW verhoor; en die siel van die kind het in hom teruggekeer, sodat hy weer lewendig geword het.

17:23 Daarop neem EliJaHûW die kind en bring hom af uit die bo-kamer in die huis en gee hom aan sy moeder; en EliJaHûW sê: Kyk, jou seun lewe!

17:24 En die vrou sê vir EliJaHûW: Nou weet ek dit dat u 'n man van Elohim is en dat die Woord van JaHWeH in u mond Waarheid is.